


# TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE



JAARGANG 2    NOMMER 3







*Tydskrif  
vir Letterkunde*

KWARTAALBLAD VAN  
DIE AFRIKAANSE SKRYWERSKRING

*Redakteur:*

C. M. VAN DEN HEEVER

*Letterkundige Adviseurs:*

D. F. Malherbe, H. A. Fagan, P. C. Schoonees,  
F. J. Eybers en W. A. de Klerk.

JOHANNESBURG

1952

SEPTEMBER 1952

JAARGANG 2 : NOMMER 3

Intekengeld: 15/- (posvry)

Los nommers in die handel: 5/- per eksemplaar

*Uitgegee deur*

Die Afrikaanse Skrywerskring

*Administrasie:*

Professor Abel Coetzee, Posbus 1176, Johannesburg

# Inhoud

WILLEM VAN DER BERG†, Charl Engelbrecht .....	5
UIT FAUST, D. F. Malherbe .....	10
BROER LUIKES SE VERGISSING, H. S. van Blerk .....	13
H. S. VAN BLERK AS PROSASKRYWER, B. Kok .....	24
GEDIGTE, S. J. Pretorius .....	30
'N ANDER KITAAR, Jan Sebastian Rabie .....	31
GEDIGTE, Elizabeth C. M. du Toit .....	43
DIE TERUGKEER VAN DIE VERLORE SEUN, André Gide (Uit die Frans vertaal deur Marius Valkhoff) .....	46
GEDIGTE, H. W. Venter .....	62
HOLLANDS-AFRIKAANSE EX LIBRIS IN DIE AFRICANA- MUSEUM, Anna H. Smith .....	64
GEDIGTE, A. J. J. Visser .....	68
WAT IS KUNS? P. V. Pistorius .....	70
HY SAL TERUGKOM, J. J. Brits .....	80
GEDIGTE, Carl van Heerden .....	85
SKYN BEDRIEG, Herte van Dyk .....	87
BOEKBESPREKING .....	96
BESKOUINGS VAN ONS LESERS .....	100
UIT DIE TYDSKRIFTE .....	102
NUWE AFRIKAANSE BOEKE, P. J. Nienaber .....	105


*Afdrukke: Ex Libris —*

Eugène Nielen Marais

Johannes de Wet

J. H. Pierneef

André Huguenet



Digitized by the Internet Archive  
in 2017 with funding from  
University of Pretoria, Library Services



# Willem van der Berg†

CHARL ENGELBRECHT

„As ek al die gunstige dinge aanvaar wat oor my werk gesê is, dan moet ek glo dat ek meesterwerk gelewer het. Aanvaar ek die ongunstige dinge, dan het ek die ergste prulwerk gelewer wat moontlik is . . . ”

Hierdie opmerking het Willem van der Berg op 'n keer ontval. Dit was 'n opmerking in skertsende luim — wat stellig die spreekwoordelike greintjie waarheid bevat het. Onseker was die kritiek in verband met sy werk soms ongetwyfeld. Die rede moet wel te vind wees in die feit dat hy 'n nuwe geluid laat hoor het en terselfdertyd erken moes word as een van ons belangrikste jonger prosa-skrywers. Dat dit hom nie vergun is om tot volle kragsontplooiing te kom nie, doen hieraan seker nie af nie.

Self bĕsonder krities aangelê, ook wat betref eie werk, het hy selde of nooit sigbare reaksie op kritiek van buite vertoon; en sy hele houding het eerder gedui op geringskatting as oorskotting van sy gelewerde werk: Sy allerbeste sou hy immers nog lewer . . .

Oor die kritiek kon hy wel met aansienlike gesag meepraat. In sy laaie het hy 'n stapel versamelde gegewens en verwerkte beskouinge nagelaat oor die wese van 'n veelomvattende onderwerp. Dié onderwerp is juis die kritiek. Dit maak die meer-as-half-voltooide doktorsale proefskrif uit waarmee hy, onder toesig van o.a. prof. C. M. van den Heever, besig was.

Die versoek wat tot hierdie artikel van my aanleiding gegee het, beoog egter geen poging tot verdieping in kritiese aspekte — of reeds tot 'n „herwaardering”! — betreffende Willem van der Berg se werk nie. Dit beoog hoogstens 'n enigsins oorsigtelike opgawe, na aanleiding van die plotselinge oorlye van hierdie jong Afrikaanse letterkundige op 19 Junie 11.

Wat Willem van der Berg „swart op wit” gelewer het, is so omvangryk van aard dat dit in hierdie stadium selfs moeilik is om 'n geheelbeeld daarvan te gee — hoewel hy

pas ses jaar gelede vir publikasie begin skryf het, hom pas twee jaar gelede aan sy voltydse en veeleisende taak by die S.A.U.K. onttrek het en deur die jare heen byna voortdurend die liggaamlike kwellinge moes verduur van die siekte wat hom onverbiddelek grafwaarts gesleur het.

In sy dienstydperk by die S.A.U.K. het hy 'n ongetelde aantal oorspronklike programbydraes gelewer. Sedertdien het hy onder skuilname, en andersins, tal van ure oor die eter gevul. Sy vervolgreeks, „Die Koerantskrywers”, en sy bekende reeks letterkundige besprekinge, onder die titel „Swart op Wit”, het onderskeidelik meer as 100 episodes en praatjies beloop. Tussen-in was daar ook bydraes in die vorm van geleentheidsprogramme.

Vertalings het van sy tikmasjien gestroom, met inbegrip van die oorsettinge van die „Zane Grey”-serie, wat in hierdie verband egter alleen interessantheidshalwe genoem word.

'n Reeks opstelle is onder die opskrif, „Reën en Sonskyn”, van 1949 tot in 1951 eers weekliks en toe om die twee weke in *Die Huisgenoot* geplaas. Van sy essays is veertien saamgevat in die bundel wat die titel van een van hulle dra, *Die Asvaal Ou Karoo*.

Wat sy kortverhale betref, het in die loop van 'n paar jaar nagenoeg tagtig in verskillende tydskrifte verskyn. Sewentien is in boekvorm uitgegee onder die titel *Solitêrspel by Kerslig*; enkele kortverhale is ook in bloemlesings gebundel. Die meeste van hierdie groot getal oorspronklike skeppinge het Willem van der Berg tussen die jare 1946 en 1951 gelewer; dog dit is welig minder bekend dat hy hom as W. P. van der Berg ook in sy prille jeug 'n keer of wat aan hierdie prosavorm gewaag het. In 1934, toe hy 'n 18-jarige student in Bloemfontein was, het „Drie Geraamtes” in *Die Volksblad* verskyn, en in 1937 het in *Die Huisgenoot* verskyn: „Die ‚Rose-kavaliër’”, „Vlinderleed” en „Die Mooiste Maand”.

Afgesien van 'n hele aantal ligter, lang verhale, wat onder skuilname geskryf is, het hy sedert 1946 aan romans en nouvelles gelewer: *Reisigers na Nêrens*, *Tema en Variasies*, *Profeet in die Boland*, *Ruwe Ontwaking* en *Groen Oewers*.

Dit alles dien as aanduiding van die voorwaar indrukwekkende omvang van Willem van der Berg se skryfwerk oor 'n tydperk van pas vyf-ses jaar. Dit dui weliswaar ook op 'n veelskrywery — wat natuurlik om den brode onvermydelik was. Tog het Van der Berg die geluk gehad dat sy

ligter, swakker en soms afgeskepte werke meestal 'n vergelyking met ander werke in hul eie klas verdienstelik kon deurstaan.

Die betekenis van 'n kunstenaar word egter, in die woorde van prof. M. S. B. Kritzinger, nie deur sy swak werk bepaal nie, maar deur sy beste, al mag dit ook hoe min wees. Word hierdie maatstaf aanvaar, dan kan Van der Berg 'n heel besondere plek onder ons prosaskrywers toegewys word.

Sy eerste roman, *Reisigers na Nêrens*, is sy bekendste en word ook algemeen beskou as sy belangrikste. Hy het daarmee 'n opspraakwekkende debuut gemaak . . .

„Vir die meeste lesers van Afrikaans,” het een resensent geskryf, „sal hierdie roman 'n aangename of onaangename verrassing besorg, omdat dit so totaal wegbreek van ons gewone roman-tematologie . . .”

Dit gaan oor die lotgevalle van 'n groep verdwaalde stadsmense, wat intussen as tipes die bekendes van duisende lesers geword het — die verstandelik kragtige, hofflike maar verydelde Jacques, wat hom steeds weer vasdink en vasfilosofeer; die mooi maar losbandige Lucille; die huigelagtige Tromp met sy sinledige toesprake; die gawe maar hulpelose ou George, wat uitvlug soek in geselskap, drankies en musiek; die lieflike Elane wat tot self-uitwissing toe aan die waarde van die liefde bly glo; die rasionale dr. Steenkamp; die idealistiese maar bedroë Myburgh . . .

Dié mense het van hulle tradisionele ankers af weggedrywe. Die geloof in die ou waardes het hulle prysgegee, maar in die plek daarvan het hulle niks nuuts, niks standhoudends gevind nie:

„Ek weet nie,” sê Jacques. „Soos ek dit beskou, is ons almal eensame reisigers op 'n verlate pad wat nêrens heen lei nie — wat in 'n sirkel loop. Dié van ons wat nie halfpad beswyk nie, kom uit waar hulle begin het . . .”

Die werk besit, nieteenstaande gemotiveerde gebreke, soveel voortrefflike eienskappe — aldus dr. P. C. Schoonees in 'n beskouing — en dit styg so ver bo die eidelose reeks onbenullige verhaaltjies waarmee ons tans verveel word, dat die leser met 'n sug van verligting sal uitroep: Eindelijk tog weer 'n boek waaraan 'n mens iets het!

„Troosteloos, neerdrukkend, sonder ligpunt,” het sommige dit bevind. „Deur en deur sinies” was vir 'n ander die skrywer.

Teen sulke mistastinge getuig op sigself reeds die dieper boodskap van die berusting gevind deur Myburgh, wat in verslaenheid die geloof behou het en uiteindelik sy strew

bekroon sien wanneer hy die skoonheid van die toneel in diepe teue indrink op die familieplaas wat hy al swoegende teruggekoop het . . .

„Ek is gelukkig in my eensaamheid — omdat ek nie eensaam is nie,” sê hy. „God is goed, die aarde is mooi. Hy vergoed jou met liefde vir jou liefde, en as jy reg luister, hoor jy Sy stem, die stem van ’n vriend. Wie kan dan eensaam voel op sy reis deur die lewe met so ’n Reisgesel?”

Op die plaas waar die skepper daarvan nou in sy laaste rus verkeer, het hierdie eerste roman ontstaan — uit die tobrende gees van ’n skerpe waarnemer, gegésel deur slapeloosheid en hoofpyne waarvoor geen verligting te vind was selfs onder die sterrehemel van die Karoo-nag nie. In daardie weinige maar lange nagtelike ure is aan die siening van ’n lewensfaset op papier vorm en gestalte gegee. Dit is vervolgens deur die skrywer self in sy laai in Kaapstad weggebêre, totdat dit deur die bemoeiing van sy eggenote onder die aandag van ’n uitgewer gekom het. As besondere en belofteryke werk het dit opgang gemaak en ook die eerste en vername mylpaal gevorm van ’n nuwe skrywersloopbaan wat, helaas, te kort geblyk het.

*Reisigers na Nêrens* regverdig stellig in die omstandighede ’n herdruk ten volle.

Die daaropvolgende *Tema en Variasies* was in dieselfde trant, waarin die sleutelgedagte aangegee word deur een van die figure, wat sê:

„Gebondenheid, knegskap, slawerny is en bly by die laaste ontleding die hooftema van die menslike bestaan: en die lewe van elke individu is maar net ’n variasie op hierdie tema . . .”

Hierdie werk is meer krities ontvang, dog is in die breë ook verwelkom as nog ’n lewenskragtige bydrae tot ons letterkunde.

Ruimte ontbreek vir ’n nadere aanduiding van die aard van die heel belangrike drie novelles in *Profeet in die Boland*, waarvan die titelnovelle die verhaal weergee van ’n teringlyer by wie die aanvanklike doodsgedagte allengs vervang word deur die wil om te lewe.

In *Ruwe Ontwaking* is lichter lektuur gelewer teen die agtergrond van ’n politieke verkiesing.

In *Groen Oewers* beweeg die hooffiguur deur die dal van diepe skandes, totdat ’n ramp die inkeer bring.

Terwyl die hoofklem hier uiteraard op die bekendste uitgegewe boeke geval het, is dit nodig om besondere letterkundige aandag te vra vir Van der Berg se kortverhale en

essays. Die moontlikheid is nie uitgesluit dat hulle nog as inderdaad sy belangrikste bydraes gekenskets sal word nie.

Willem van der Berg het 'n groot voorliefde getoon vir die essay, wat hy in een van sy radio-beskouinge beskryf het as vir hom die „mooiste en aangenaamste” letterkundige vorm, ofskoon hy bewus is van die hoë eise wat dit stel. Dié wat in die bundel opgeneem is, weerspieël in Van der Berg se aangename skryftrant 'n frisse verskeidenheid van gesigspunte en stemminge — heimwee, skoonheidsontroering opstandigheid, benewens fyn spot wat veelal daarin slaag om nie te kwets nie.

Willem van der Berg se lewe het in sy 37e jaar ten einde geloop, toe 'n loopbaan van aansienlike prestasie reeds agter die rug was, dog een van groter belofte nog voorgelê het. Sinnebeeldig van sy vroeë heengaan terwyl hy nog vol arbeidslus was, is die nalatenskap van werk waarvan die voltooiing hom nie vergun was nie — die proefskrif waarmee hy besig was; bladsye met aantekeninge van ideë; 'n belowende skema vir 'n nuwe, ernstige roman by 'n uitgewer; die gedeeltelik voltooide resensie van 'n boek . . . daardie halfgetikte tweede bladsy van 'n artikel in sy tikmasjien toe die Laaste Vyand binnegesluip het . . .

Skrynend ironies doen naas dit alles aan die slot-versugting in sy essay *By die Herlees van Boeke*. Hy verwys na die eerste boek wat hy in sy lewe besit het, *Die Avonture van Klein Eendjie*, en sê:

„Ek bewaar hierdie boekie soos 'n juweel, want ek hoop dat, wanneer die laaste dag kom, ek nog die tyd sal hê om die genot van die herlees van baie boeke te kroon met 'n laaste lesing van my eerste boekie — 'n eenvoudige kinder-verhaaltjie waarvan die slot mooi is en waarin die verdwaalde eendjie veilig tuis kom . . .”

# D. F. Malherbe

## UIT FAUST

(Gretchen by die spinwiel)

My rus is weg,  
my hart is seer;  
ek vind dit nimmer  
en nimmermeer.

Waar ek hom mis,  
lyk alles dood,  
en bitter is dan  
my dag se brood.

My arme kop  
is dronk van druk,  
en my gemoed  
uiteen geruk.

My rus is weg,  
my hart is seer;  
ek vind dit nimmer  
en nimmermeer.

Na hom net kyk ek  
deur die venster heen;  
uit die huis uit gaan ek  
na hom alleen.

Sy edele gang,  
sy manneprag,  
sy mond se glimlag,  
sy oë se mag,

en o! sy woorde  
betower my,  
sy handdruk en  
sy soen daarby!

My rus is weg,  
my hart is seer;  
ek vind dit nimmer  
en nimmermeer.

My boesem smag  
na hom toe nou;  
ag kon 'k hom vat  
en hou en hou,

en soen aaneen  
in wilde waan,  
dat 'k met sy soene  
sou moet vergaan!

#### BY DIE STADSMUUR

*Gretchen, voor die Mariabeeld sit vars blomme in  
die kruike*

Ag blik tog neer op my,  
u het so soveel gely;  
blik neer genadig op my nood.

Swaard in die hart,  
met smart op smart,  
kyk u op na u Seun se dood.

Met oë gerig  
na hemelslig,  
klaag u om Hom en eie nood.

Wie voel  
hoe woel  
die pyn aaneen?

Hoé my hart is, o hoe bang,  
hoé dit sidder, hoe verlang,  
weét net u en u alleen.

Ek moet al meer verkwyn  
van pyn, van pyn, van pyn,  
wat brand in my!  
Ek is haas nooit alleen,  
ek ween en ween en ween,  
my hart vergaan van ly.

My trane val so warm  
op skerwe stuk aan stuk,  
toe ek vroeg in die môre  
vir u die blomme pluk.



Vroeg het die son al helder  
in op my bed geskyn,  
en my gevind allenig,  
in al my hartepyn.

Help! red my tog van smaad en dood!  
Ag blik tog neer op my;  
u het so veel gely;  
blik neer genadig op my nood!

*Gretchen in haar kamer. Sy sing terwyl sy haar  
ontklee.*

Daar was 'n koning in Tule,  
trou tot die dood was hy;  
hy het van sy sterwende bywyf  
'n goue beker gekry.

Sy hoogste skat waaruit  
by elke fuif hy moes drink;  
die oë het hy gesluit,  
wanneer hy daaruit drink.

En toe hy kom te sterwe,  
het hy sy stede gedenk,  
maar geen van sy erfgename  
die goue beker geskenk.

En sit hy by koningsmaaltyd,  
in die burg by die see berei,  
in die saal van ou geslagte,  
was die ridders rondom by.

Daar staan toe die oue drinker,  
drink laaste lewensgloed  
en gooi die heil'ge beker  
na onder in die vloed.

Hy sien dit val en drink,  
diep in die see in sink;  
hy het sy oë gesluit,  
geen druppel ooit weer gedrink.



# Broer Luikes se Vergissing

H. S. VAN BLERK

„Auk!” sê die ou baarddraer, skud sy kop en kla weer: „Auk! Tsi-tsi! Toe, Maerman, keer die osse aan,” beveel hy maar steur hom nie veel aan die osse wat deur die luidrugtige klonkies hoi gejaag word nie. 'n Jong kaffer het die rieme, sit een riem na die ander versigtig oor die gediensig-geboë koppe.

„Auk! Tsi-tsi!” Die ou baarddraer tuur daar ver, praat dan binnensmond.

„En, Kafuri, jy sê jy weet nie van 'n ystervarkgat daarbo by die rantjie nie?”

„Die ystergatvark daarbo by die rantjie? N-nee, Oubaas?”

„En ook nie van een hier onder langs die spruit nie.”

„Hu-uh!”

„En 'n springhaasgat?”

„Die spring se haasgat? Hu-uh, ek weet hom nie.”

„Nouja, ou Kafuri, as jy so loop in die veld en jy steek met jou kierie in die grond lat hy wegraak, moet jy my maar kom sê.”

„Nghu-u, soos hy wegraak die kierie? Ja, Oubaas.”

„En as jy 'n plek kry wat jy dink die grond is los, of waar dit lyk of iemand 'n gat gemaak het en hom weer toegegooi het, moet jy my kom sê, ou Kafuri. Ek soek so 'n gat.”

„Êwê, dan moet ek die Oubaas kom sê?”

So het oubaas Luikes al 'n paar dae gelede vir hom gesê; en dan somer 'n koers die veld ingesukkel, oral met sy ou olienhoutkierie gestamp en tussen die grasse gevroetel. En nou weet ou Kafuri nie of hy die regte ding gedoen het nie. Maar hy het na die Sarjen gegaan en daar vertel van sy oubaas se snaakse doen en late. En dit is alles oor daardie hond, mHlango. Hy kan sweer mHlango het die oubaas getoor, soos hy ook vir oorle oubaas Aderjan getoor het. En nou is mHlango weg — thu — skoonweg. Auk, die oubaas was so siek!

„Tsi-tsi, hai!” Kafuri klik met sy tong. Die arme oubaas! Nie dat baas Luikes so 'n goeie oubaas is nie, maar darem. Hulle moes maar almelee swaar werk, douvoordag opstaan,

werk tot laat en geld was daar glad nie. Net maar werk van lig tot donker sonder shiba by die pap. Maar nou — nee, hy kry die oubaas jammer. En die werk staan. Hulle ploeg ook nou maar oor ploeg ploeg is; want daar is niemand wat sê: „Maak so,” of „maak so,” nie.

Broer Luikes met sy swaar onderlyf, kort span en pikke-wynagtige lomp treetjies, dwaal al hier teen die rant bokant die spruit rond. Met sy olienhoutkierie voel-voel hy in die grond rond. Dan staan hy weer stil, meet die omgewing met sy verslae oë en slaan byna koersagtig haastig sommer 'n koers in, om weer vas te steek, met homself te beraadslaag en weer koers te vat, glad 'n ander rigting in.

Broer Luikes lyk gedaan, lyk soos 'n vervolgte. Sy ou hangsnor is onversorg. Sy swaar, ietwat patetiese gesig is bekommerd en sy oë is rooi met kringe om hulle van kommer en gebrek aan slaap. Hy gaan weer staan, dink diep, skiet dan soos uit 'n veer vorentoe, om aanstons baie verdiep voor sy voete met die kierie te soek.

Hy sien die swart motorkar wat aangery kom en naby hom tot stilstand kom, glad nie. Die insittendes klim uit en klap deure toe. Toe hulle al naby is, kyk broer Luikes soos 'n verskrikte eekhoring op en staan dan as versteend. Sy oë soek wild. Hy voel soos 'n dier wat vasgekeer word, sluksluk en wil vlug. Dan lag hy hees, 'n noodlottige lag en bly net so staan.

Die vier mans kom in effens verspreide vorm en op hulle hoede, nader. Dit is die plaaslike polisiesersant, 'n konstabel, die distrikgeneesheer en een van oom Luikes se bure.

„D-d-dag,” sê oom Luikes toe hulle naby hom kom.

Almal groet vriendelik. Dan sê die dokter: „Oom, ons wil hê Oom moet saam met ons kom. Daar is belangrike sake waarvoor ons moet gesels. Maar soek Oom iets?”

Broer Luikes blik hulle argwanend aan. Dan sug hy en blaflag ongelowig, om daarna gedwee saam met hulle na die motor te stap.

Dit is die einde, maar daar was ook 'n begin.

„Aderjan! Aderrjan!” Broer Aderjan sug terwyl hy lui omdraai. Dan sukkel hy sy lam armpie onder sy maer liggaam uit — die arm wat die luislang destyds uit sy potjie gedruk het. „Hê, Ou-oetie?” vra hy vaak-temerig.

„Die maan is al onder, Aderjan,” verwyf broer Luikes gegrief.

„Onder hê, Ou-oetie?” broer Aderjan sukkel swaar uit die bed.

„Moe' nou nie ole Hardus se krans vergeet nie,” maan broer Luikes. „En Aderjan . . . ” Broer Luikes vertel hom omslagtig wat hy alles moet doen. „Jy sê jy het al klaar die ou seeppot op die regte plek?”

„Die ou seeppot? Ja, Ou-oetie.”

„Die bars toegemissel?”

„Die bars toegemissel, Ou-oetie.”

„En gan water sal daarby kom nie?”

„Gan water sal daarby kom nie, Ou-oetie.”

„En gan kaffer het jou afgeloer nie? Jy weet die swartvelle is die derduiwel self agter geld.”

„Nee, dis reg, Ou-oetie.” Broer Aderjan lag bly. Hy het sy werk goed gedoen.

„Daar was toe gisteraand weer mis, Aderjan; hoe is dit vanaand?”

„Nee, dis maar wolkerag, Ou-oetie.”

„Die ene miswolke, nè?” sê broer Luikes ingenome. „Nou vat nou die trommeltjie en ole Hardus se krans; en lê nou die plat klip waarvan jy beduie het soos ek jou gesê het mooi dwarsoor die- die-e pot se bek en missel hom weer mit semint oor en toe — en Aderjan?”

„Ja, Ou-oetie?”

„Dan gooi jy weer grond bo oor en sit die sooie terug, net soos hulle was. Aderjan?”

„Hê, Ou-oetie?”

„Die grond wat oorbly, vat jy weg en saai, saai dit. Gan mens of gan kaffer moet kan dink daar is iets begrawe nie. Hoe maak die weer?”

„Nee, Ou-oetie, dit kan dalkies kom reent.”

„Maak tog gou, Aderjan en wees versigtig. Moenie ole Hardus se krans vergeet nie.”

Broer Luikes blik sy ou broer wat hink-hink stap van die luislang se omhelsing destyds, agterna en sien hoe hy agter die stompiekers in die vrykamer verdwyn. Hy hoor hoe die bakkop wat Aderjan 'n paar dae gelede gevang het, blaas toe hy die vertrek binnegaan. Hy kug amegtig toe hy vir Aderjan so lank hoor werskaf, maar dit is van skone duurteloosheid.

Dit is dink en bekommer en planne maak van die laaste maande al. Toe broer Luikes so siek begin word, het die baie geld in die huis hom begin bekommer. „Aderjan, wie sê nou 'n mens of 'n vervloekste kaffer kry dit nie in sy harsingspan om ons een nag te kom oorval nie en uit te moor? Vir ons geld, Aderjan. Geld is 'n vervloekste ding?”

Broer Aderjan het beaam en 'n bang lig het in sy flou

oë gekom. Van kindsbeen af het hy maar beaam wat sy ouboetie sê. Sy ouboetie was nog altyd die plannemaker, die kop; en hy was die hande wat die werk verrig het.

„Nee, ons moet dit uit die huis kry, in die nag begrawe as daar mis is of as dit reent en gan haan daarna kan kraai nie — en ole Hardus se krans ook, die is net so kosbaar,” het hy gesê en die hele plan uitgewerk waar hy hier vol pyne in die bed gelê het. Net die presiese bêreplek — hy kon nie aan ’n presiese bêreplek dink nie en broer Aderjan moes daarvoor sorg.

Wat vir broer Luikes veral gehinder het, was ole Hardus se krans. Daar was baie jare gelede ’n krisis in die geleedere van die gesin. Toe het broer Hardus nog gelewe en was hulle drie broers op Beskuitvlei. Hardus was verlief en verloof en wou met geweld gaan trou. Vir broer Luikes het die komende huwelik aan ’n katastrofe gegrens. „Ek gaan nie daarmee akkoord nie,” het hy vir broer Aderjan gesê. „Die man wil ons huis opbreek.” Maar met broer Hardus, hulle jongste broer, was daar nie te redeneer nie.

„Man, jy begewe jou in ’n ding. ’n Vroumens is ’n roes en ’n rinnewasie. Sy sal al jou bees en skape verkoop om vir haar mooi goed te koop. Sy sal vir jou uitroei en vir ons ook — dis wat ole Ma gesê het,” het broer Luikes betoog.

„Nie Raaitjie nie, Ouboet. Raaitjie is ’n spaarsamige mens. Raaitjie sal ’n man eerder bystaan en opwerk, Ouboet,” het Hardus op sy bedaarde, ernstige manier gesê.

„Gnh! Laat ek jou vertel; sy is ’n vroumens en vroumense is algar eenders — ’n rinnewasie. Vra hier vir Aderjan . . .”

Vir broer Luikes was dit die einde van alle dinge en hy het geen duurte of rus geken nie. Maar toe het die gevreesde griep gekom. Broer Luikes en Aderjan het die tyd nie naby ’n medemens gekom nie en byna pal in die huis geboer. Maar Hardus het snags gegaan om by siekes te waak. Toe het hulle die tyding gekry dat hy ook siek is. Twee dae later was hy ’n lyk.

Toe met die begrafnis het die spierwit krans van was gemaak en so sorgvuldig in ’n glaskom gehul, van Raaitjie gekom. Dit was ’n sonde, maar broer Luikes se eerste gedagte sommer daar by die graf, was: „Daar het jy dit nou!” Dit het hy ook later die aand toe hulle besluit het om die kosbare krans van die graf te haal en huis toe te bring voordat ’n kaffer dit steel, vir broer Aderjan gesê: „Sien jy Aderjan; so sou sy hom uitroei. Vandag is dit

'n krans. M<sup>ô</sup>re-oorm<sup>ô</sup>re is dit 'n duurder ding — en dan bankrot." Broer Aderjan het beaam.

Broer Aderjan kon sy hele lewe lank nie vir homself dink nie. En hy het die nuk gehad om kort-kort 'n gier te kry. Dan het broer Luikes sy werk gehad om sy wisselvallige broer weer tot sy sinne te bring. So was dit met Nelie Pertoors.

„Trou met Nelie! Sê jy Nelie, Aderjan! Tog nie ou Luiwillems Pertoors se Nelie nie!" Broer Luikes kon so aangedaan raak en dan uit die Bybel aanhaal. „Die Apostel sê tog uitdruklik dit is goed om te trou, maar baie beter om soos jy en ek te bly, Aderjan. En Nelie . . . ”

„Ja, maar hy het darem gesê dis goed, Ou-oetie en ek het gedink met ons twee so alleen op die plaas sal Nelie net die regte sorg . . . ” het Aderjan teengestribbel.

„Wat praa' jy, man! Nee, Aderjan, nie Nelie nie." Broer Luikes het sy hoof weemoedig geskud en met sy troefkaart gekom: „Aartjie na haar vaartjie; nee, Aderjan, Nelie sal soos haar ou vaar en haar ou ma wees. Haar ou ma steek haar op. Sy is agter ons besitting aan. Nee-nee, moe'nou nie stry nie; ek weet mos van beter." Broer Luikes kon swaar sug voordat hy gewigtig sê: „Ja, Aderjan, as jy 'n vrou kan kry soos ons ole ma! Maar waar sal jy dié kry. Daar was maar net een inkele een." Broer Luikes kon dit so dramaties sê en dan so swaar sug. En as broer Aderjan byna verdrietig sê: „Ja, Ou-oetie, nou praa' jy 'n waar woord," het hy geweet die stryd is gewonne.

Maar broer Aderjan het wisselvallig gebly. Toe die boere so begin vragwaentjies koop, het broer Aderjan ook begin lol. Hulle was juis besig om 'n trok loibas weg te stuur en moes elke oggend middernag inspan om darem weer laat namiddag tuis te wees. Die boere op hulle blink vragmotors het by hulle verby gesnor en wanneer hulle terug jaag, die ossespan nog steeds op die pad gekry. Daardie vinnige goedjies het broer Aderjan se mond laat water.

„Jy weet, Ou-oetie, as ons ook nou so 'n blink karretjie gehad het," het hy aan broer Luikes gepor.

„Jy's besimpeld, Aderjan. Hoe lank dink jy sal hy blink bly? En hoe lank dink jy sal hulle so rits voordat hulle met niks sit nie!" Broer Luikes was somer briesend.

Ander gedagtes het gekom. As hulle ook so 'n ryding het, is dit nie waffer tyd nie of die boere sê die Varkesons word ook nou spoggerig en het geld. „Ryk! Ryk, ga!" het broer Luikes hardop langs die span mowwe besluit.

Hy probeer juis met sy klagtes en armoedige houding



voorgee dat dit bitter swaar gaan. Want weet die mense jy het 'n ietsie, swerm al wat leef om jou. Dis geldleen om nooit aan die dag van terugbetaal te dink nie. Dis kollek vir die kerk, vir die Armesorg, vir die sending en die joos weet vir wie nog. Dan moet hy vir ou Luiwille en sy sleepsel sorg. Vir . . .

„Nee, ons leef ook maar net. Tye is so swaar en 'n boer kan maar nie sy kop bo water kry nie,” sê hy aan wie hom om sy welstand vra. „Ja, maar weer soos laasjaar, 'n misoes. Miswurms! So wat van lammers vrek aan kop-wurm; ek dag toe ek hou nie een oor nie! Sal gelukkig wees as ek vanjaar 'n kalf grootkry en nou het een van my beste koeie grootuier gevrek,” kon hy so lekker kla.

In werklikheid het dit baie goed gegaan. Met die fenomonale prys vir die vorige jaar se woloes, is hulle geld-trommeltjie geweldig gestyf — so gestyf dat hy bang word.

Broer Aderjan werskaf hoorbaar in die vrykamer en die bakkop in sy gaasdraadhok, blaas ontsteld. Dan kom hy hulle slaapkamer binne, die trommeltjie geld onder sy arm en ole Hardus se krans stewig in albei hande.

„Hoeveel is dit?” vra broer Luikes, meer uit gewoonte, want hy bly tog so sekuur met hulle besitting.

„So by die veertig rolle, Ou-oetie,” verskaf Aderjan informasie.

„En daar is vyftig in iedere rol?”

„En daar is vyftig in iedere rol, Ou-oetie.”

„Vyfpondnote?”

„Vyfpondnote, Ou-oetie.”

„Maak oop, la'k sien,” beveel broer Luikes en Aderjan peuter gehoorsaam met die groot sleutel in die swaar hangslot, nadat hy ole Hardus se krans versigtig op die bed neergesit het.

„Is jy nou seker geniemand het jou gesien nie; gan mens of kaffer nie?” vra broer Luikes weer en sy hande vroetel bewerig aan die baie rolle note.

„Geniemand en gan kaffer nie, Ou-oetie,” verseker broer Aderjan hom.

„Moe' nou nie die krans laat val nie.”

„Hu-uh, Ou-oetie.”

„Nouja, toe — toe tog nou, Aderjan; netnou is dit lig,” skrobeer broer Luikes, maar skree dan weer: „Aderjan! Aderjan!” Broer Aderjan verskyn en nou moet hy eers vir broer Luikes beduie waar presies hy die geld gaan begrawe.

„Is dit nou naby die skurwe rantjie?”

„Naby, maar nie te naby nie, Ou-oetie,” verstrekk broer

Aderjan vaag informasie.

„Is daar 'n boom naby, 'n groot boom?”

„Nee, Ou-oetie, daar is oral bome, maar nie te groot bome nie.”

„Aan die spruitjie?”

„Nie te aan die spruitjie nie, Ou-oetie.”

„Deuskant of anderkant die pad?”

„Nee, diekant die pad, Ou-oetie.”

„Wafferkant is nou diekant die pad?” vra broer Luikes ongeduldig.

„Nee, diekant is maar diekant, Ou-oetie.”

„As jy nou soontoe stap, is dit nou hot van jou of haar van jou?”

„Met die voetpaadjie is dit diekant my, Ou-oetie. Maar met die terugkom, vat ek weer 'n ander paadjie; dan is dit weer diekant my,” doen broer Aderjan sy bes om te beduie.

„Dan is dit ook maar reg,” besluit broer Luikes teleurgesteld. „Toe, Aderjan, roer jou nou.”

As dit nou net wil kom reent, ai!

Broer Luikes lê so hulpeloos. Dit is hierdie hulpeloosheid van hom wat hom laat besluit het om die geld en die krans te begrawe. Aan 'n bank en 'n tjekboek het hy en broer Aderjan tog nooit geglo nie; net so min as wat hulle aan al die moderne goed van vandag geglo het. „Ons is outydse mense,” het hy aan mense opgeskeep met hulle raad gesê, „maar ons kom op 'n manier goed oor die weg.”

En in die jare wat verby is, het hulle goed oor die weg gekom. Hulle het nooit hulle geld gebank nie, want dan moet hulle te veel inkomstebelasting betaal. „Ons is arm, ons sukkel. Ons sukkel met teenspoed en dinge,” het hulle tydig en ontydig vir mense gesê, bang dat daar geld geleen sal word. Tuis het die note egter een na die ander in die bliktrommeltjie verdwyn; want in der waarheid het die voorspoed hulle al die jare toegelag. Beskuitvlei was 'n plaas sonder weerga, met baie saagrond, soetgrasrante, matig bebos — 'n ideale plaas vir gemengde boerdery, sonder giftige plante en byna sonder siektes.

„Vir oudag, ons moet voorsorg maak vir oudag,” het broer Luikes altyd gesê wanneer hulle saam die note bêre. „Maar, Aderjan, as mense vir jou vra of ons darem iets het, sê jy ons is arm, sê ons het niks,” het broer Luikes graag beduie. Tog kon hy self nooit swyg oor hulle wat so goed vooruitkom en ander bly net waar hulle is nie. „Ja, 'n spogter is altyd kaal,” kon hy graag sê. Maar toe Gert Mertin destyds kom mooipraat vir honderd pond om

'n paar koeie te koop, het broer Luikes kortaf gesê: „Nee, Gert, ek help jou gan nie.”

„Maar ek gee Oom sekuriteit,” het Gert geprotesteer.

„Ek sê jou, Gert, ek help jou gan. Jy wou mos trou.” Gert het geen woord gehad nie en broer Luikes het aan hom die ding gesê wat hom baie gepla het en wat hy aan alle mans op aarde sou wou sê: „'n Vrou is 'n man se rinnewasie en ondergang. Kyk net waar staan ek net oor lat ek nie getrou het nie.”

„Maar wat het Oom dan so danig,” het Gert gedaag en broer Luikes het net gegrom: „Kerkmuise,” en in sy dop gekruip.

Broer Luikes wonder nou vaag hoe ver broer Aderjan is. Dit hinder hom so. Broer Aderjan kan homself so in sy werk verloor. Die kaffers vermoor en besteel hom nog daar waar hy besig is om die geld te begrawe. Hy wend 'n poging aan om orent te kom, maar val weer uitgeput terug. „Fiemies en ipekonders,” kreun hy en is kwaad vir homself. Sy oë dwaal deur hulle karige slaapvertrek. Hy en broer Aderjan slaap al van kindsbeen af in een bed. Daar eenkant op vier klippe staan hulle vierkantige klerekas, nog 'n erfstuk van hulle oorlede ma. Teen die een muur hang 'n halwe spieël aan 'n stuk goingtouw, aan die oorkantse muur langs sy kakiejas, hang tuie, rieme en stroppe en daar half in die hoek lê die luislang se vel wat hulle toe nog nooit gebrei het nie.

Dit is die luislang wat vir Aderjan so mankoliekig het. Hulle was met hulle skape af in die bosveld 'n paar winters gelede en die dag juis op seek na slange om te vang, toe broer Aderjan op die ou luie afkom wat heerlik op 'n plat klip in die winterson lê en bak. „Ou-oetie! Ou-oetie!” het broer Aderjan opgewonde geskree toe die slang sy kop orent lig. Toe het Aderjan sommer tromp-op gestorm, want in so 'n luislang is daar baie geld. Broer Luikes kon nie gou genoeg byderhand wees nie en broer Aderjan het die vlugtende slang aan sy stert beetgekry. Toe die slang ombeur en sy gevaarlike bek wyd ooprek, het broer Aderjan te laat besef dat dit 'n tamaaie kalant is en dat hy eintlik die reptiel aan kop en stert moet beetkry en die twee punte ver van mekaar moet hou. Hy wou toe alles los en wegkom, maar die slang het ander planne gehad en voor broer Aderjan mooi wis wat gebeur, was hy vas in die ondiere se wrede kronkels.

Broer Luikes het toe darem opgedaag. 'n Paar goedgemikte houe met sy olienhoutkierie op die reptiel se



swaaiende kop en hy het grond toe gekom en die een kronkel na die ander gelos, maar nie aleer broer Luikes hom nog 'n paar gevoelige rapse toegedien het nie. Die ou luislang is harder getugtig as wat broer Luikes gedink het. Hy het nie sy skuiling bereik nie en die twee broers het hom net daar afgeslag.

Broer Aderjan het toe egter reeds sy knou weggehad. Al is daar nou nie juis bene in sy lyf gebreek nie, het die slang hom so geweldig gedruk dat hy maande daarna nog mank geloop het, en die arm wat uit die potjie gedruk is, het nooit weer reggekom nie.

Broer Aderjan het nietemin sy slag om slange te vang, behou. As hy op 'n Sondagmiddag die rante instap, kom hy altyd met 'n ietsie terug. En 'n gewone bakkop of pofadder beteken tog altyd van vyf tot tien sjielings in hulle trommeltjie. So het elke broer sy slag met 'n ding gehad en mekaar aangevul. Broer Luikes weer was die man vir die wippe. Hulle hele plaas is vol wippe en vangnette. Wanneer dit die regte seisoen was, word byna elke aand hoeke vir palings gestel. Hulle het in menseheugenis nog nie 'n skaap geslag nie, maar kon tog altyd 'n vleisdingetjie op tafel hê. In die laaste tyd gaan dit egter beroerd.

Dit gaan sleg, so sleg dat broer Luikes al by die dokter was. Dit was oor die pyne in sy bene en sy kruis, dieselfde pyne wat hom nou so hulpeloos in die kooi het. Hy het eers al die rate waaraan hy kon dink en wat bure hom kon gee, gebruik. Hy het elke medisynebossie wat hy maar ken, getrek en is toe ten einde raad na die dokter. Die geneesheer het hom ondersoek en hom toe pille gegee wat hy na elke maaltyd moet inneem. „Onthou nou, Oom, twee pille na elke maaltyd driemaal per dag,” het die dokter gesê.

„Maar waar eet ek drie maal op 'n dag?” het broer Luikes geprotesteer.

Die dokter het hom met nuwe belangstelling gadegeslaan. Hy het Broer Luikes weer ondersoek. „Ondervoeding, dis die oorsaak van jou siekte, Oom. Oom gaan dood van honger. Hoeveel keer en wanneer eet Oom elke dag?”

„Dit is net soos ek dit tref, Dokter. Ek het baie werk en nie heeldag tyd om te eet nie,” het broer Luikes gramstorig gesê.

„O so! En wat eet Oom?” Die geneesheer het begin skryf. Broer Luikes het begin opnoem. Noudat hy die karige kossies waarvan hy en broer Aderjan moet lewe, begin opnoem, het hy werklik skaam gekry. Aanstons sal die dokter dink hy is te suinig om te eet.

„Oom, hier is die lys van kosse wat jy van nou af gereeld moet eet en onthou, drie goeie maaltye per dag. Oom moet verstaan 'n mens moet heel eerste vir jou maag sorg. Dis al waarvoor mens per slot van sake werk.”

Broer Luikes het hom vererg. „Nie ek nie. Ek maak nie 'n afgod van my maag nie,” het hy byna geskreeu en beledig weggestap.

Dit was teen sy aard en teen hulle gewoonte om die kos wat die dokter voorgeskryf het, te eet. En wie sou dit voorberei? Dan moes hy spesiaal gaan trou om 'n vrou te kry om die dokter se kos gaar te maak! Waar sou hy met al die uitgawe gewees het. Sy hele lewe lank hard gewerk en gespaar om op sy oudag deur sy maag ontwil, bankrot te speel! Hy is mos nie 'n vraat nie! Broer Luikes was briesend en die dokter se duur pille het hom net sieker gemaak. Die pyne het erger in sy arms, bene en kruis gevreet. „Gaan tog maar weer dokter toe, Ou-oetie,” het broer Aderjan aangeraai. „Man, gaan vrek!” het broer Luikes hom vererg. Die dokter wil hy nooit weer sien nie.

Maar op 'n dag terwyl hulle by die varkhokke doenig was, kon sy bene eenvoudig nie meer nie. „Nee, nou gaan ek lê; my bene tel my te op,” het hy aan broer Aderjan gesê. En nou lê hy vir die laaste drie weke al in die kooi, nie in staat om op sy twee bene te kom nie. „Ek moet die dokter maar laat kom,” het hy dikwels al besluit. Maar as hy aan die groot uitgaaf dink, besluit hy weer daarteen. Hy sal wel weer op die been kom.

En buite word die werk almeer, dons die swartgoed op, verloor hulle geld — kosbare geld wat in die trommeltjie kon kom. Broer Luikes word somer ongedurig.

Al sy gedagtes het broer Luikes laat insluimer. Toe hy weer wakker word, staan broer Aderjan in die donker kamer voor sy bed. „Reent dit, Aderjan?” vra hy onnodig want buite suis dit hoorbaar op die grasdak.

„Ou-oetie, 'n bakkop het my gebyt,” sê broer Aderjan opeens in 'n snaakse stem.

„Waar?” Broer Luikes sukkel verskrik regop in die bed.

„Aan my been, Ou-oetie; hier by my knie.”

„By die — die-e plek?”

„By die plek, ja, Ou-oetie, net toe ek amper klaar was. Maar ek het eers alles gebêre en reggemaak soos Ou-oetie my gesê het,” praat broer Aderjan swakkies, want hy het baie pyn.

„Maar hoekom steek jy nie die kers op nie?” bulder broer Luikes toe die erns van die saak hom tref.

„'n Kers?” Broer Aderjan gehoorsaam en broer Luikes kriewel in die bed rond.

„Ou-oetie, ek gaan sterwe,” sê broer Aderjan opeens baie snaaks en toe die lig brand, kyk broer Luikes verslae en ietwat skuldig na sy broer. Broer Aderjan lyk so bleek onder sy paar dae oue baard. Sy oë lyk so groot en hy haal asem met horte, bewe en wieg heen en weer.

„Brand dit? Pyn dit?” vra broer Luikes.

Broer Aderjan antwoord deur net daar voor die bed inmekaar te sak.

„Nee, kragtie, Aderjan! Staan op, man!” bulder broer Luikes. Hy het daarna nie geweet hoe hy uit die bed en op sy voete gekom het nie; maar toe hy weer heeltemal tot sy sinne kom, is hy besig om sy broer in die bed te help. Dit is ook al wat hy kon doen. Hy het self op hulle gemeenskaplike bed getuimel en langs die kreunende Aderjan in sy sopnat klere, bly lê; uitasem gelê en luister na sy broer se gekreun en verward gedink aan al die rate wat goed vir slangbyt is.

„Ai Mieta! Ai Mieta, melk!” het hy tevergeefs geskree. Hy het weer orent gesukkel, toe besef dat die enigste bietjie afgeroomde melk in die buitekamer by die kraal is. „Hoe voel jy nou, ou broer?” het hy vir Aderjan gevra.

Maar broer Aderjan het net gekreun en op sy geel stompiestande gebyt. Dan het sy hande, ook die hand van sy lamarmpie gesoek na iets om aan te beur. So het hy gesterf.

En toe sy broer reeds dood is, het die besef van 'n nuwe ramp vir broer Luikes getref. „Die geld, Aderjan! Kragtie jong, ons geld!” het broer Luikes geskree en sy dooie broer aan die skouers beetgekry. „Waar het jy die geld begrawe, Aderjan? Naby watter pad — rant . . . ? Toe sê nou vir Ouboetie . . . ?”

Broer Aderjan kon met al die krag in hom nie meer praat nie. En toe hy alreeds koud begin word, het broer Luikes hom nog steeds aan die skouers beetgehad en gesoebat om die geld, die lieflike, kosbare geld wat tog iewers begrawe is.

Buite het dit gereent. „'n Lieflike, geseënde reent wat die aarde deurnat sou maak,” het die boere bly gesê — en al die spore van broer Aderjan se nagbedrywigheid uitgewis.

# H. S. van Blerk as Prosaskrywer

B. KOK

Vir die konvensionele mens van ons tyd, belas en beswaar met geestelose voorskrifte en begrippe, is dit 'n ware verkwikking om met die egte, spontane en ongeremde persoon in aanraking te kom, die ongekunstelde natuurmens wat nog nie geleer het om sy drange en drifte agter 'n masker van kwasi-gewigtige grootdoenery te verberg nie. Vir daardie persoon vir wie dit 'n sielsbehoefte is om wild weg te breek van die valsheid en skyn wat meer en meer opval in die verhoudinge van die sogenaamde „beskaafde mense”, werk dit soos 'n geestelike bevryding om 'n keer in aanraking te kom met die opregte eenvoudiges, om te luister na hul naïewe gesprekke, om hulle die vermoë tot gemaklike selfopenbaring te beny.

Daarom kan so baie mense hulle verlustig in die doenighede van Mikro se kostelike kleurlingfigure of Van Bruggen se versukkelde Ampie-koterie, in die menslike optrede van so baie van die mindere figure in Van den Heever se romans; daarom ook dat 'n roman soos *Los Donkies*, ten spyte van opvallende tekortkominge, so heerlik verfrissend is. Om dieselfde rede is Van Blerk se prosageskrifte interessant, om die skilderagtige verskeidenheid van tipes in kortverhaal en roman, soos geskep deur hierdie verbeeldingryke skrywer met sy fyn aanvoeling van die presiese en die tipiese van dinge. Laat ons maar onmiddellik toegee dat dit meestal slegs by uiterlike tiperinge bly, dat hy nie maklik volrond en warm kan uitbeeld nie; tog is daar 'n onmiskenbare simpatieke element in die siening van sy medemens en in sy gawe vir naïwe, vergoeilikende humor, soos ten oorfloede bewys in *Los Donkies*, 'n heel besondere bate.

In sy kortverhale konsentreer Van Blerk gewoonlik op die uitbeelding van stumperagtige tipes en is daar iets roerend-pateties in hul deerniswekkende pogings om uit te styg bo die knellende inperkinge van geestesarmoede en

onverbiddelike uiterlike omstandighede. Hoe het ou Mank Bultagie se hele wêreld in duie gestort toe ou Mêkie, die brandmaer donkie, sy sorgvuldig opgegaarde vyfpondnote met onverstoorbare kalmte fyngekou het. En wat 'n kostelike ironie wanneer ou Stuipe hom onder gelag van sy maats „met slap beeswagterstap” uit die tronkgebou haas om met sy seuntjie te gaan kennis maak; dat die geboorte van hierdie knapie, wie se koms hom tot die teerste bewoënheid gestem het, plaasgevind het terwyl hy 'n jarelange gevangenisstraf uitgedien het, het geen besondere betekenis vir die slome ou man gehad nie. En dan is daar die stugge, vreesinboesemende Broer Mattheus, wat so volkome weerloos gestaan het teenoor die vernederende ontrou van sy vrou; daar is die lamsak van 'n oupa Walvisvaarder, die geharde tronkvoëls Weary Willie en Biel Staander, almal ongewone tipes, maar dan ook selde meer as slegs tipes, selde figure wat in hul volledige menslikheid boei en maklik in die herinnering naleef.

Dieselfde tekortkoming geld ook in meerdere mate vir Van Blerk se eerste roman, *Dit Blom tussen Bantoms*, waar daar so 'n menigte uiteenlopende tipes is en die intrige deur soveel steurende ondergeskikte handelinge vertroebel word dat daar geen sprake is van 'n artistieke eenheid nie. Dit is kenmerkend van die jong skrywer wat nog geen vertrouwe in sy uitbeeldingsvermoë het nie, om allerlei newe-intriges kriskras deureen te laat loop. In hierdie roman is daar materiaal vir dosyne goeie kortverhale, maar die totaalindruk bly een van verwarring.

Betrag egter die bonte verskeidenheid van tipes, hierdie „raar slag van menschen”, hierdie tamgeswoegdes op die delwery wat in dowwe berusting voortskuifel, en erbaar self hoe daar tog 'n diepere menslikheid in hul worstelinge roer. In hul slappe lydsaamheid, hul beperkte uitkyk en afgestompte lewensgevoel bly hulle nog altyd interessante wesens: die skinderlustige tant Breggie wat so 'n griewende vernedering moes deurmaak; die skutterige ou Skalk Ras met sy onrustige gewete en sy hals-oorkop-skokmetodes, tant Wiesie met haar ewige agterdog en haar obsessie om swakhede in haar medemens te ontdek („Ag ja, die ou wêreld is so boos!” — „In haar oë is niemand wit nie — selfs nie Blue-eyes nie — sy is te wit. En as 'n mens te wit is, skort daar iets.”); die verbitterde onderwyser, wie se skynbaar siniese gevoelloosheid slegs as camouflage moet dien om sy martelende geheim te verberg.

En so is daar humor en tragiek, idealisme naas honende



verbittering. Slegs by 'n enkele nog die bewyse van 'n hoëre geestesadel, die poging om 'n skyn van fatsoenlikheid te handhaaf. Sterk is die besef van die gekompliseerde gemeenskapslewe op die delwery met sy skrynende teenstellinge, Sondagskool teenoor bordeel, bedrog en kuipery teenoor hulpvaardige welwillendheid, liederlike losbandigheid teenoor verheffende arbeidsaamheid, die reinste liefde teenoor skokkende gevalle van ontrou. En so ontluk nog die skoonste blomme van idealisme en deugszaamheid tussen die bantoms van wantrou en kille onverskilligheid.

Die realis se belangstelling gaan by voorkeur uit na die opregte, spontane natuurmens. Net soos die frisse taal van die gewone volksmens smeüger, direkter en meer onthullend is, so ook is die handelwyse en reaksies van die minder gladde en gevatte natuurmens boeiender in sy eenvoudige opregtheid. Dit is dikwels by die veragterdes en erbarmlike broddelaars waar 'n mens die lewe in sy werklike betekenis leer ken, in sy mees spontane uitinge en sy bonte wisseling van vreug en smart. Dit alles voel Van Blerk nie net onmiddellik aan nie, maar hy het daarby ook die gawe om hierdie tipes in al hul menslikheid te deurskou.

Dit is jammer dat hierdie skrywer soms te ver gaan met sy skel-realistiese beskrywinge van patetiese persoonlikhede, dat hy so gesteld daarop is om liggaamlike afwykinge, eienaardighede in spraak en voorkoms, oordrewe kras voor te stel. Tog is daar 'n treffende aanvoeling van die gebondenheid naas die primitiewe geldingsdrang by die geringstes onder hulle. Kostelik is sy beskrywinge van elkeen se behoefte om aansien te verwerf, om in sy beperkte wêreldjie iets te bereik. Dink maar aan die stoere tant Souf, baasbakker van potbrode; die bedrywige Petrus Beneke met sy belangstelling in die leerstelling van die kerk („ . . . en wil jy glo, ek kry al meer trek vir die onderdompeling.”); die vereensaamde Mannetjie met sy groot liefde vir die twee donkievullens; die plomp-onooglike Rebekka met haar smagting na vertedering en simpatie; die koddige tant Mieta met haar growwe uitlatinge („Ek sal haas en springhaas, konyn en das nog eet, maar aan skilpad en krimpvark sit ek nie my bek nie”).

Net so waar is dit dat sommige van hierdie karakters bloot karikature bly en dat Van Blerk se neiging om telkens iets sonderlings te lewer, hom tot niksseggende uiterlike beskrywinge verlei. Daar is selfs die gevaar dat hy met tye in floue onsmaaklikhede kan verval. Tog bly dit interessant om te let op die wyse waarop hy elke nuwe figuur

tipeer. Voorkoms, gelaatsuitdrukking, spraak, tipiese houdinkies of dwanggewoontes, alles word sorgvuldig aangedui, dikwels met behulp van 'n karakteriserende beeld. Hy wil graag sy tipes uit die staanspoor uit volledig voorstel, in plaas van hulle so te laat handel dat die beeld vanself tot duidelikheid uitgroei. — „Instead of explaining at length a character's state of mind, the objective writers seek the action or the gesture which will realize inevitably the character's state of mind in a given situation. They so write that from beginning to end, every action, every ripple of movement, are the reflection of the character's secret nature, of his thoughts, desires and indecisions.” Nie verniet het Guy de Maupassant hierdie groot waarheid beklemtoon nie. By Van Blerk bring sulke beskrywinge soos die volgende 'n mens eintlik nie veel verder nie.

„'n Ietwat bejaarde meisie met styfgekamde bolla, groot, breë mond, lang geel tande, 'n kapokhen-lyfie, houterige, manhaftige stap en spykerbeentjies.”

„Hy is 'n fris geboude kêrel, met breë, harige bors, pap lippe wat te rooi is en vlak oë.”

„Hy is hardwerkend, eerlik, regverdig, sag en sorgsaam teenoor diere, billik teenoor mense wat onder hom werk.”

In *Los Donkies* word 'n mens getref deur die diepe en onbaatsugtige werklikheidsin van die skrywer. Wat 'n ervaring om met die gedagtewêreld van hierdie interessante groep nooddrufelige houtryers kennis te maak. Hoe sonderling hul belewinge en begeertes, hoe boeiend hul gesprekke om die kampvuur. Met hoeveel erns wei hulle uit oor ‚mampas’ en ‚voorbodems’ en ‚poedingnaakte geraamtes’, en hoe gespanne luister hulle na ou At Slinters se ongelooflike ervarings met ‚oorle-oetans’.

Die humor in hierdie roman is meer as kostelik. Hierdie veredelde vorm van die komiese, die goeidge lag wat getuig van 'n warm gevoel vir die mensheid en wat vergoelikkend oor tekortkominge oordeel. Maar hier ook humor wat soms na die boertige afdaal, uitbundig malloterig en plompklugtig. Daar is leutige tafereeltjies en fyn skerts. Tog bly die treffendste van alles die naïewe en tog gewigtige erns van die aandgesprekke, die uitwerking van vrees en bygeloof op die gemoedslewe, die groot-oog-bewondering vir gebeurtenisse buite hulle eie ervaringswêreld. Ou At Slinters was altyd van 'n aandagtige gehoor verseker, of hy nou al grootdoenerig uitgewei het oor sy kragmeting met die „oorle-oetan”, 'n dramatiese versekering gegee het dat hy met 'n „duwwele helm” gebore is, trots meedeel het hoe

hulle hom in „onse oorlog” deur die boude „gekwes” het, of ernstig verwys het na sy ontmoeting met iets wat „nog mens, nog gedaante” was.

Dink ook aan die selfversekerde tant Souf wat ewe plegtig verklaar: „Ek hou nie van swerf nie, daarom bly ek maar in ’n watent.” Of aan die lugubere humor van Josef Haaksomdaais nadat Koos verongeluk het: „Dit moet ek darem van Olie Koos sê: „Hy het sy foute gehad, maar sowat van ’n mooi lyk vir ’n doodkis het ek nog nooit gesien nie.’”

Vir heerlike bladsye vol droë, gedempte humor moet ’n mens die diskussie oor ou Doors, die touleier-bobbejaan, lees. Doors is saans vanselfsprekend lid van die kring om die kampvuur en oom Vaalwillie verduidelik dankbaar: „Hy is soos ’n kind vir my en swaer Ingenaas en sus Soufie. Soos ons is, so is hy, is nou ons gevoelentheid. Ons het hom hans grootgemaak — jy kan maar sê, wees. Dis waar, hy is nie ten doop gehou nie, maar ons gevoel onself sy peetouers en ons is gristeling.” En dan weer: „As ek en die ou vrou alleen is, lees ons iedere aand ’n hoofstuk om die vuur. En so eerbiedig as wat Doors luister, wil ek nog ’n kind sien luister. Ek sê vir julle, Doors verstaan miskien nie die bedoelentheid van iedere teks nie, maar hy verstaan.” Tant Souf het bewoë bygevoeg: „As Doorsie kon gepraat het, sou hy getuig het,” maar oom At het ongelowig uitgeroep: „’n Witmens het ’n siel, ’n Senees het ’n sjees, maar ’n bowwejaan! Haikôna!” Selfs oom Joppie moes uiteindelik toegee: „’n Baviaan is ook maar ’n mens.”

Van Blerk se derde roman, *Daarom is die Winddreun diep . . .*, handel oor die mynwerkerslewe en die sosiale milieu van die wêreldstad. Weer is daar ’n groot verskeidenheid van figure en allerlei sonderlinge verhoudinge wat tog iets boeiends aan die verhaal verleen. Met ’n felle realisme word die tartende arbeid onder in die myn beskryf, raker en uitvoeriger as in die meeste ander soortgelyke romans. Gevoelens van angs, spanning en onsekerheid hang somber oor die gewerskaf van die geharde mynwerkers. Skynbaar onverskillig worstel hulle voort, skel hulle op die glimmende naturelle, vloek of bid hulle as die krassende skeurgeluide van rollende rotsblokke rampe van die grusaamste aard aankondig. Daarna die dankbare ontvlugting na die genietinge wat die stadslewe bied, skamele troos as obsessies en angste in die onderbewuste bly rondstoei.

Hannes Venter is besiel met idealisme, maar hy moet ’n martelende weg tussen verslinderdheid en versoeking



aflê voordat hy tot helderheid kan kom. 'n Interessante roman hierdie, wat getuig van veel kennis en insig. Tog is die gemoedskommeling by Hannes nie altyd oortuigend gemotiveer nie. Dit behoort nie nodig te wees vir 'n skrywer om direkte mededeling soos die volgende te maak nie: „Hannes het 'n nuwe mens geword . . . ”; „Hy het lank genoeg in die welsand gespartel . . . ”; „Hy werk met 'n lus wat ook 'n blye verrassing is.”

Van Blerk se realisme is van 'n versigtige aard. Hoewel hy nog te dikwels vlakweg kopieer liever as om die werklikheid van herinnering tot 'n nuwe geheel te komponeer, is daar in al sy romans losse beskrywinge wat die aandag trek, bv. die dansparty by Tewie Hoets, die mislukte doop-ekspedisie na die Molopo, die ervaringe van die sanggroep op Kersaand. Hy is op sy gelukkigste wanneer hy 'n skilderagtige groep uiteenlopende mense in hul wesenlike sielsarmoede kan onthul. Nêrens by hom enige veselfyne, uitgesponne analyses nie, maar hoofsaaklik suggestiewe aanduidinge van die geheime verlangens van sy figure. 'n Mens begryp volkome Katriena se liefde vir haar sadistiese dronklap-man, Miemie Viljoen se magteloosheid teenoor die sinistere invloed van Keet Human, Flip Hoets se wrede drifbuie wanneer hy hom aan die redelose diere te buite gaan. Oortuigend veral, die fyn insig in die subtiele faktore wat die verhoudinge tussen die verskillende sekse beïnvloed — Gawie Wentzel teenoor Vasthi en Estelle, Jan Hoets teenoor Adali, Hannes Venter teenoor Annie Frits en Grya de Wet.

In sy romans leer 'n mens Van Blerk ken as 'n ernstige en menslike skrywer wat diep nadink oor die betekenis van die lewe en wat genoeg deernis met die lydendes en die minder-bedeeldes het om te verseker dat sy karakter-uitbeelding die aandagtige leser sal interesseer. Al is hy dikwels nog onbeholpe en is daar te veel plumpe direktheid in plaas van subtieler verholde psigologie in sy uiteensettinge, het hy veral in sy roman, *Los Donkies*, 'n bydrae van betekenis gelewer. Omdat hy nog te veel wil gee, vervaag die eindbeeld en is baie van sy hooffigure nie veel meer as tipes nie. Daar ontbreek by hom nog 'n strengere uitsifting van die gegewens, meer beheersing en ordening. Hy moet die waarheid leer besef van Stevenson se woorde: „There is but one art, . . . to omit!”

# S. J. Pretorius

## MOSES

### I.

Uit hierdie oord  
waar uit die pot  
die sware geur  
van die gekookte vleis  
opstyg, self as ons treur,  
sal ek, o God  
opstaan en voorttrek op U Reis,  
Maar dan moet U die Woord  
se waters tot 'n goue Poort  
laat skei  
dat ek, bevry,  
daardeur gaan na u Land.  
Dan moet u Gees  
'n wolkkolom, 'n brand,  
steeds vir my wees,  
bedags oor weëlose sand  
'n baken en 'n sware  
skild teen die gevare  
snags . . .

### II.

Hul bring my die gerugte  
van vrugbaarheid en vrugte  
wat wonderbaarlik groei  
onder die son; en water  
wat deur valleie vloei . . .  
Dit vind my volk nog later,

maar ek mag nie ingaan  
o God deur U Jordaan,  
ek bly in U Woestyn  
ewige swerweling,  
na stryd en pyn  
eensame sterweling . . .



DIT  
OF  
DOOD

EX LIBRIS  
EUGENE NIELEN MARAIS  
INNER TEMPLE



# 'n Ander Kitaar

JAN SEBASTIAN RABIE

Toe die skuit begin uitgly voor die stoot van die spaan, slaan die meisie 'n trillende haal uit die snare wat die jongman laat omruk na haar. „Stil!” sis hy, toe iemand die skemerige wal afgehardloop en plassend deur die vlak water aangestorm kom, en na die skuitrand gryp met 'n haal wat hulle op donker olierige swellings laat dein. Die jongman bly gebukkend oor die stuurspaan staan; die meisie met die kitaar oor haar skoot steek uit soos 'n anker in die nou boeg; geen-een maak 'n beweging wyl die vrou hygend op die middelste bankie oorval nie. Geen-een praat wyl sy haar voete log en tydsaam langs die ding wat in die buik van die skuit opgebondel lê, plaas nie.

Dan sit sy stil en hyg.

„Jon, wat gaan jy doen?” bring sy eindelijk uit.

Dit was geen vraag, selfs geen verwyt nie. En dadelik snou hy terug:

„Waarom vra jy as jy gekom het!”

Die vrou antwoord nie; sy is opeens geduldig en stil. Deur die stilte pluk die meisie weereens 'n snaar en wyl dit nog tril, sê sy: „Hier is ons almal,” so liggies dat dit onmoontlik is om te weet of sy dit bewend of ligsinnig met die punte van haar lippe gesê het.

Die water begin fluister teen die kiel, die rivier neem besit van die skuit, die eb-gety sleur hul kragtig mee hoewel die oppervlak stil en glad soos swart sy glinster. Alreeds gly die oewers harig getand teen die sterre verby. Alreeds beweeg hulle in 'n asemtoggie. Die somernag-lug vloei aan teen hul gesigte met die geur van kruie en lou-warm plante in die lande wat vaagweg agter die oewers skemer. Die stroming pluk die agterstewe om in hoë, skielik sugtende riete. Hy gaan sit. Hy leun uit en gryp met sy los hand na die ritselende mes-gly sny van die riete tot sy vuis die skuit hou.

„Klim uit, Moeder,” fluister hy. Sy keel snak hoorbaar, en hy pleit weer 'n keer met haar dieselfde, gepynigde: „Klim uit, Moeder . . .”

Die vrou roer nie. Die enigste geluid is die getinkel van water wat êrens tussen die stengels en die wilde tiemie na

benede kriewel, en ineens, baie naby, die hees gekug van 'n padda. Die riet stroop brandend uit sy palm. „Daar moet geregtigheid wees,” sê hy nog laer as tevore. „Ek gaan af verby die vlakplek, jy kan my nie meer keer nie.” Ongemerkt langsaam begin die skuit se neus verder aan stoot deur die riete wat vaagweg rondom knik. „Ek gaan saam met julle,” sê die vrou stilweg. Die skuit bly steek in 'n papkuil-ruigte; hy gryp na die stuurspaan met albei hande en karring die skuit uit na die middel van die stroom en sit en hou die spaan in 'n verdwaasde woede-stilte.

Die water skuur sag sissend onder die kiel en suig met gorrelende keel aan die lem van die spaan. Nou en dan ruk hy aan die spaan om die skuit in die middel tussen die oewers te hou, êrens tussen die weerspieëlde skaduwees van die oewers wat donker saam met die skuit beweeg soos die kake van 'n slagyster wat altyd amper dreig om na vore toe te klap. Die gety voer die skuit vinnig mee deur die halfgesiene vorme van nag onder die sterre en die hemel se onbepaalde kleur van nag.

Die rivier begin 'n wye draai maak.

Die rivier kronkel omlaag, soos omhoog, die melkweg se lang spiraal sterre. Die rivier is 'n gladde derm wat deur swart geglinster kronkel.

Skielik wys die meisie met haar hand.

Selfs sonder om om te draai kan hulle dit sien, dwars in die draai: die huis, soos 'n klein helder opening in die swartheid van die rant, met lig stralend uit alle vensters. Dit baken-roep agter hulle met meer dan net die betekenis van lamplig; hulle sit stil en kyk hoe dit van agter uit die nag na hulle reik met lang vingers van glinstering, verrafel deur die water-bewing agter die skuit.

Almeteens leun hy vorentoe na die vrou met sy mond half-ope; hy bly verstyf so sit, die woorde bly uit.

Dit is die meisie wat dit sê, nuuskierig, in 'n klein spot-tende toonstyging van vra:

„Jy het al die ligte in die huis aangesteek voor jy gekom het?”

Die vrou antwoord of roer nie eens nie.

Dit is so donker hulle kan haar gesig nie lees nie, en net die swaar vorm van haar liggaam onderskei en hoe sy hurkend oor die donker bondel aan haar voete sit.

Toe trek die meisie haar skouers so wild op dat die kitaar op haar knieë ruk en hol trillend op die skuitrand beuk. Sy draai haar kop weg om te staar na die verbyglydende oewers. Sy hou aan met rondkyk om haar en haar neus-



vleuels span om te snuif na die aarde-ruik en, af en toe, die swaar-geurende asem van plante wat van geheime aromatische lewe op die oewers vertel. Eenmaal skud sy haar hare ooglopend terug. Sy is lenig en rusteloos in die boeg; op die wyse van 'n dier wat onrustig op en af agter tralies dwaal, miskien selfs op 'n wanhopig menslike wyse, skyn sy hulle bewus te wil maak van die teenwoordigheid van die aarde daar in die skuit op die reuklose doodswart water waar hulle nie anders kan as ondraaglik gewaar nie.

Dan eers en vir die eerste maal draai die vrou haar kop om die meisie aan te kyk. Die jongman sit roerloos by die spaan. Die skuit gaan deur soetdoring-geur so naby, so warm dat die meisie 'n beweging maak wat 'n bewe-skom-meling deur die skuit stuur. „Hou nader wal toe,” sê sy. Die bene van sy pols kraak op die steel van die spaan. Sy stem breek uit sy mond.

„As hy die haelgeweer gehaal het voor ek hom kon bykom, sou sy nou saam met hom in die skuit gewees het!”

Hy roep dit in getergde verontwaardiging teen die vrou, maar hy bly verby haar na die meisie staar.

Sy beantwoord nie eens sy kyk nie.

Toe spring hy op sy voete.

„Het jy minder skaamte-gevoel dan 'n teef . . . jou . . . jou . . .” Die skuit swaai gevaarlik op die snelle water. Aan die linkerkant doem die donkerder donker van 'n krans: sedert die verligte huis na agter verdwyn het, vloei die rivier sneller dan tevore in die nou gleuf tussen die rante.

Hy stamel in die rou magteloosheid en roep: „Is alles om 't ewe vir jou . . . dat . . . jy sit daar met jou vervloekste kitaar en jy . . . Hella . . . jy is die oorsaak van dit alles . . .”

„Praat sagter,” kom van die vrou, kom stil alleen die woorde van haar stem.

„Praat sagter . . .”

Die kransmassa gryp jaend na die sterre.

„Dis nie waar nie,” laat die meisie nors hartstogtelik hoor. „Ek . . .” Haar stem sterf weg asof wat sy wou sê nie langer belangrik is nie, en vlam dan weer op: „Kan ek nie eens asemhaal sonder dat jy kwaad word nie?”

Hy gluur haar woedend aan. Met een verbasend handige beweging gryp die vrou die roeispaan aan haar linkerkant op en stoot dit uit oor die skuitrand. Sy alleen het betyds gewaar. Hulle kan die houtlem hoor knars op steen, en vir die oomblik wat beweging huiwerend dig voor die rotse sidder, die digte spinnekopphoof van 'n aalwee turend uit

die swart bo hul sien hang. Toe swaai die skuit logweg uit. Die stroom gryp weer na die kiel, stoot die hout gladderig terug in die groewe van spoed. Die vrou trek die spaan in, en weereens gaan hy sit. Hy beur die stuurspaan eenmaal hard oor en skommel die boot weereens uit na die middel van die stroom.

„Ons moet saggies praat,” sê die vrou nog 'n keer. „Mense sal ons hoor. En hy kan bykom, hy sal ons ook hoor, en dan later as hy dronk is, sal hy praat en ons voor ander beskaam.”

Sy het dit sag soos vantevore gesê, maar nou met 'n stemtoon van so 'n hardnekkige en verdrietige beslistheid dat die kalmte daarvan verbaas. Sy kyk op na die jongman; hy staar spraakloos terug. Ook die meisie sit stil. Verby haar kop en skouers, laeraf op die stroom waar die somber rûe van die rante wegval, skemer die sandplaat se bleek lei-dowwe lyn soos 'n litteken van verdwasing voor hulle in die nag. Eensaam ver skree 'n kiewiet.

In 'n vuur-glimmende boog, skielik, spring 'n vis, slaan die water met klappende lyf. Naaldpuntjies fosfor-skuim dans 'n oomblik waar die vis gespring en verdwyn het: die sout see kan nie ver wees nie.

Toe lag die meisie, 'n klein asemloos rasperende laggie.

Dadelik daarna trek hy die spaan in, en nou met albei hande vry, tas hy onder die bank en sê woës:

„Daar sal geen later wees nie!”

Hy pluk die rol tou en sleep die groot klip knersend vorentoe tot tussen sy voete. Woës gooi hy die lus vir die eerste knoop.

„Na wat hy gedoen het, kan daar geen later vir hom wees nie!”

Die vrou en die meisie bly stil. Erens eensaam en ver roep die kiewiet weer, en wyl hy die punt van die dik tou om die klip draai en knoop, sien hy nie hoe die vrou 'n beweging maak wat terselfdertyd afwerend roer en die meisie aankyk nie. Hy sukkel wild met die steen en hyg en steier teen die skuit se swaai. Die water maal en waterlag na agter. Hy swaai orent.

„Gee pad, Moeder! Jy weet ek moet dit doen!”

Hy staan oor haar.

Die vrou verroer nie vanwaar sy met haar rokke tussen die twee bankies wydgesprei sit nie.

„Jy kan dit alleen doen as jy my saam met hom in die water gooi,” sê sy baie sag. „Jon, jy kan nie sy lewe neem sonder om joune ook te verwoes nie.”



Hy staan oor haar. Hy lig sy twee skuddende vuiste. Hy sê: „Moeder, jy weet niemand sal ooit reg hiervoor eis nie, niemand sal omgee vir ons skande nie, niemand anders as onself kan dit doen nie!” Sy stem ruk met die bitterheid wat hom alreeds in die eensaamheid uitdryf; dit roep hees klaend verby die woorde van sy stem: „Moeder, jy weet ek moet dit doen! Moeder, dit maak nie saak wat later met my gebeur nie, maar daar moet geregtigheid in die wêreld wees!”

Sy gesig vertrek. „’n Ding soos hy is beter dood!” kreun hy, en buk af na haar, toe sy ’n hand opstrek na sy gesig en vinnig, vinniger sê:

„Wag, my seun, wag, ek moet jou eers iets vertel . . . ”

Hy wag nie. Hy begin die hardnekkige gewig van haar met al sy krag van die bankie afsleep. Die skuit skommel, swaai. In die boeg sak die meisie op haar hurke af; die kitaar gly tongelend op die planke neer.

„Luister,” sê die vrou weer, sonder om teen te worstel. sonder hyging selfs, in ’n stem alleen glasig stil, „luister na my! Jy dink jy wreek haar, maar wat as ek jou vertel dis nie sy skuld alleen nie? Wat as ek jou vertel sy kon hom gekeer het? Sy kon! Sy kon en sy het nie! Ek weet, Jon, Jon, ek was daar . . . ”

Dan laat hy sy arms van haar val.

„Hoeveel kere het sy hom nie spottend laat hoor dat hy oud word nie . . . ” gaan sy voort voor sy verstil en met ’n ruk haar hoof na die meisie draai.

Op daardie oomblik loop die skuit vas. Dit gooi hulle tussen die bankies neer. Die water swaai die agterstewe om, en hoop dadelik op in plukkende en malende geweld teen die sy. Dit sleep die kiel skrapend en stampend ’n end verder tot dit in ’n droë, skuiwende sug van sand bly steek.

„Die sandplaat,” sê die meisie duidelik bo die huilende jaag van die water. Hy sien nie wanneer sy haar skoene begin afskop nie, maar alleen die voltooiing van die beweging as sy een been oor die kant sit en dan, vinniger, die ander.

„Hella!” roep hy teen haar, maar sy begin uitwaad in die vlak water wat rondom haar bene opsput, en loop aan met ’n vreemd lukrake en tog fascinerende grasia op die verraderlike sand wat soms een voet afsuig, tot sy saamsmelt met die sandbank waar dit dof glinsterend uitmond in die land en die ruie donker daaragter.

Hy staan nog steeds met sy gesig na die land gedraai toe hy die vrou hoor roer en haar stem van laag uit die buik

van die skuit hoor sê: „Sy oë is oop.” Driftig toe, asof hy nie kan verdra om haar te hoor praat of selfs langer naby haar te wees nie, gryp hy af na sy broek en rol die pype op en spring uit en begin die skuit na dieper water sleep. Dit is nodig: die sakwater is op sy laaste, sterkste trek en dit sal die skuit hoog en droog op die sandplaat laat agterbly.

Wyl sy voete versigtig voel vir plekkies dryfsand en die onverwagse diepgespoelde gate, beur hy aan die skuit; telkens as hy een voet neersit, word die sand byna onmiddellik onder die sool uitgemaal. Hy is deurnat tot by sy heupe toe hy oplaas die diepkant van die sandplaat bereik en die skuit staan en hou wyl hy telkens sy voete versit en voel hoe sandkorrels skurend oor sy lig-glimmende voete jaag, en sien en hoor hoe die water in 'n lang sissende en vonkende lyn oor die rug van die sandplaat skuiwe waar visse ook in 'n gedurige fosforiese geplas oorgeskië kom, en een of twee selfs so hoog spring as om in die skuit te land. Hy staan met sy gesig na die land gedraai wyl die vrou beweeg in die skuit, en visse op die planke klop. Hy draai nie om te kyk wat sy doen nie; hy staan langs die skuit wat iedere oomblik dreig om uit sy hande te ruk, en staar uit oor die metalige geglinster en stroom van die water, wyl omhoog die melkweg sy rivier van roerlose vonke oor die hemel swaai, en alles beweeg en blits in die groef van onherroeplik vloei om sy gesig wat strak gestol soos 'n masker is.

Die meisie bly nie lank weg nie, hy sien haar vlamvormige skemering terug-wapper, maar sy is geensins haastig in die terugwaad met haar rok opgehou bo haar spookagtig vlam-flikkerende bene nie, en selfs toe sy inklim, plaas sy haar bene tydsaam oor die skuitrand, asof sy alleen besorg is oor die trae en absoluut minimale inspanning wat vir die beweging nodig is . . . ; in daardie tergende grasia wat hy skielik weet is, net soos die vrou se geduldige koppigheid, teen hom gerig, openbaar sy haarself as verwant aan die vrou in die vreemde behoefte van haar krag terug te moet hou vir iets anders wat nog nie dadelik gedoen hoef te word nie.

Hy staan buitekant. Sy kneukels klem op die skuitrand. Hy kan alleen altyd onmiddellik blindweg rondom hom breek en slaan in die oomblik se verstikkende mis.

Hy sê: „Waar was jy!”

„Dink jy ek sal dit voor haar doen!” pruil sy veragtelik, wyl sy die kitaar op haar skoot optrek en haar regterhand oordrewe tydsaam op die snare laat druipe.

Hy staan buite, naby. Sy lippe trek weg van sy tande. En wyl sy hom beskou, wetend dat hy gaan eis: „Is dit waar?“, begin sy glimlag en haar hoof sylings buig, en hou hom sylings van onder haar hare dop, glimlaggend, maar in 'n mate woedend, met haat byna, met tarting dat hy moet vra, en begin die tongelend tergende note van 'n vulgêre deuntjie uit die snare doem-doem.

Hy lig sy hande in 'n woedegebed van gryp en ruk die kitaar van haar weg en smyt dit in een wilde haal ver oor die water weg. Bewend van verontwaardiging dat sy hom nou so koelbloedig kan bespot, en van die ander, die donkerder, die woedende dwarsboming, staan hy in die water en bemerk nie hoe die boot begin wegdrywe nie.

„Dis al wat jy vannag in die water sal gooi!“ snerp haar stem. Onmiddellik daarna is haar gesig so saamgedruk dat sy geen mond het nie.

Hy bemerk alleen regtig as die skuit buite sy bereik gedryf het, en, skielik, die vrou die twee spane in die rollings uitstoot en terugleun in die roei. Die skuit skiet weg van hom. Hy staan te verdwaasd om te roer; mes-sny glad jaag die water en grawe die sand waarop hy staan van onder sy voete sodat hy gedurig dieper sink; hy sien hoe die vrou na 'n paar hale inhou en dan op daardie afstand dieselfde posisie hou met klein kort trekkies wat die skuit laat lyk na 'n vis wat op polsende vinne hang.

„Vergeef my, my seun . . . ” hoor hy haar roep.

Hy begryp, hy kan sy begrype alleen ontmoet met 'n woede groter as hy regtig voel. En in dié woeding sneller as sy vermoë om enige rigting of sin te vind of êrens vas te hou in wat langer met hom gebeur, swaai hy om en begin wild en tog lomp onvoldoende teen elke sleur van die water aan sy voete aan deur die spookagtig haastende eb-gety beur. Daar in die donkerswart water vlekend met sterre waar vis na vis kurwend spring in 'n net-geluid wat sy ore snoer, weet hy hoe hy 'n elmboog lig na sy wang waar 'n vis in verby-vlug die vel geskaaf het, en hoe hy as 't ware binnekant dié gebaar die bleekheid laag na vore waar die see en die lighuis is, sien wink en wiel. Hy weet dat hy sy hoof ondraaglik na die hemel draai toe hy dieper water bereik en borsdiep in die tregter stromende geweld insink, maar nie waarom hy aanhou voorwaarts veg nie, en nie waarom toe hy haar stem sy naam hoor roep, hy sonder 'n oogwenk van huiwering bly staan nie. Terwyl hy veg om op sy bene te bly, hoor hy haar stem 'n tweede maal „Jon! Jon!“ hartstogtelik jonk en luid bo die watergeluid

opklink, en toe hy omdraai, sien hy die skuit laer af op die stroom. Hy sien hoe sy nou regop staan oor die vrou en haar toeroep: „Draai om, hoor jy! Draai om of sit my af!”

In die skemerlig skyn die skuit met die twee vroue baie ver weg te wees. Asof gevoelloos staan hy en kyk, maar nou gaan die meisie se stem voort om te roep in sy bors, om eensaamheid terug in sy bors te roep. En wyl hy deur die nag bly staar na die skuit, en sy skeiding van hulle dieper as net afstand voel, klem dit so skrynend onbeholpe in sy keel dat hy skielik kreun en sy kop op sy skouers roer. Skielik weet hy dat hy weer saam met hulle in die skuit moet wees.

Die skuit lê stil. Hy hoor die vrou se stem laag murmel. Hy begin vinnig stap na waar hy nader aan die skuit sal wees, en staan daar en wag. Hy weet nie om verbaasd te wees toe hy die spane sien roer en glinsterend in die sterlig terug na hom sien kruip nie. Stadig roei die skuit terug na hom. Saggies stoot dit in in sy hand.

Die meisie gaan sit, val miskien neer op die bankie in die boeg. Hy hou die skuitrand baie naby haar. „Jon,” sê sy. Haar gesig is 'n dringende ovaal wat hom laat ril. Die water pluk aan die hout in sy hand. Hy laat die skuitrand deur sy vuiste gly, verby die vrou wat hom dophou en klim in en gaan sit by die kronkeling steen en tou. Die skuit dryf verder aan.

Die meisie bly staar na hom: hy dink sy wil hom aanhits tot die geweld, nou om haar ontwil, nou om die ontwil van hartstog alleen. Hy voel en veg die blinde medepligtigheid daarvan in sy vlees: skielik is alles soos tevore, en dit walm driftig in hom dat alles soos vantevore is, en hy spring op en soos in 'n dodelike worsteling lig hy die steen met albei hande en gooi dit weg van hom.

„En die klip!” hyg hy.

Die water is diep onder die hol-beukende plas; die tou warrel uit oor die rand en spiraal 'n arabeske van betekenis te duiselig vinnig om herken te kan word, voor dit sink en sissend verdwyn.

Langsaam gaan die skommelende golfies weer lê.

Hy kyk weg van hulle oor die water wat dof en stil lê.

„Ek sal nie in dieselfde huis as hy bly nie,” mompel hy.

Sels toe praat die vrou nie. Sy trek die spaan in asof sy haar krag moet spaar van selfs op so 'n klein gewiggie verspil te word. Sy leun oor die kant om haar hand te benat en leun af in die buik van die skuit. Sy doen dit met 'n verbasende eenvoud van beweging: as die meisie oordadig

hoekig of golwend in al haar bewegings verskyn, vloei die vrou eenvoudig en reguit na die ding wat sy doen. „Adam,” fluister sy, „Adam, hoor jy my?” en buig oor die donker houpie wat ’n wyle sedert visse swakkies aan hul voete opgehou spartel het, tekens van kreun en roer begin gee. Die skuif dryf al stadiger aan met die uitgeputte gety wat spoedig weer stroomopwaarts sal draai. Windstote soutige asem raak hul wange aan, en gaan weer lê; teen die matte lug hou die lighuis-straal aan met sirkel en elke paar hartkloppe na hul gesigte soek; maar waar hulle is, van die lae moerassige oewers vanwaar die water teruggetrek het, kom die reuk van bedorwe brak slym en dooie draaisels soutwater grasse. Die water lê dood en stil.

In die boeg draai die meisie haar kop onrustig terug na hom.

Die skuif lê bewegingloos op die water. Die skuif lê in die lou stank nie eens êrens aan die einde van êrens uitgespoeg nie; spoedig sal die donker derm van die rivier hulle dieselfde onverteerde pad waarlangs hulle gekom het, terug begin suig. Hy sit fronsend na sy hande en kyk. „Dit word laat,” sê die vrou, en dadelik ongeduldig daarna, die meisie: „Waarom land ons nie!” Sy rug ruk styf. Hy stoot die spaan uit. Wyl hy die skuif na die naaste landpunt skommel, vertrek sy gesig om honende afsydigheid te toon.

Sodra die kiel teen die modder opsug, spring hy af en staan langesaan.

„Help my,” sê die vrou.

„Kom, Adam, jy moet afklim,” sê sy in ’n nuwe stemklank van smartlike hulpeloosheid. Maar haar arms beweeg stewig en seker, en help die dom-dronke man op sy bene, en stut hom teen die sylingse ruk van die skuif. „Help my,” sê sy luider. Sy herhaal dit nie. Haar arms steek stewig en sterk uit van die stam van haar lyf wyl sy die ou man die slymerige wal help uitsteier. ’n Besliste vreemde laggie vloei uit op haar gesig en bly daar, selfs toe hy onbeholpe bo die hoogwater-merk staan en swaai, en sy iets kleins, miskien ’n beursie, in sy hand druk. „Jy moet nooit weer terug kom nie,” sê sy netso hulpeloos teer as van tevore. Sy wag tot sy sien dat hy alleen kan staan. „Verstaan jy? Jy kan nooit weer terugkom nie.” Hy toon tekens van lewe: sy ken sink rukkerig en sy kop presenteer die bloedgekoekte hare-kroon. Toe draai sy om na waar haar seun langs die skuif verstyf staan. Toe eers kraak haar gesig tot skerwê van moegheid. Sy gly in die modder, lomp noudat sy alleen



loop. Sy hoor die hees geluide agter haar, maar sy hou moeisaam aan met afdaal na die skuit. Alleen die meisie en die jongman sien hoe hy swaai en skud waar hy staan en afkyk na hulle en afgryflik probeer lag met sy gesig wat selfs op 'n paar tree afstand ooglopend in 'n grynslag verwronge is.

„Hy's nog altyd dronk,” sê die jongman. Dit klink asof hy gespoeg het.

Die vrou daal af tussen hulle twee gesigte.

„Hella . . . ” ruk oor die jongman se lippe. Sy kop ruk weg.

Toe spring die meisie op in die skuit met 'n geluid wat ôf woede ôf afkeer kan wees, en soos na 'n hond, gooi sy iets na die nagmerrie-spotgestalte bo hulle in die halflig, iets wat sy voor haar voete opgetel en wat haar miskien selfs tevore geïrriteer het, die verkrimpte kleinheid van 'n vis wat dof-nat in die modder neersmak.

Hy stoot die vrou in. Hy stoot die skuit. Hy gryp die spane en tog sit hy en kyk hoe die vae vorm wegsteier in die nag.

Vir 'n wyle kyk hulle weg van mekaar oor die water, drie stiltes geskeie en een soos die dood.

Die skuit lê op die dooie water. Die vrou sit inmeekaargesak in 'n moeë hopie; toe hy dink dat sy geluidloos aan die huil kan wees, gee hy 'n wrange lag en roep teen haar:

„Jy het jou sin gekry met hom, maar nou is dit tyd dat jy my vertel jy het gelieg.”

Sy het die woord regverdigheid uit sy mond geslaan, en hom die geweld ook ontnem, maar nou sit sy te leeg en uitgeput oorkant hom om gehoor aan sy kreet te kan gee. Sy beweeg skaars haar hoof na sy kant. Maar toe roep die meisie trotsig uit:

„Jy sê jy het my lief. Dan het jy nie nodig om haar iets te vra nie!”

Sy leun na vore met haar hande geklem op die skuitrande soos sy hom wild trots aankyk.

Hy kreun. Hy leun oor na die vrou.

Sy swyg.

Dan kyk hy weg oor die water-duisterheid.

„Ek wens hy vrek,” sê hy, maar hy weet dat dit geen verskil nou meer sal maak nie, dat die donker skadu nou altyd tussen hulle sal wees.

Die skuit roer log, die gety begin weer stroom-op kruip, langsaam, tergend langsaam. Hy staan op. „Laat my roei,” mompel hy. Laat hulle snel beweeg, laat hulle jaag uit die

elumboog van die dooie watersuwwe doodheid van die nag. Hy wissel van plek met die vrou, hy swaai die spane uit, hy span sy rug, hy kan sy rug breek in die voorwaartse beur aan die spaan.

Tog, in die middel van 'n haal, verstywe die verwildering hom oor die spane met vasgekeerde, troebel behoefte dat die vrou praat, en mompel hy, hulpeloos voor die brutaliteit van sy stem:

„Moeder, waarom het jy die ligte laat brand?”

En toe sy alleen floutjies roer, roep hy dit luider weer 'n keer teen haar.

Toe maak sy 'n ooglopende poging, sy sit selfs meer regop en stut haarself op haar arms. Sy skyn self moeg daarvoor te wonder, of miskien alleen oor die wyse waarop hy dit geroept het teen haar. Oplaas roer haar stem:

„Ek weet nie . . . ek . . . ek wou . . . ”

„Maar jy weet waarom jy my moes bevuil,” merk die meisie bytend op.

Daarna sit die vrou nog 'n wyle stil, versamel sy haar krag stil tot nog 'n poging. „Vergeef my, Hella . . . ” fluister sy toe, „jy moet my vergewe dat ek dit gesê het . . . Maar nou is dit verby . . . ”

Haar stem eindig op 'n noot van byna onmenslike uitgesputheid; haar gesig sink af in haar hande soos 'n blom wat in duisternis sluit.

Hy sit met sy arms op die spane geleun, en voel hoe die rivier onder hulle spiere kry. Sonder dat hy weet wanneer begin hy weer ritmies weef in die roei, met elke spaanslag vorentoe gebuig soos een wat deur dik mis probeer sien. Sy asem begin snak in sy keel, maar hy verminder sy spoed nie, hy hou vol in die arbeid waarin hy vir 'n wyle verligting kan vind. 'n Wyle lang is die nag waarlik 'n koel rivier vir sy swaaiende vlam.

Eenmaal raak die meisie sy skouer van agter aan, en nog steeds nukkerig laag, maar nou met 'n dringendheid asof skielik bevrees, vra sy hom om na die kant te roei, nader aan die bleek spoke-bome wat hul takke in die swaar soetheid van hul geur af na die water laat hang. Hierdie keer luister hy na haar. Hy sit met die spaanlemme net bo die water, net geraak deur die krulletjies mis wat dromerig op die water se swart glas roer, en voel hoe die bloesem-geur swaar soos slaap en met 'n dodelike soetheid in sy bloed beweeg. 'n Witheid is aan die kom in die lug, en as hy draai na waar sy in die boeg staan en opreik na die tak soetdoring-bloeisels, verlig daardie eerste flouheid



van die komende dag die stuurse roer van haar hande op die tak wat moeilik is om af te breek, en onthul floutjies, met alleen 'n dons van lig, die sinnelike aandag van haar gesig omhoog gelig asof sy die bloeisels spytig kan skeur en kneus as die tak haar langer weerstaan, wyl sy tog weet dat sy end-uit sal voortgaan met die taak van haar vingers tussen die bloeisels en die dorings. In daardie oomblik is daar meer moedige koppigheid dan enigiets anders in haar gesig. Hy hou sy gesig na hare gedraai.

Toe sy weer gaan sit, en die bleek tak bleek op haar knieë hou, roer sy asof bevrees voor sy blik. Sy kyk weg oor die water waarlangs hulle gekom het.

„Jy sal vir my 'n ander kitaar moet koop,” sê sy so stug en sag dat hy alleen hoor.

Hy hou die spane 'n wyle in die harde kringe van sy hande. Alreeds sis die stroom onder die kiel, en voor hy in die vlugtende vlees daarvan met albei spane byt, kan hy voel hoe die donker wil van die gety hul nou weer stroomopwaarts voer.

# Elizabeth C. M. du Toit

## VIER HERFSURE

### I. WOUDLANDSKAP

Oor die woudland van die najaar  
buig die hemel hoog en blink.  
Op al die paadjies het rooi blare  
uit die populiere gesink.  
Wie bring 'n besem met stewige steel  
om hulle in hopies te vee?  
Die wind spring onder die blaargoud in,  
dra dit soos stuifmeel mee!

'n Man, met mantel van groen oor die skouers,  
is op pad deur die bronsrooi woud;  
rondom wapper die sluiers van die  
wind in rooi en in goud.  
Vloedwaters uit die berge het  
die rivier oor sy walle gestoot!  
Oor die kruine van die bome  
vlieg daar wolke, donker en groot.

Êén wat smiddags onder die son  
in die rooi goud van die bome  
aan talm is, mag verlore raak  
in vergulde blaredrome!

### II. BRUIN RIVIER

In stroom van blou op die heuwelrug  
sien ek wind aan beweeg;  
dit skud aan al die appelbome,  
maar die takke is leeg.  
Salmrooi tussen die appelwortels  
sien ek paddastoele staan,  
luister hoe wildeganse oor  
my hoof na die noorde gaan.  
In die koring groei rooi papawers,  
krisante het so helder 'n geur!  
Ek droom van my geliefde in  
die boord, deur herfs verkleur.

Dan stap ek in 'n geverfde boot,  
 seil uit op die bruin rivier;  
 die wind wat skuimwit om my raas  
 gee vir my plesier!  
 Brandergekabbel vergesel die slag  
 van die roeier in my hand;  
 Vêr agter laat ek die appelboord  
 aan die rivier se rand!  
 Sonlig op my gesig en hare  
 is 'n warm troos . . .  
 Maar ag, kortstondig hierdie stemming!  
 Ek word rusteloos!

Want droewige gedagtes breek  
 deur my sonplesier:

hy is weg, en ek allenig  
 op die herfsrivier!

### III. OOSTERKASTEEL

Oosterkasteel aan die berg se flank;  
 torings swart teen die aandrooi gerank.  
 Maalwind spring op en skud aan die aarde,  
 ruk herfsappels af in die krom boomgaarde.  
 Terfsgras hang swaar van saad en geur,  
 herfsbome word geel en oranje verkleur.  
 Die vier seisoene se draaiende wiel  
 Dreig om my herfstuin met ryp te verniel!

Soos dons op my voorhoof onthou ek jou kus:  
 my liefde word deemoed — ek kan berus.

### IV. POPULIERBOME

Deur die hek se bamboes-latei  
 sien ek die grafplaas uitgesprei:  
 murmel-murmél populierbome sê  
 dat dié wat moes sterwe, onderkant lê —  
 al honderd jaar lank sonder wakker te word —  
 swart is die kluite oor hulle gestort!

Langs wit stamme, die klipsplete deur,  
 bars bergwater, rooigeel gekleur.  
 Die jaar se sneeutyd kom al aan;  
 alles moet verand'ring ondergaan!

Oor die wêreld skuiwe duisternis en lig,  
aan die lugruim hang die maan se bleek gesig,  
valsterre streep die uitpansel oor,  
raak net so vinnig in die niets verloor!

Die mens se lewe is die vereensaamde kreet  
van 'n reisiger wat die weg nie meer weet,  
maar in aarseling op 'n verwoeste hei  
sy arms oop na die hemele spreï . . .

# Die Terugkeer van die Verlore Seun\*

ANDRÉ GIDE

*Uit die Frans vertaal deur Marius Valkhoff*


*Soos die skilders van die ou triptieke het ek hier, vir my eie stille vreugde, die gelykenis geskilder wat ons Here Jesus Christus vir ons vertel het. Terwyl ek die dubbele inspirasie wat my vervul, versprei en ongedeel laat, sal ek probeer om g'n enkele God se oorwinning oor my te bewys nie, ook nie my eie oorwinning oor Hom nie. Maar as die leser enige vroomheid van my eis, sal hy die dalk nie te vergeefs in my skildering soek nie, waar ek my, soos 'n opdraggewer in die hoek van sy skildery, op die knieë neergebuk het teenoor die verlore seun, en net soos hy, tegelyk lag-lag en tog met die gesig in trane gebaai.*

Toe na 'n lange afwesigheid, vermoei van sy fantasie en ontgoël deur homself, die verlore seun uit die ontbering wat hy gesoek het, aan sy vader se gesig dink, aan die ruime kamer waar sy moeder haar oor sy bed buig, aan die tuin vol stromende water maar tog afgesluit en waaruit hy altyd wou wegvlug, aan die sunige ouere broer van wie hy nooit gehou het nie, maar wat nog voorlopig dié deel van sy eiendom vashou wat hy in sy losbandigheid nie kon verkwis nie, toe moet hy erken dat hy nie die geluk gevind het nie, nee selfs nie 'n rukkie die dronkheid kon verleng wat hy by gebrek aan geluk gesoek het nie. O, dink hy, as my vader, wat eers kwaad vir my was, geglo het ek

\* Hierdie bewerking van die gelykenis van Lukas 15 het André Gide in Februarie 1907 geskrywe, nadat die katolieke digter Paul Claudel in die voorafgaande jaar probeer het om hom te bekeer. Ons vind in hierdie vertelling, wat baie karakteristiek is vir Gide se denkwyse en styl, 'n weerspieëling van die gewetenskrisis wat die oorspronklike protestantse denker toe deurgemaak het. Ons kan in die verlore seun dalk Gide self herken, in die Vader—God, soos Gide Hom sien, in die ouere broer—die Geestelikheid, verteenwoordig deur Claudel, in die jongere broer—Gide se ideaal van die vrygevogte jong mens, in die Huis—die Kerk. Miskien het hy met die Moeder aan sy vrou gedink, en met die huis ook aan sy familieplaas in Normandië, in teenstelling met die woestyn, wat waarskynlik Noord-Afrika voorstel, waar Gide baie keer gaan ontspan het. Maar die skrywer sê self in sy inleidinkie dat hy sy „dubbele inspirasie”, nl. die simboliese en die reële, „versprei en ongedeel” gelaat het, en ons sal dus goed doen om nie baie meer agter hierdie verhaal te soek nie as net 'n mooi en diepsinnige vervolg en „korreksie” op die bekende gelykenis.—Nota van die vertaler.

# EX LIBRIS

JOHANNES DE WET  
*Utriusque Juris Doctoris*  
*Castrum Bonae Spei.*







is dood, sal hy nou miskien bly wees om my terug te sien, ondanks my sonde. O! wanneer ek baie nederig, met geboë hoof en bedek met as, na hom terugkom en sê, terwyl ek voor hom neerbuig: „My vader, ek het teen die hemel en teen u gesondig”, en hy sê vir my, terwyl hy my met sy hand ophef: „Kom in die huis, my seun”, wat sal ek dan maak? . . . En daar begin hy al vroom op pad te gaan.

Wanneer hy, waar die heuwel ophou, eindelijk die rook op die huis se dakke merk, is dit aand, maar hy wag vir die donkerte van die nag om sy ellende 'n bietjie te verberg. In die verte hoor hy sy vader se stem; sy knieë word slap, hy val en bedek sy gesig met sy hande, want hy skaam hom oor sy skande, ofskoon hy weet dat hy die wettige seun is. Hy is honger; in 'n vou van sy stukkende jas het hy nie meer as 'n handvol van die soet peule nie waarmee hy hom voed nes die varke wat hy opgepas het. Hy sien die voorbereidings vir die aandmaal. Hy onderskei sy moeder wat op die stoep vorentoe kom . . . nou kan hy dit nie meer uithou nie: hy hardloop die randjie af, gaan langs die werf terwyl sy hond blaf en hom nie herken nie. Hy wil met die bediendes praat, maar hulle is wantrouig en gaan opsy, en hulle kom hulle meester waarsku; daar is hy!

Sekerlik het hy die verlore seun verwag, want hy het hom dadelik herken. Hy maak sy arme oop; die seun kniel dan voor hom neer, en terwyl hy sy voorkop met een arm verberg en die ander optel om vergewing te vra, roep hy:

„My vader, my vader, ek het baie gesondig teen die hemel en teen u; ek is nie meer werd dat u my roep nie; maar laat my ten minste as een van u bediendes, selfs die geringste van hulle, in 'n hoekie van ons huis lewe . . .”

Die vader rig hom op en druk hom teen sy hart.

„My seun, laat die dag waarop jy na my teruggekom het, geseën wees!” En die vreugde van sy oorstromende hart vind uiting in tranes; nadat hy sy seun se voorkop gesoen het, rig hy sy hoof op en wend hom na sy bediendes:

„Bring die mooiste kleed; trek vir hom skoene aan sy voete en 'n kosbare ring aan sy vinger. Soek in ons stalle die vetste kalf, slag hom en berei 'n vreugdemaal voor, want hierdie seun van my wat ek dood gewaan het, is lewendig.”

En omdat die nuus al rondgaan, haas hy hom, want hy wil nie dat 'n ander sê nie:

„Moeder, die seun wat ons beween het, is aan ons teruggegee.”

Almal se vreugde, wat soos 'n gesang opstyg, maak die

oudste seun bedruk. As hy hom tog aan die gemeenskaplike tafel neersit, is dit omdat sy vader deur sy uitnood en aandrang hom daartoe dwing. Net hy onder al die gaste — tot die geringste bediende is uitgenood — vertoon 'n bose gesig: Hoekom word daar aan die berouvolle sondaar meer eer bewys as aan homself, aan hom wat nooit gesondig het nie. Hy verkies die goeie orde bo die liefde. As hy goed vind om by die fees te verskyn, is dit net omdat hy sy broer krediet gee en hom daarom vir een aand sy vreugde kan leen; die rede is ook dat sy vader en moeder vir hom belowe het om môre die verlore seun onder hande te neem, en dat hyself hom ook voorgeneem het om hom ernstig te vermaan.

Die fakkels rook na die hemel. Die maaltyd is beëindig. Die bediendes het die skottels weggeneem. Nou, in die nag waarin g'n windjie begin waai nie, begin in die moeë huis mens na mens inslaap. Maar tog weet ek dat in die kamer langs dié van die verlore seun, 'n kind, sy jongste broer, rus wat die hele nag tot dagbreek toe vergeefs sal probeer om die slaap te vat.

#### DIE VADER SE VERMANING

My God, ek kniel vandag voor u neer met my gesig in trane. Indien ek my hier u dringende gelykenis herinner en hom oorskrywe, is dit omdat ek weet hoe u verlore seun was, omdat ek my in hom herken, omdat ek somtyds in my die woorde hoor en heimlik herhaal wat u hom in sy grote nood laat uitroep het:

„Hoe baie bediendes van my Vader het by hom oorfloed van brood, en ek vergaan van honger.”

Ek stel my die Vader se omarming voor en my hart smelt by die warmte van so 'n grote liefde. Ek verbeel my selfs die voorafgaande nood, ja, ek verbeel my alles wat 'n mens wil. Ek glo daaraan; ek is self die een wie se hart klop wanneer hy, daar waar die heuwel ophou, weer die bloue dakke van die huis sien wat hy verlaat het. Waarom wag ek nog om na die woning te hardloop en in te kom? Hulle wag vir my. Ek sien al die vetgemaakte kalf wat hulle toeberei . . . Hou op! Dien die feesmaal nie te gou op nie! Verlore seun, ek dink aan jou; vertel vir my eers wat die Vader vir jou gesê het, die volgende dag, ná die welkomsmaal. Ag, Vader, mag ek, ondanks wat die ouer broer u inblaas, soms u stem deur sy woorde heen hoor!

„My seun, hoekom het jy my verlaat?”

„Het ek u rêrig verlaat, Vader, is u nie orals nie? Ek het nooit opgehou om u lief te hê.”

„Laat ons nie redetwis nie. Ek het 'n huis gehad wat jou omsluit het. Hy was vir jou gebou. Mensegeslag na mensegeslag het daaraan gewerk, sodat jou siel daar 'n skuilplek sou kon vind en ook luukse wat hom waardig is, en gemak, en 'n beroep. Jy, my erfgenaam, my seun, hoekom het jy uit die huis weggedros?”

„Omdat die Huis my vasgehou het. Die Huis is nie uself nie, Vader.”

„Ek het dit gebou, en selfs vir jou.”

„O, uself sê dit nie, maar my broer. U het die hele wêreld gebou met die Huis en met wat nie die Huis is nie. Dog die eintlike Huis is deur ander as u gebou; in u naam, ek weet dit, maar hulle was ander mense as u.”

„Die mens het 'n dak nodig waaronder hy sy hoof kan laat rus. Hoogmoedige! Dink jy dat jy midde in die wind kan slaap?”

„Is daarvoor so baie hoogmoed nodig? Armer mense as ek het dit gedoen.”

„Dit was die armes. Jy is nie arm nie. Niemand kan van sy rykdom afstand doen nie. Ek het jou die rykste van almal gemaak.”

„My Vader, u weet wel dat ek by my vertrek alles wat ek kon van my besit saamgeneem het. Wat sal ek om die goed gee wat 'n mens nie met hom saam kan vat nie?”

„Die hele fortuin wat jy saamgeneem het, het jy in dwaasheid verkwis.”

„Ek het u goud in genot verander, u vermanings in verbeelding, my kuisheid in poësie en my beperkings in verlangens.”

„Moes daarvoor jou suinige ouers hulle inspan om so baie deug in jou te distilleer?”

„Sodat ek dalk met 'n skoner vlam kan verbrand wanneer 'n nuwe vuur my aansteek.”

„Dink aan die suiwere vlam wat Moses gesien het op die brandende braambos: dié het geskitter maar sonder te verbrand.”

„Ek het die liefde geken wat verteer.”

„Die liefde wat ek vir jou wil leer, verfris jou. Wat het jy na min tyd oorgehou, o losbandige seun?”

„Die herinnering aan daardie genot.”

„En die ontbering wat daarop gevolg het.”

„In die ontbering het ek my naby u gevoel, Vader.”

„Was die ellende nodig om jou daartoe te bring om na my terug te keer?”

„Ek weet nie . . . Dit was in die droogte van die woestyn dat ek die meeste van my dors gehou het.”

„Jou ellende het jou beter die waarde van die rykdomme laat voel.”

„Nee, dis nie reg nie. Verstaan Vader my nie? Toe dit heeltemal leeg was, is my hart met liefde vervul. Vir die prys van al my eiendomme het ek die geesdrif gekoop!”

„Was jy dus gelukkig, ver van my?”

„Ek het my nie ver van u gevoel nie.”

„Wat het jou dan laat terugkom? Praat.”

„Ek weet nie. Miskien my luiheid.”

„Die luiheid, my seun! Wat nog! Was dit nie die liefde nie?”

„Vader, ek het dit al vir u gesê: ek het nooit méér van u gehou as in die woestyn nie. Maar ek was moeg om elke môre weer in my bestaan te voorsien. Tuis eet 'n mens tenminste goed.”

„Ja, die bediendes sorg daarvoor. So, wat jou terug gebring het was die honger.”

„Miskien ook die lafhartigheid, die siekte . . . Op die duur het die kos wat net die toeval my verskaf, my verswak; want ek het my met wilde vrugte gevoed, en met sprinkane en met heuning. Ek het hoe langer hoe slegter die ongemak verdra wat eers my geesdrif aangevuur het. Snags, wanneer ek koud was, het ek aan my bed gedink wat by my Vader so goed reggemaak was; wanneer ek gevas het, het ek gedink dat by my Vader die oorvloed van opgediste spys altyd groter was as my honger. Ek het geswig; om nog langer te veg het ek my nie dapper genoeg gevoel nie, nie sterk genoeg nie, en tog . . .”

„Dus die vetgemaakte kalf het gister vir jou lekker gelyk?”

Die verlore seun werp hom snikkend met sy gesig teen die grond:

„Vader, Vader! Die wilde smaak van die soet peule bly ondanks alles in my mond. Niks kan die heerlike smaak daarvan oortref nie.”

„Arme kind!” hervat die Vader wat hom ophef. „Ek het vir jou dalk hard toegesprek. Maar jou broer het dit gewens en hy maak die wet hier. Hy was dit wat my aangemaan het om vir jou te sê: ‚Buitekant die Huis is daar g'n heil vir jou nie.’ Maar luister: Ek was dit wat jou gevorm het; ek weet wat is jou lewe. Ek weet wat jou op die verre paaië gebring het, en ek het vir jou aan die end gewag. As jy vir my geroep het, was ek by jou gewees.”

„My Vader, sou ek u dus kon gevind het, sonder tuis te kom? . . .”

„As jy jou swak gevoel het, het jy goed gedoen om tuis te kom. Gaan nou; keer terug na jou kamer wat ek vir jou laat regmaak het. Genoeg vir vandag; rus uit: môre sal jy met jou broer moet praat.”

#### DIE OUDSTE BROER SE VERMANING

Die verlore seun probeer eers om 'n hoë toon aan te slaan.

„My ou boet,” begin hy, „ons lyk amper nie na mekaar nie. Ons lyk eintlik glad nie na mekaar nie.”

Die ouer broer sê:

„Dis jou skuld.”

„Hoekom my skuld?”

„Omdat ek binne die bestaande orde gebly het; alles wat daarvan afwyk, is die vrug of saad van hoogmoed.”

„Moet ek my net deur foute onderskei?”

„Noem slegs goeie eienskappe wat jou terugbring na die bestaande orde, en al die ander — probeer om dit te betuel.”

„Daardie verminking van myself is nou net die ding waarvoor ek bang is. Ook wat jy wil vernietig, kom van die Vader.”

„Nee, nie vernietig nie, maar betuel, het ek vir jou gesê.”

„Ja, ek verstaan. So het ek indertyd mos my deugde betuel!”

„En daarom ook vind ek hulle vandag terug. Jy moet hulle groter sien as jy doen. Verstaan my: dis geen vermindering, dis 'n verheffing van jouself wat ek voorstel, waar die verskillendste, die oproerigste elemente van jou liggaam en jou gees harmonies moet saamwerk, waar die slegste in jou die beste moet voed; waar die beste moet onderwerp word aan . . .”

„Ek het ook so 'n verrukking gesoek wat ek in die woestyn gevind het — en miskien nie baie verskillend van die een wat jy my voorstel nie.”

„Eintlik sou ek die vir jou wil *oplê*.”

„Ons Vader het nie so hardvotig gepraat nie.”

„Ek weet wat die Vader vir jou gesê het. Dis vaag. Hy druk hom nie meer baie duidelik uit nie — sodat 'n mens hom kan laat sê wat hy wil. Maar *ek* ken sy gedagtes goed. By die bediendes bly ek die enigste tolk daarvan en wie die Vader wil verstaan moet na my luister.”

„Ek het hom baie goed sonder jou verstaan.”



„Dit het so vir jou gelyk; maar jy het hom sleg verstaan. Daar is nie verskeie maniere om die Vader te verstaan en nie verskeie maniere om na hom te luister nie. Daar is ook nie verskeie maniere om van hom te hou nie: ons moet mos eensgesind wees in sy liefde.”

„In sy Huis.”

„Daardie liefde voer daarna terug; jy sien dit mos aangesien jy nou hier terug is. Sê net vir my: Wat het jou gedrywe om te vertrek?”

„Ek het te baie die gevoel gehad dat die Huis nie die hele heeal is nie. Ekself is nie heeltemaal die persoon wat jy sou wens dat ek is nie. Ondanks myself het ek my ander akkers, ander lande en ander paaie verbeel om daarlangs weg te trek, paaie wat nog nie gebaan is nie; en ek het my in myself die nuwe wese verbeel wat daardie paaie met vreugde gaan soek en volg. Toe het ek weggeloop.”

„Dink eers daaraan wat sou gebeur het as ek net soos jy die Vader se huis sou verlaat. Die bediendes en die bandiete sou al ons goed geplunder het.”

„Dit maak nie saak nie, omdat ek andere besittings verwag het.”

„Besittings wat jou trots oordrywe het. Boetie, die opstandigheid is nou verby. As jy dit nog nie weet nie, sal jy nog eenmaal leer uit watter chaos die mens voortgekóm het. Hy het hom daar sleg uit ontworstel; met al sy gewig val hy daarin terug so gou as die Gees hom daar nie meer bo ophef nie! Moenie dit tot jou eie skande leer nie! Die goed geordende elemente wat jou persoonlikheid saamstel, wag net vir jou toegewe, vir jou swakker word om na die anargie terug te keer . . . Maar wat jy nooit sal weet nie, dis die lang tyd wat die mens nodig gehad het om die mens te vorm. Noudat die model klaar is, laat ons daarby bly. „Hou vas wat jy het,” sê die Engel van die Kerk,\* en hy voeg daaraan toe: „Sodat niemand jou kroon kan neem nie.” Wat jy het, dis jou kroon, dis daardie koningskap oor die ander en jouself. Die oorweldiger loer op jou kroon; en hy is orals, en hy dwaal rondom jou en in jou. Hou dit vas, my broer! Hou vas!”

„Ek het dit al lank los gelaat; ek kan my hand nie meer op my erfgoed lê en dit vasvat nie!”

„Ja, jy kan; ek sal vir jou help. Ek het oor die goed gewaak toe jy afwesig was.”

„En dan nog dit: daardie woord van die Gees ken ek ook; jy het dit nie volledig aangehaal nie.”

\* Openbaring 3:11.

„Inderdaad, dit gaan só verder: ‚Wie oorwin— Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my God maak en hy sal daar nooit weer uitgaan nie.’”

„Hy sal daar nooit weer uitgaan nie.” Dit is net wat my bang maak.

„Dis vir sy geluk.”

„O! Ek verstaan. Maar ek was al in daardie tempel . . .”

„Dit het met jou sleg gegaan om daaruit weg te gaan, omdat jy mos wou terugkom.”

„Ek weet, ek weet. Hier is ek terug, dis waar.”

„Watter goed kan jy êrens anders soek wat jy hier nie oorfloedig vind nie? Of beter: dis net hier waar jou besittings is.”

„Ek weet dat jy rykdomme vir my bewaar het.”

„Ten minste die besittings wat jy nie deurgebring het nie, dit wil sê: die deel wat ons almal gemeenskaplik besit: die grondbesit.”

„Het ek dus niks meer self nie?”

„Ja, daardie besondere deel van die gawes wat ons Vader dalk sal goed vind om nog vir jou te bestem.”

„Dis die enigste waaraan ek geheg is; ek stem toe om net daardie deel te besit.”

„Hoogmoedige! Jy sal nie geraadpleeg word nie. Tussen ons gesê: daardie deel is onseker en ek raai jou liewers aan om daarvan af te sien. Daardie deel van persoonlike gawes het jou ongeluk veroorsaak; dit was die goed wat jy dadelik deurgebring het.”

„Die ander kon ek nie saamneem nie.”

„Daarom sal jy dit nog gaaf terug vind. Maar dis genoeg vir vandag. Gaan in in die rus van die Huis.”

„Dis reg, want ek is moeg.”

„Laat jou moegheid dan geseën wees. Slaap nou. Mōre sal jou moeder met jou praat.”

#### DIE MOEDER

Losbandige seun wie se gees hom nog verset teen die woorde van jou ouer broer, laat nou jou hart praat. Wat is dit heerlik om, terwyl jy half lê aan jou moeder se voete, jou voorkop verborge in haar skoot, haar strelende hand te voel wat sy neerdruk op jou opstandige hoof.

„Hoekom het jy my so lank alleen gelaat?”

En omdat hy slegs met trane antwoord, gaan sy voort:

„Waarom sou jy nou huil, my seun? Jy is aan my teruggegee. Toe ek vir jou gewag het, het ek al my trane vergiet.”

„Het u nog altyd vir my gewag?”



„Ek het nooit opgehou om te hoop nie. Voor ek inslaap, elke aand, het ek gedink: As hy hierdie nag terugkom, sal hy dan die deur kan oopmaak, en dit het lank geduur voor ek aan die slaap geraak het. Elke môre voor ek heeltemal wakker was, dink ek: Sal hy vandag nie tuiskom nie? Daarna het ek gebid. Ek het so baie gebid dat jy tog moes terugkom.”

„U gebede het my terugkeer afgedwing.”

„Glimlag nie oor my nie, my kind.”

„O Moeder! Ek kom baie nederig by u terug. Sien hoe ek my voorkop laer neerlê as u hart! Daar is nie één van my gedagtes van gister wat vandag nie ydel word nie. Ek verstaan amper, nou ek by u is, waarom ek die huis verlaat het.”

„Sal jy nie meer vertrek nie?”

„Ek kan nie meer vertrek nie . . . ”

„Wat het jou eintlik daarbuite aangetrek?”

„Ek wil daar nie meer aan dink nie: Niks . . . Myself.”

„Het jy dan gedink jy sou ver van ons gelukkig wees?”

„Ek het nie die geluk gesoek nie.”

„Wat het jy dan gesoek?”

„Ek het gesoek . . . wie ek was.”

„O! Jy is mos 'n seun van jou ouers, en 'n broer tussen jou broers.”

„Ek het nie na my broers gelyk nie. Laat ons daar nie meer oor praat nie; hier is ek weer.”

„Ja sekerlik, laat ons daar nog 'n bietjie oor praat: Moe-nie dink dat jou broers so baie van jou verskil nie.”

„Van nou af aan sal my enigste sorg wees om na u almal te lyk.”

„Jy sê dit met berusting.”

„Niks is vermoeiender as om my ongelykheid te besef nie. Die reis het my ten slotte moeg gemaak.”

„Jy lyk nou baie ouer, dis waar.”

„Ek het gely.”

„My arme kind! Sonder twyfel was jou bed nie elke aand opgemaak nie, en jou tafel nie vir alle maaltye gedek nie?”

„Ek het geëet wat ek gevind het, en dikwels was dit net onrype of bedorwe vrugte wat ek my honger mee gestil het.”

„Het jy ten minste aan niks anders gely as van die honger nie?”

„Die middag se son, die middernag se kou, die woestyn se onvaste sand, die bossies wat my voete laat bloei het, niks van al die dinge het my gekeer nie, maar — dit het

ek nie vir my broer vertel nie — ek moes ook diens doen . . . ”

„Hoekom het jy dit verswyg?”

„Slegte meesters wat my liggaam mishandel, my trots gekwes en my skaars genoeg kos gegee het. Toe het ek gedink: Ag, nou ek tog moet dien . . . en in my drome het ek toe die huis weer gesien en ek het teruggekeer.”

Die verlore seun buig weer die voorkop wat sy moeder teer liefkoos.

„Wat sal jy nou maak?”

„Ek het dit al vir u gesê: My bes doen om na my groot broer te lyk, om ons besittings te versorg, om te trou soos hy . . . ”

„Jy dink seker al aan iemand wanneer jy dit so sê.”

„Ag, enige meisie sal die uitverkorene wees as u haar maar uitgekies het. Doen u soos u vir my broer gedoen het.”

„Ek sou haar wil kies in ooreenstemming met jou hart.”

„Dit maak nie saak nie! My hart het al gekies. Ek lê my trots af wat my ver van u weggevoer het. Lei u my keus. Ek onderwerp my by voorbaat, sê ek vir u. Op dieselfde manier sal ek my kinders onderwerp; en so sal my poging vir my nie meer so ydel lyk nie.”

„Luister. Daar is nou al 'n kind met wie jy jou moes besig hou.”

„Wat meen u en oor wie praat u?”

„Oor jou jongste broer wat nog nie tien jaar was toe jy vertrek het en wat jy skaars herken het, en wat darem . . . ”

„Gaan aan, Moeder. Waarom is Moeder nou ongerus?”

„En in wie jy jou darem kon herken het, want hy lyk heeltemal na wat jy was toe jy weggehoop het.”

„Hy lyk na my?”

„Na die een wat jy was, sê ek vir jou; nog nie helaas na die een wat jy geword het nie.”

„Hy sal dit word.”

„Hy moet dit spoedig word. Praat met hom; hy sal seker na jou, die verlore seun, luister. Sê vir hom veral wat 'n teleurstelling die reis vir jou gewees het; spaar hom die . . . ”

„Maar wat maak u so ongerus oor my broer? Miskien net 'n gelykenis van uiterlik? . . . ”

„Nee, nee. Die gelykenis tussen julle twee is dieper. Ek is nou ongerus oor hom weens dinge wat my eers nie voldoende verontrus het nie. Hy lees te baie, en hy kies nie altyd die goeie boeke nie.”

„Is dit nou al?”

„Dikwels sit hy op die hoogste punt van die tuin waarvandaan 'n mens die hele land kan sien, soos jy weet, oor die mure heen.”

„Ek herinner my. Is dit alles?”

„Hy is baie minder by ons as op die plaas.”

„So, en wat maak hy daar?”

„Niks verkeerds nie. Maar dis nie die bywoners met wie hy omgang het nie, dis die vabonde wat die verste van ons af staan, en hulle wat nie van hierdie land is nie. Daar is veral één man wat van ver kom en wat hom stories vertel.”

„O! die varkwagter.”

„Ja. Het jy hom geken? Jou broer volg hom elke aand in die varkstal om na hom te luister. Hy kom net vir die aandete tuis, sonder eetlus, en met klere wat vieslik ruik. Vermaninge help niks nie; hy verset hom wanneer 'n mens hom dwing. Party môres hardloop hy met dagbreek na die varkwagter om hom tot by die poort te vergesel, wanneer hy sy kudde gaan wei.”

„Hy weet darem dat hy nie mag uitgaan nie.”

„Jy het dit ook geweet! Ek is seker dat hy aan my op 'n dag sal ontsnap. Op 'n dag sal hy wegloop . . .”

„Nee, Moeder, ek sal met hom praat. Moenie ongerus wees nie.”

„Ek weet hy sal van jou baie dinge aanneem. Het jy gemerk hoe hy jou die eerste aand aankyk? Wat 'n indruk het die lompe op hom gemaak waarmee jy bedek was! En dan die purper mantel wat jou vader om jou gehang het! Ek was bang dat hy in sy gees 'n bietjie die een met die ander verwar het, en dat wat hom in jou aantrek, veral die lompe is. Maar nou skyn vir my hierdie gedagte dwaas, want, my kind, as jy mos al die ellende kon voorsien het, sou jy ons nie verlaat het nie, nie waar nie?”

„Ek weet nie meer hoe ek u kon verlaat nie, Moeder.”

„Wel, vertel hom dit alles.”

„Dit alles sal ek vir hom môre-aand vertel. Soen u my nou op die voorkop soos toe ek 'n klein kindjie was en Moeder my sien inslaap het. Ek het vaak.”

„Gaan en slaap. Ek sal nou vir julle almal bid.”

#### GESPREK MET DIE JONGSTE BROER

Daar is, langs die verlore seun se kamer, 'n taamlik ruime vertrek met kaal mure. Die verlore seun gaan met 'n lamp in sy hand versigtig tot by die bed waar sy jongste broer slaap met sy gesig na die muur. Hy begin sag te praat om die seun, as hy slaap, nie te steur nie.

„Ek sou met jou wil praat, my boetie.”

„Wat verhinder jou?”

„Ek het gedink jy slaap.”

„'n Mens hoef nie te slaap om te droom nie.”

„Jy het gedroom, en van wat?”

„Wat gaan jou dit aan! Ek dink as ek self my drome nie verstaan nie, dan sal jy hulle sekerlik nie vir my verklaar nie.”

„Is hulle dan so diepsinnig? As jy hulle vir my vertel, sou ek dit kan probeer.”

„Kies jyself jou drome? Myne is wat hulle wil wees, en hulle is vryer as ekself. Wat kom jy hier maak? Hoekom steur jy my in my slaap?”

„Jy slaap nie, en ek kom net vriendelik met jou praat.”

„Wat wil jy vir my sê?”

„Niks, as jy daardie toon aanslaan.”

„Nou dan, tot siens.”

Die verlore seun gaan na die deur, maar sit sy lamp op die grond, sodat dit nie meer as swak die kamer verlig nie, dan kom hy terug, gaan op die bed sit en, in die donker, liefkoos hy lank die afgewende voorkop van die jong seun.

„Jy antwoord vir my barser as ek ooit vir my ouboet gedoen het. Tog het ek my teen hom verweer.”

Die weerbarstige seuntjie het hom plotseling opgerig.

„Sê vir my: is dit ouboet wat jou stuur?”

„Nee, boetie, nie hy nie, maar ons moeder.”

„So, dus jy sou nie vanself gekom het nie.”

„Maar tog kom ek as 'n vriend.”

Half orent op sy bed kyk die groot kind strak die verlore seun aan.

„Hoe sou een van myne my vriend kan wees?”

„Jy vergis jou in ons broer . . . ”

„Moenie met my oor hom praat nie. Ek haat hom. My hele hart word ongeduldig teenoor hom. Hy is die oorsaak dat ek vir jou bars geantwoord het.”

„Hoekom?”

„Jy sou dit nie verstaan nie.”

„Sê dit darem . . . ”

Die verlore seun wieg sy broer teen hom aan, en reeds begin die seun hom oor te gee:

„Die aand van jou tuiskoms kon ek nie slaap nie. Die hele nag deur het ek gedink: Ek het 'n ander broer en ek het dit nie geweet nie. Daarom het my hart so vinnig geklop toe ek jou op die huis se werf sien instap, belaaï met roem.”

„Helaas, ek was toe bedek met lompe.”

„Ja, ek het vir jou gesien, maar jy was al die ene roem. En ek het gesien wat ons Vader gedoen het: hy het 'n ring aan jou vinger gesteek, 'n ring soos ons ouboet nie het nie. Ek wou niemand oor jou ondervra nie; ek het net geweet dat jy van baie ver af teruggekom het, en jou blik aan tafel . . . ”

„Het jy die feesmaaltyd bygewoon?”

„O ja, ek weet wel jy het my nie gesien nie; gedurende die hele maaltyd het jy na die verte gekyk sonder iets te onderskei. Ek verstaan dat jy die tweede aand met ons Vader gaan praat het, maar die derde aand . . . ”

„Gaan aan!”

„Ag, toe sou jy my darem net 'n enkel woordjie van liefde kon gesê het.”

„Het jy dus vir my gewag?”

„Natuurlik! Dink jy ek sou die ouboet so baie haat as jy daardie aand nie met hom gepraat het nie, en so lank? Wat kon julle vir mekaar gesê het? Jy weet darem dat jy niks met hom gemeen kan hê nie as jy na my lyk.”

„Ek het hom baie onreg aangedoen.”

„Hoe is dit moontlik?”

„Wel, ten minste vir ons Vader en ons Moeder. Jy weet ek het uit die huis weggevlug.”

„Ja, ek weet. Dis lank gelede, nie waar nie?”

„Toe ek omtrent so oud was soos jy.”

„So . . . En is dit wat jy noem onreg doen?”

„Ja, dit was my onreg, my sonde.”

„Toe jy weggegaan het, het jy toe gevoel dat jy kwaad doen?”

„Nee, ek het in myself 'n verpligting gevoel om te vertrek.”

„Wat het daar dan gebeur dat jou waarheid van toe nou in dwaling verander het?”

„Ek het gely.”

„En *dit* laat jou sê dat jy verkeerd was?”

„Nee, so is dit eintlik nie, maar dit het my laat nadink.”

„Dus voor die tyd het jy nie nagedink nie?”

„Ja tog, maar my swak verstand het hom laat beïnvloed deur my begeertes.”

„Soos later deur die lyding. Sodat jy vandag . . . oorwonne terugkom.”

„Nee, nie eintlik oorwonne nie, maar berustend.”

„Jy het mos daarvan afgesien om die een te wees wat jy wou word.”

„Die een wat my trots my aanraai om te wees.”

Die seun bly 'n oomblikkie stil, dan bars hy plotseling uit in trane en roep:

„O, my broer, ek is die een wat jy was toe jy vertrek het. O, sê vir my: het jy niks as teleurstellings op jou pad ontmoet nie? Is alles wat daarbuite, in my gevoel, so verskillend is van hier dan net 'n lugspieëling? Is alles nuuts wat ek in my voel dan net dwaasheid? Sê vir my: watter wanhoop het jy op jou pad ontmoet? O, wat het jou laat terugkom?”

„Die vryheid wat ek gesoek het, het ek verloor; gevange soos ek was, moes ek dien.”

„Ek is hier gevange.”

„Ja, maar ek moes slegte meesters dien; hier dien jy jou ouers.”

„Ag, as 'n mens tog moet dien, het hy dan nie ten minste die vryheid om sy diens te kies nie?”

„Dit het ek gehoop. So ver as my voete my gedra het, het ek geloop om my begeertes te bereik, soos Saul sy eselinne. Maar terwyl 'n koninkryk vir hom gewag het, was dit net die ellende wat ek gevind het. En tog . . .”

„Het jy jou nie in die pad vergis nie?”

„Ek het reguit geloop.”

„Is jy seker daarvan? Daar is darem nog ander koninkryke wat 'n mens kan ontdek, en lande sonder koning.”

„Wie het dit vir jou vertel?”

„Ek weet dit, ek voel dit. Dit lyk vir my dat ek daar al heers.”

„Hoogmoedige!”

„So, so. Dit is wat ons ouboet vir jou gesê het. Hoekom herhaal jy dit nou vir my? Waarom het jy daardie hoogmoed nie bewaar nie! Dan sou jy nie teruggekome het nie.”

„Maar dan sou ek vir jou nie geken het nie.”

„Tog wel! Daar gunter waar ek jou sou opgesoek het, sou jy my as jou broer herken het. Dit lyk selfs nog vir my dat, as ek nou weggaan, dit is om jou terug te vind!”

„Jy gaan weg?”

„Het jy dit nie verstaan nie? Spoor jy self vir my nie aan om weg te gaan nie?”

„Ek sou jou die terugkeer wil bespaar, deur jou die vertrek te bespaar.”

„Nee, nee, sê dit nie vir my nie; nee, dit wil jy nie sê nie. Het jy darem ook nie as 'n veroweraar vertrek nie?”

„En dit het vir my die slawerny so veel te harder laat lyk.”



„Maar hoekom het jy jou dan onderwerp? Was jy al so moeg?”

„Nee, nog nie, maar ek het getwyfel.”

„Wat meen jy?”

„Ek het aan alles getwyfel, ook aan my self; ek wou êrens stilhou, my eindelijk êrens vestig; die gemak wat daardie meester vir my belowe het, het my aangelok . . . ja, ek voel dit nou goed: ek het misluk.”

Die verlore seun buig sy hoof en verberg sy oë agter sy hande.

„Maar in die begin?”

„In die begin het ek lank geloop dwarsdeur die groot, ononderworpe land.”

„Was dit die woestyn?”

„Dit was nie altyd die woestyn nie.”

„Wat het jy daar gesoek?”

„Ek verstaan dit self nie meer nie.”

„Staan op van my bed, kyk op die tafel by die koppenend, daar by die verskeurde boek.”

„Ek sien 'n oop granaat.”

„Dis die varkwagter wat dit vir my saamgebring het, die ander aand, na hy drie dae nie by die huis gekom het nie.”

„Ja, dis 'n wilde granaat.”

„Ek weet dit, sy suurheid is amper afskuwekkend; tog voel ek dat, as ek dors genoeg was, ek daarin sou byt.”

„Ag, op hierdie oomblik kan ek dit wel vir jou sê: dis hierdie dors wat ek in die woestyn gesoek het.”

„'n Dors wat net daardie nie-soete vrug les . . . ”

„Ja nee, maar jy moet van daardie dors hou.”

„Weet jy waar om dit te pluk?”

„Dis 'n klein en verlate boord waar 'n mens voor die aand aankom. G'n enkel muur skei dit meer van die woestyn nie. Daar het 'n spruit geloop; party half-rype vrugte het aan die takke gehang.”

„Watter vrugte?”

„Dieselfde as in ons tuin, maar wildes. Dit het baie warm geword daardie hele dag.”

„Luister, weet jy waarom ek vanaand vir jou gewag het? Voor die end van die nag gaan ek vertrek. Hierdie nag, hierdie nag, so gou as dit begin lig word . . . Ek het al 'n gord aangesit, en ek het vannag my sandale aangehou.”

„Wat! Wat *ek* nie kon doen nie, sal jy volbring? . . . ”

„Jy het vir my die pad gebaan, en as ek aan jou dink, sal ek gesteun voel.”



„Ek sal jou bewonder, maar *jy* sal my vergeet. Wat neem jy saam?”

„Jy weet mos, tweede seun, dat ek geen deel het aan die erfenis nie. Ek vertrek sonder iets.”

„Dis beter.”

„Waarna kyk jy deur die kruisvenster?”

„Na die tuin waar ons gestorwe voorouers begrawe is.”

„My boet . . . (die groot kind staan op van sy bed en sit sy arm om die verlore seun se nek, sy arm wat so sag word soos sy stem) . . . vertrek saam met my!”

„Laat my, laat my. Ek bly agter om ons moeder te troos. Sonder my sal jy dapperder wees. Dis tyd nou. Die hemel word ligter. Vertrek sonder geraas. Kom, omhels my, my jong boetie: jy neem al my hoop saam. Wees sterk, vergeet ons, vergeet my. Ek wens jy sal nie terugkom nie . . . Gaan saggies die trap af . . . ek hou die lamp vas . . . ”

„O, gee vir my jou hand tot by die deur!”

„Pasop vir die stoeptrappies . . . ”

# *H. W. Venter*

## OMDAT MY SIEL

Omdat my siel 'n dorre riet moes wees  
waardeur die wind nog net sy smart kon sing,  
het ek gewonder of die bitter vrees  
geen ander boodskap as van hoon kan bring.

Omdat my siel die weerklink is van pyn  
wat namelose twyfel in my wek,  
het ek die selfbedrog soos 'n gordyn  
al digter om my eng bestaan getrek.

Soos hierdie riet nog steeds die lewe tart  
en tog geen sap vir groei meer kan vergaar, —  
So 't ek in die vernedering gestaan,  
terwyl ek weet dat daar in elke aar  
die hunk'ring groei om alles ongedaan  
te maak met swaarde van 'n vrou se hart.

## HERFSDAG

My lewe het meteens so stil geword  
soos droë blare as die wind nie roer.  
Die bitter trane wat ek eens moes stort,  
sal my net nader aan jou vreugde voer.

Nog nooit soos nou het ek die drang geweet  
van hierdie ure; en om te aanvaar  
die groter dinge wat my krag wou meet  
met daardie maat wat ek nie kan verklaar!

So is die Herfs, — soos hierdie stil bestaan:  
'n wierook van gebed in goud-bruin kleur  
wat vreemd gekom het in die laaste blaar.

Waarom moet skoonheid dan deur pyn ontstaan?  
Of het dié dinge wat hier moes gebeur,  
gelatenheid kom stort in elke aar?

CHIFFONNIER



EX LIBRIS





## BY KAMPSBAAI

Ek het hier in die wilde bruising van die see  
die stil vertroosting van jou stem gehoor:  
die diep versee'kring dat jy áls aan my sal gee  
wat ek in hierdie lewe moes verloor!  
Die uur wat ek so baie naby jou kon wees,  
het selfs my vingers om jou toegevou.  
Jy was nie meer ekstase, droom, 'n vreemde gees,  
jy het jou hande om my hart gehou!

O vreug wat groter is as alle menseleed  
en wat ek n t kan vind in baie pyn,  
waarom is jy gebore uit 'n wanhoopskreet?  
So onbegryplik vir my moe  brein.  
Jou stem was hoorbaar in die laaste branderslag  
en in die bloed wat deur my are gaan,  
soos hierdie rots vir eeue al hier staan en wag,  
sou ek vir ewig in die kuns wou staan.

## AFSKEID

En nou moet d t die einde wees  
van hierdie vreemde pynloosheid!  
Tog kon ek deur d t alle vrees  
begrawe in vergetelheid.  
Maar wanneer sal die wond genees  
wat bloei met soveel bitterheid?

My hande moet ek strek na jou  
wat eens vir my so werklik was! —  
Want na ons afskeid bly die rou  
waarin my tong na woorde tas.  
Die stiltes wat ek nog kon hou,  
is soos herinnering se as!

Dit sal nie baat dat ek bly treur,  
want alles is reeds afgepers.  
Tog weet ek dat d t moes gebeur,  
vir die ontstaan van hierdie vers.  
Die blare het alreeds verkleur,  
en sterf so stil soos hierdie kers.

# *Hollands-Afrikaanse ex libris in die Africana-Museum*

ANNA H. SMITH

In Europa is dit reeds sedert die vyftiende eeu onder boeke-liefhebbers gebruiklik om 'n dekoratiewe stukkie papier voor in 'n boek te plak in plaas om hulle naam daarin te skrywe. In die vroegste tye was die meeste boekeversamelaars natuurlik welgesteld — anders sou hulle waarskynlik nie kon gelees het nie — en in besit van 'n familiewapen. In daardie dae was 'n man se wapen ook meestal genoeg om hom te identifiseer en was dit nie nog ook nodig om sy naam by die wapen op te gee nie. Die eerste ex libris, soos hierdie dekoratiewe strokies papier genoem word, het dus ook slegs bestaan uit die wapen van die eienaar. Mettertyd het dit gebruiklik geword om addisionele versiering en die persoon se naam by te voeg, en met verloop van tyd, veral toe die gewone man, wat nie noodwendig 'n familiewapen besit het, ook begin het om boeke te vergader, kon enige soort dekoratiewe motief op die ex libris aangebring word, en belangrike kunstenaars het dit nie benede hulle waardigheid beskou om af en toe 'n ex libris te ontwerp nie.

In die pioniersjare aan die Kaap was daar natuurlik nie eintlik kans om boeke te vergader nie. Verbygaande hooggeplaaste here op die heen- of terugreis na Indië en moontlik selfs een of twee van die goewerneurs mag boekerye en ex libris besit het, maar ongelukkig word hulle nie in die Africana-Museum verteenwoordig nie. Die eerste eintlike Kaapse bibliofiel tref ons eers in die agtiende eeu, en hy is natuurlik Joachim von Dessin, hoewel ons weet dat burgers soos Adam Tas ook boeke aangekoop het. Sover my bekend is daar geen ex libris in die boeke van Von Dessin wat in die Openbare Biblioteek, Kaapstad, behoue gebly is nie, en ex libris word ook nie vermeld in verband met die ander agtiende-eeuse Kaapse versamelaars van boeke soos ds. H. W. Ballot, F. R. Duminy of C. D. Persoon nie.

Vroeë Kaapse ex libris soos van Daniel F. Cloete en dr.

C. F. H. von Ludwig het wel behoue gebly, maar is ongelukkig nie in die Africana-Museum se versameling nie. Die oudste ex libris in Johannesburg met 'n Afrikaanse naam daarop is dié van Johannes de Wet. Die byskrif is, soos uit die afbeelding blyk, in Latyn. Regter Johannes de Wet was 'n bekende figuur in Kaapstad aan die begin van die neëntiende eeu wat hom onder ander beywer het vir die stigting van die Universiteit van Kaapstad. Ongelukkig is die naam van die ontwerper van hierdie ex libris nie bekend nie.

Dit is interessant om te sien dat ons vroegste ontwerpe uit wapens bestaan, soos die geval was in Europa, en dat hierdie tradisie selfs tot vandag bly bestaan, soos duidelik blyk uit die ex libris van bekende persone soos dr. F. V. Engelenburg, redakteur van *Die Volkstem* en eerw. A. Dreyer, Argivaris van die Kaapse kerk, waar die familie-wapen die hoofmotief is.

Met verloop van tyd het ander motiewe ook hier by ons ingesluip, en ons vind gedurende die laaste kwart van die neëntiende eeu vrywel enige moontlike ontwerp op 'n ex libris. Veral gewild is simboliese voorstellings van die persoon se belangstelling in een of ander onderwerp of stokperdjie; 'n sinspeling op sy naam; 'n toneel in 'n studeerkamer — trouens so te sê enige klein prentjie met die eenaar se naam daarby kan as ex libris dien. Dit moet natuurlik 'n afgeronde geheel vorm en nie te groot wees om gemaklik in 'n boek van gemiddelde grootte te pas nie.

Dit vereis derhalwe 'n sekere bedrewenheid van die kunstenaar om 'n goeie ex libris te ontwerp, en dit is gevolglik nie verbasend om te vind dat ons bekendste kunstenaars ook hierdie vorm van die grafiese kuns beoefen nie. Ek noem hier slegs: Pieter Wenning met sy ontwerp vir die spotprenttekenaar D. C. Boonzaier; J. H. Pierneef met 'n juweeltjie vir sy eie gebruik (hier afgebeeld), en ook ex libris vir ander persone soos bv. wyle G. C. Nel en M. L. du Toit in lewe onderskeidelik professor in die botanie aan die Universiteit van Stellenbosch en professor in die skone kunste aan die Universiteit van Pretoria; W. H. Coetzer het, sover my bekend, slegs 'n paar insluitende sy eie, ex libris ontwerp; en Erich Mayer is verantwoordelik vir 'n aantal, waaronder twee vir mev. Kreunen-Mees (gebore Neethling) van Hoenderlo, Nederland.

Omdat ons vooraanstaande Afrikaanse kunstenaars hulle in die ontwerp van ex libris geïnteresseer het, is dit ook te verwag dat Afrikaanse motiewe mettertyd op die voorgrond tree. Ons eie diere, blomme en bome maak dan ook gou hulle



verskyning, en voorbeelde van die ou Kaapse boustyl en Suid-Afrikaanse natuurtonele bly ook nie agterweë nie.

'n Hele aantal Suid-Afrikaanse liefhebbers van boeke is in besit van ex libris wat vir hulle deur buitelandse kunstenaars ontwerp is. Ek volstaan hier met die van R. F. M. Immelman, Bibliotekaris van die Universiteit van Kaapstad, deur Rockwell Kent; dié van wyle professor Leo Fouché van die Witwatersrandse Universiteit deur die Belg E. van Offel; en een van Eugène Marais deur James Guthrie.

Nederlandse kunstenaars is nie net verantwoordelik vir die ontwerp van ex libris vir Hollandse Suid-Afrikaners, soos professor Lütjeharms, van Bloemfontein, dr. J. Ploeger, van Pretoria of die digter Wilhelm Loeb nie, maar ten minste een van ons moderne ontwerpsters, mev. Ellaphie Baxter, gebore Hilhorst, is haar opleiding aan haar oom, die Nederlandse ex libris-kunstenaar, G. P. L. Hilhorst verskuldig.

Onder Hollanders is dit nie slegs gebruikelik om 'n eie ex libris te besit nie, maar daar is ook 'n groot belangstelling in die versamel van hierdie miniatuur-kunststukkie. In Nederland, bestaan daar 'n ex libris-kring met sy eie blad *Boekcier* hoofsaaklik gerig tot versamelaars van ex libris. Soos duidelik geblyk het uit die stroom briewe uit alle oorde na aanleiding van 'n kort beskrywing in die blad van die versameling in die Africana-Museum, is daar vandag belangstelling in ex libris in alle lande ter wêreld, en *Boekcier* is een van die weinige hedendaagse tydskrifte aan die onderwerp gewy. Daar bestaan 'n uitgebreide literatuur in Engels, Nederlands, Duits en Frans waarin allerlei aspekte van die kuns en die geskiedenis van die ex libris geskrywe word, maar sover is daar nog maar min oor die ex libris van ons eie land te boek gestel. Voor so 'n studie kan gemaak word, is dit natuurlik nodig om 'n verteenwoordigende versameling op te bou, en dit is juis wat in die Africana-Museum beoog word.

Dit is betreklik maklik om die ex libris van inrigtings soos universiteite, skole en biblioteke op te spoor, maar om dié van private individue in hande te kry, is besonder moeilik, want geeneen weet eintlik wie so 'n ex libris besit nie. Danksy die belangstelling en welwillendheid van 'n groot aantal vriende, beloop die versameling in die Africana-Museum darem nou om en by die 300 verskillende ex libris, waarvan omtrent 'n sesde aan Hollands-Afrikaanse boekeliefhebbers behoort. Ons vind hier nie net geleerdes soos

universiteitsprofessore verteenwoordig nie, maar ook voor-  
aanstaande sakemanne (R. K. Fraay), kunstenaars, skry-  
wers (Toon van den Heever), en toneelspelers (André  
Huguenet).

So 'n versameling gee derhalwe 'n goeie beeld van hoe  
verspreid boekeversamelaars onder die Afrikaners is, en  
tegelykertyd kan dit ook dien as voorbeeld van 'n aspek  
van ons kuns en kultuur wat nog maar min aandag geniet  
het.

# A. J. J. Visser

## SOMER IN DIE KAROO

Die aarde is nou reggedraai  
om op 'n rooster droog te braai.

Sy vettigheid drup in die vlam  
uit sandrivier en opvangdam.

Wanhopig haas die mense lomp  
van boormasjien na waterpomp

en suig die laaste druppel uit  
die dieptes deur 'n tregtertuit.

Maar toe gryp een 'n suurlemoen  
en druk dit vir die reënseisoen:

Die sproeireën groei tot hard en kaal  
die pitte oor die vlakke hael.

## EGGENOOT

Sy lok die wind om deur die baai  
van sy verwarde hart te waai:

Die golwe buig verwild en vlug  
tot oor die hoogste rots se rug

En in 'n kolk omring met sand  
verstil hul op die vasteland.

Maar hul verlang gedurigdeur  
om na die golwing trug te keer.

## JAGLUIPERD

My sluip is oer-ou haat  
wat uit my harsings traag  
bly drup tot hierdie daad:

Vir hom wat niks vermoed  
is ek die hinderlaag;  
die doodskiem in sy bloed.

#### ORPA

Verdwaas het sy die pad van gister afgelê  
en nooit gedink wat sy van goed en kwaad moes sê.  
Maar op die grens, gedwing, het sy geweet dat sy  
die gode en die sondes van haar jeug wou hê.

#### TREKSWAEL

Ek is die flink onrus —  
verlange, twyfel, vrees  
wat in die mensdom is;

'n keil wat stelsels kloof;  
wat skeur deur brein en gees  
tot in die ongeloof.

# Wat is Kuns?

P. V. PISTORIUS

Dit is 'n vriendelike bedeling wat dit vir die mens moontlik gemaak het om van die belangrikste waardes in die lewe te geniet en selfs intiem deel daaraan te hê, sonder om dit te hoof begryp. In die geval van die godsdiens is dit by uitstek die geval. Daar is die hoogste waarhede vir die verstand ontoeganklik en kan daar uiteraard van begryp geen sprake wees nie. Maar godsdiens is verreweg nie die enigste nie. Reeds Sokrates het al baie eeue gelede daarop gewys dat digters en ander kunstenaars geen begrip hoof te hê van die dinge wat hulle beoefen nie, en daar is geen rede om aan te neem dat Sokrates in die twintigste eeu sy sienswyse oor hierdie saak sou verander het nie.

'n Mooi voorbeeld daarvan is die onlangse artikel van Van Melle in *Tydskrif vir Letterkunde*. Die slotsom waartoe hy kom, is dan ook dat hy nie weet wat kuns juis is nie. Hy het die vraag aan baie mense gestel, mense wat dan eintlik moes geweet het omdat hulle almal kunstenaars is, maar die uiteenlopende vrae bevredig hom nie, en die leser kry onwillekeurig die indruk dat *kunstenaar-wees* onder meer daarin bestaan dat 'n mens aan 'n groep behoort wat anders is as ander mense en wat blykbaar die weligste floreer in 'n Boheemse atmosfeer van rookdampe en kod-dige persone.

Dit is dan ook 'n betreklik algemene opvatting vandag. Kuns is 'n saak vir 'n paar mense en skoonheid is iets wat geen mens korrek kan bepaal of oor oordeel as hy nie een van daardie paar mense is of dan tenminste akademies daarvoor opgelei is om oor die soort sake te oordeel nie.

Die vraag na die wese van skoonheid en kuns is een waarmee ek my ook al besig gehou het. Soos die geval is met alle ander mense, beskik ek oor geen esoteriese kennis in verband met die saak nie, en wat ek hier wil gee, is dan ook geen poging tot 'n afdoende antwoord op die vraag nie. Dit is hoogstens 'n gesigspunt.

Ek meen dat ons eerste benadering die vraag behoort te wees wat skoonheid eintlik is. Het die objektiewe werklikheid? Met ander woorde, het dit werklikheid afgesien van dinge of sake of mense waarvan dit 'n attribuut is?

Het dit enige werklikheid afgesien van 'n waarnemer? En is daar enige verband tussen skoonheid en ander waardes soos byvoorbeeld goedheid en waarheid?

Die antwoord op hierdie vrae hang natuurlik in 'n groot mate van 'n mens se lewensbeskouing af, en 'n deurtastende antwoord daarop sal nie in die bestek van 'n enkele artikel kan val nie. Hoogstens kan op 'n paar implikasies van hierdie probleme gewys word, en die vraag wat logies eerste kom, is of skoonheid enige objektiewe werklikheid het.

Laat ons nou in hierdie verband 'n oomblik veronderstel dat dit geen objektiewe werklikheid het nie. Dit sal beteken dat skoonheid slegs bestaan in die verhouding tussen dit wat waargeneem word en die waarnemer. Dit wat waargeneem word (noem dit maar 'n voorwerp), sal nie skoonheid as attribuut kan hê nie, want dit sou die werklikheid van skoonheid vereis, 'n skoonheid wat dan in verskillende voorwerpe en sake as attribuut tot openbaring kan kom. Buitendien sou dit meebring dat daar 'n objektiewe norm vir skoonheid sal moet wees, omdat die attribuut van 'n voorwerp nie kan afhang van 'n waarnemer nie, en daar dus, los van die waarnemer en transkendent ten opsigte van die voorwerp wat skoonheid as attribuut het, 'n werklikheid moet wees wat as grondslag vir daardie skoonheidsnorm kan dien.

En die ervaring leer ons dat daar wel 'n skoonheidsnorm is. Dit is weliswaar nie so duidelik omlyn soos die waarheidsnorm nie, maar bloot die feit dat die begrip *skoonheid* vir byna alle mense dieselfde konnotasie het, al sou daar ook ten opsigte van sekere skoonheidsverskynsels verskil van opvatting wees, dui daarop dat daar inherent in die mens 'n skoonheidsbesef is en dat daardie skoonheidsbesef van mens tot mens nie aanmerklik verskil nie.

Nou mag miskien gesê word: „Ja, maar dit beteken maar net dat mense nie veel van mekaar verskil nie. Dit beteken nog nie dat daar 'n objektiewe skoonheidsnorm bestaan nie.”

Maar dit is presies wat dit beteken. Want as daardie norm in alle mense inherent is, dan transkendeer dit die individuele mens. Per slot van rekening, wat in die partikuliere immanent is, moet vanselfsprekend die partikuliere transkendeer. Dit is dan 'n universele werklikheid, en daardie universele werklikheid is die norm van skoonheid.

Dit is dan ook wat die ervaring ons leer. Oor primêre skoonheidsverskynsels is daar selde of ooit verskil. Die glimlag van 'n kind, 'n onbaatsugtige daad, 'n sonsonder-

gang by Seepunt — wie sou die skoonheid daarvan wou loën? Dit is eers wanneer ons by sekondêre skoonheidsver-skynsels kom dat daar verskil van opvatting mag wees, byvoorbeeld in die geval van 'n kunswerk. Maar soos ek later sal probeer aandui, het ons dan nie meer met suiwer skoonheid te doen nie.

Die tweede vraag wat ons gestel het, is ewe belangrik. Is daar enige verband tussen skoonheid en ander waardes, soos waarheid en goedheid? Ook hier sou 'n uitvoerige bere-denering ons te ver voer, en weereens sal ons moet volstaan met 'n bepaling van die implikasies van 'n ontkennde antwoord op die vraag.

Ek weet dat ek my hier op gevaarlike grond bevind. Dit was immers in sekere kunssinnige kringe die mode om skoonheid sogenaamd vry te maak. Met waarheid en goedheid het dit dan niks te doen nie, en somtyds hoor 'n mens selfs dat ook die kunstenaar in hierdie *vryheid* mag deel.

Maar wat bring dit mee? Niks anders as dat daar dan meer as een uiteindelijke werklikheid moet wees nie. En as skoonheid dan van waarheid en goedheid losgemaak moet word, dan volg dit dat ook die ander waardes los van mekaar kan staan, en dan word die uiteindelijke werklikheid 'n oneindige veelvoudigheid van waardes wat uiteraard geen verband met mekaar het nie, omdat daardie verband anders die alles-omvattende eenheid sou wees wat onmiddellik die gewaande „vryheid” van die onderskeie waardes sou vernietig. Immers, in daardie verband sou die eenheid van waarheid en skoonheid te vind wees.

Laat ons goed besef wat dit sal beteken om skoonheid so los te maak. Dit sou beteken dat die eenheid van die heelal tot in sy grond geskud word en daarmee saam ook die fundamente van ons Christelike-idealistiese lewensbe-skouing. Die verwantskap tussen dinge sal verdwyn, want daar sal 'n veelvoudigheid van outeurs wees vir ons heelal, as daar dan nog van 'n heelal gepraat sal kan word. Ons godsdienst sal in die slag bly, want God sal hoogstens een van die baie uiteindelijke waardes wees, en waarom sou ons juis Hom kies om te aanbid? Die logiese samehang van ons wetenskap sal verdwyn, omdat 'n logiese samehang 'n transkenderende eenheid vereis, en dit sal dan nie bestaan nie. En die mens sal 'n konglomeraat wees van immanerende waardes, wat uiteraard strydig met mekaar is omdat hulle geen verband ken nie.

Maar, sal kan gesê word, die ervaring leer ons tog dat skoonheid en waarheid dikwels geskei, en byna altyd



onderskeie is. In ons tydruimtelike ervaringswêreld kom ons tog dikwels dinge teen wat mooi is sonder dat daardie besondere iets ook juis binne die trefkrag van die begrip *waarheid* hoef te val. Die sonsondergang by Seepunt was byvoorbeeld mooi. Maar is *waarheid* ook 'n attribuut daarvan? Dat dit nie onwaar is nie, is nie ter sake nie. Dit val net buite die kategorie van die begrip *waarheid*.

Dit gee ek geredelik toe, maar die deurslaggewende oorweging is hier dat dit geskied binne die terrein van ons ervaringswêreld, en die kriterium vir die werklikheid van dinge is nie ons ervaringswêreld nie, maar ons denke, wat wel daardie ervaringswêreld tot voorwerp mag hê, maar nie daaraan gebonde is nie.

En wat leer die denke ons in hierdie verband? Ek het alreeds daarvan gepraat dat ons denke 'n eenheid postuleer wat die veelvoudigheid van ons ervaringswêreld transkender en waarin daardie veelvoudigheid sy wesentlike eenheid vind. Uiteraard sal daardie transkendente eenheid nie vir ons diskursief-rationele verstand toeganklik wees nie. Immers, dit is 'n eenheid, en ons verstand werk deur analise en sintese, dinge waaraan 'n eenheid nie onderhewig is nie. Dit is tydloos en ruimteloos en ons verstand werk in terme van tydruimtelike begrippe. Dit is die universele, ons verstand die partikuliere.

Trouens, wanneer ons daardie transkendente werklikheid langs religieuse weg benader, erken ons al klaar die feit dat dit vir ons verstand ontoeganklik is. Ons moet soos kinders word om die koninkryk te beërwe. Vlees en bloed, so leer die Skrif, openbaar dit nie aan ons nie, maar net die Vader wat in die hemel is. En op wysgerige gebied is dit ewe waar — die menslike denke kan die ewige werklikheid nooit vat nie.

Maar van een ding kan ons seker wees. Omdat dit die transkendente eenheid is, moet al ons waardes daarheen herlei kan word. Wat ons as onderskeie sien, is maar net openbaringsvorms van een en dieselfde werklikheid. Ook skoonheid en *waarheid* en goedheid sal daarheen herlei moet word, al sien ons hulle as onderskeie waardes. In sy transkendente eenheid is die uiteindelijke werklikheid die bron waarheen skoonheid en *waarheid* herlei moet word, en in daardie uiteindelijke werklikheid vind hulle hulle wesenlike eenheid.

Per slot van rekening was Keats reg toe hy gesê het: „*Beauty is truth, truth beauty, that is all ye know on earth, and all ye need to know.*”

Skoonheid is dus 'n faset van die uiteindelijke werklikheid, een van die maniere waarop die universele homself aan die-partikuliere openbaar, en omdat daardie universele in elke mens immanent is, het elke mens 'n aanvoeling daarvoor. Wanneer die mens dus daardie selfde aspek van die universele, of noem dit dan van die uiteindelijke werklikheid, in een of ander voorwerp of persoon of situasie raaksien, kom hy onder die indruk daarvan. Dit vul hom met vreugde, met liefde, met ontsag en somtyds selfs met 'n mate van vrees. Sy emosie sal in 'n groot mate bepaal word deur die vorm waarin dit tot hom kom — teerheid by die aanskou van die kind se glimlag, vreugde en ontsag by die sien van 'n grootse natuurtoneel, eerbied en selfs vrees by die meemaak van 'n menslike situasie wat groots is. Hy mag dit mooi noem of ontsettend, hy mag dit in die verbygaan opmerk of dit mag aan die wortels van sy siel skud, maar dit is wesentlik dieselfde. Dit is die universele in hom wat die universele in iets anders geopenbaar sien.

Alle mense besit nie daardie aanvoelingskrag in dieselfde mate nie, maar dit ontbreek nooit, selfs nie in die kind nie, en die mate waarin die waarneem van skoonheid die gemoed van die waarnemer beetpak, is die eerste en belangrikste faktor wat die mens tot kunstenaar maak. Dit is meer as net 'n waarneming van skoonheid, en eintlik word die saak ook nie gedek deur die begrip *skoonheid* in enger sin nie. Want wat ons skoonheid noem, is maar 'n faset van die universele, van die ewige, en dit is die ewigheidsinstelling in die hart van die mens wat van belang is. Dit is die voorreg (of moet ons dit 'n skrikwekkende noodwendigheid noem?) wat sommiges ontvang het om nie net waar te neem nie, maar mee te lewe wanneer die skoonheid, al is dit ook die skoonheid van smart, so luid tot die hart spreek dat daardie hart hom aan die universele daarin oorgee. Die mens mag onbewus wees van wat werklik gebeur, maar wat gebeur is dit: Hy sien die ewigheid in die skoonheidsverskynsel, in die glimlag van die kind, in die natuurtoneel, in die wesentlik tragiese van een of ander situasie of mens, en hy herken dit as die ewigheid wat met hom praat. En sy emosie? Dit is wesentlik aanbidding. Hy het die Ewige gesien.

Meer mense as net die kunstenaar gaan onder hierdie ontsettende noodwendigheid gebuk, en dit is nie die teenwoordigheid of selfs graad daarvan wat die *kunstenaar-wees* bepaal nie. Want in die geval van die kunstenaar kom daar nog iets by, iets baie prosaïes, baie tydruimtelik, en

dit is die tegniek, die vaardigheid van die vingers, die beheer van die taal, die vastigheid van die hand, die sin vir kleure, en dit is daardie vaardigheid wat hom in staat stel om sy gelaaide gemoed te ontlaai in die skepping van 'n kunswerk. En die een wat die tegniek nie het nie, dra sy las met hom mee.

Miskien moet ek hier 'n terminologiese verduideliking maak. As ek praat van tegniek, bedoel ek nie vormgewing nie. Vormgewing reik terug tot in die aanvoelingspotensie van die skoonheidswaarnemer en dit reik vooruit tot in die skepping wat op daardie aanvoeling volg. So is dit met die kunstenaar, maar so is dit nie *net* met die kunstenaar nie. Want by die kunsprodukt is daar altyd tegniek, maar daar is vormgewing ook wanneer die skepping nie binne die kategorie van die kuns val nie.

Laat ek verduidelik wat ek bedoel. Daar is by twee mense, noem hulle A en B, 'n skoonheidsaanvoeling. Maar deur temperament, en kragtens die feit dat hy oor 'n tegniek beskik (m.a.w. hy kan skilder of skryf of komponeer), is A 'n kunstenaar. Sy vormgewing van die skoonheidswaarneming of trouens van enige waarneming waar die objek die universele is, gaan langs die weg van skoonheidskepping. Die produk is dus 'n kunswerk. Maar B is temperamenteel 'n denker en die vormgewing van sy beleving van die universele mag vorm aanneem in die weg van die denke. Hy mag daardie beleving weergee in 'n wysgerige geskrif, en so mag 'n derde mens, C, dit in sy eie lewe opneem. Die vormgewing sou by hom ook miskien in die weg van die kuns of van die denke gewees het, maar hy is daartoe nie in staat nie. Die *tegniek* ontbreek, 'n tegniek wat in die geval van A miskien lê in 'n gevoel vir kleure en vaardigheid met sy hande, en in die geval van B in 'n intellektuele vermoë en wetenskaplike kennis.

Maar dit sê nie dat daar by C geen vormgewing is nie. Sy vormgewing is miskien minder merkbaar, minder omlyn; in sy geval mag dit tot uiting kom in sy gedrag, in sy etiese beskouings en handelinge, in sy godsdiens of in sy arbeid.

En selfs al sou, in die geval van C, daar 'n mooi woord of ander skoonheidsuiting op die beleving volg, maak dit nog van hom geen kunstenaar nie. Die breë stroom van sy ewigheidsbeleving vloei in sy lewe in, nie in sy skoonheidsprodukt nie, net soos in die geval van A daar ook 'n mate van verstandsaktiwiteit op die beleving mag volg en in die

geval van B 'n mate van skoonheidsuiting. Die ou naturel wat 'n baadjie as geskenk kry, mag aan sy weldoener sê: „My hart blom, so bly is ek,” maar daardie metafoor maak hom nog geen kunstenaar nie. Die breë stroom het in sy lewe ingegaan, nie in sy metafoor nie.

En in die geval van C hoef die vormgewing nie bewus te wees nie. Ons het immers te doen met skoonheidsbeleving, nie noodwendig skoonheidsaanskouing of -beskouing nie. Maar al is C onbewus van die feit dat die stroom in sy lewe juis die stroom van die skoonheidsbeleving is, is dit nogtans vormgewing.

In die kunstenaar kan daar dus 'n katharsis kom, 'n reiniging, en in die skepping van sy kuns kan hy sy siel ontlaai. Die swangere kan geboorte gee en hy is weer soos hy was. Die indrukke van sy skoonheidsbeleving bly wel altyd by hom en uiteraard bring dit verryking mee, maar die intensiteit daarvan is daar nie meer nie. Dit het hy oorgedra op die kunsprodukt, en die siklus is voltooi.

Maar dit is anders met die nie-kunstenaar wat nogtans die eerste vereiste van *kunstenaar-wees besit*, met ander woorde, die een wat intens die ewigheidsbesef in sy skoonheidservaring het, sonder dat hy oor die vaardigheid beskik om sy siel uit te stort en dit so te ontlaai. Vir hom is daar geen uitweg, geen moontlikheid van verlossing nie. Sy skoonheidsbeleving bly by hom, en al wyse waarop hy die intensiteit daarvan kan verminder, is om daardie beleving in sy eie wese te absorbeer. Dit word 'n deel van hom. Hy is soos die minnaar wat sy liefde nie mag bely nie, wat moet swyg en wat nooit op menslike wyse die diepte en intensiteit van sy gevoel kan verlig nie.

Vir hom is daar maar een uitweg. Hy moet die rykdom wat in sy siel ingekom het, tot deel van sy wese maak. As hy gelukkig is, sal hy weet om dit as krag aan te wend, en dit sal hom aanvoer tot hoogtes wat hy anders nie sou geken het nie. In sy arbeid, in sy gee van homself, sal hy bewus of onbewus sy skoonheidsbeleving en sy liefde tot deel van sy wese maak. Daar is vir hom geen katharsis nie, hoe intens sy verlange daarna ook al mag wees.

En in daardie smart van hom kan ook sy rykdom lê. Dit wat hom wel oorweldig, word sy stukrag. Die veiligheidsklep van die kunstenaar se tegniek het hy nie, en daarom laai die spanning in hom op. Maar in die oplaai van daardie spanning vind hy sy *mens-wees*. Hy, eerder as die kunstenaar, lewe op die hoogte van sy drome.

Maar laat ons die nie-kunstenaar nou maar vergeet, en terugkeer na die kunstenaar en sy kunsprodukt. Ons het gesien dat die kunstenaar 'n mens is wat twee dinge besit, eerstens 'n aanvoeling vir die universele, en tweedens die tegniek om aan daardie aanvoeling uiting te gee. Die kunswerk sal dan ook van daardie twee eienskappe getuies moet lewer, en die mate waarin dit gebeur, sal uiteraard die gehalte van daardie kunswerk bepaal, en indirek sal ook daarvan afhang watter vorm die besondere kunswerk sal aanneem.

Na die uiterlike sal die tegniek van die kunstenaar hier die grootste rol speel, maar dit bly in 'n mate 'n blote toevalligheid. Die kunstenaar wat kragtens aanleg en opleiding 'n musicus is, sal tog nie normaalweg met 'n bytel en 'n stuk marmar sy gevoelens probeer vertolk nie, en of die kunsprodukt in klank of in woord of in kleur of vorm is, sal dus in 'n groot mate bepaal word deur die toevallige tegniek van die kunstenaar, en die tegniese volmaaktheid en afronding van die kunswerk sal op dieselfde wyse afhang van die vaardigheidsgraad van die skepper van daardie kunswerk.

Maar met sy aanvoeling vir die universele sal dit anders wees. Die „idee” of universele element van die kunswerk sal hiervan afhang, en dit is wesentlik die belangrikste. Geen masjinale tegniese volmaaktheid kan die gebrek daaraan vergoed nie, en daardie universele element in die kunswerk sal op sy beurt weer van twee faktore afhang. Die eerste is die aanvoelingspotensialiteit van die kunstenaar en die tweede die graad van die aanvoeling wat tot daardie besondere kunsprodukt aanleiding gegee het.

Dit is tog vanselfsprekend. Selfs die mens met die hoogste aanvoelingspotensialiteit word nie deur elke ervaring ewe diep getref nie, en in die reël sal dit maar 'n enkele keer in sy lewe gebeur dat daardie aanvoeling by hom in die hoogs moontlike graad plaasvind. Daarom is meesterstukke so seldsaam, en daarom ook is nie elke produkt van 'n meester 'n meesterstuk nie. Want om sy tegniek en sy aanvoelingspotensialiteit te bevrug vir die geboorte van iets werklik groots, moet daar 'n ervaring in sy lewe kom waarin hy so diep onder die indruk kom van die skoonheid, die ewigheidselement, die universele, in een of ander persoon of saak of situasie, dat dit aan die wortels van sy siel raak, en die kunswerk wat daaruit tevoorskyn het, moet meer wees as 'n bewuste skeppingsdaad. Dit moet vir hom wees



'n daad van verlossing, 'n geboortedaad, waarin hy sy oorlaaide gemoed kan ontlaai en saam met sy siel die ewige kan uitstort wat deur die skoonheidservaring deel van hom geword het.


Daar is nog een vraag wat ons moet beantwoord voordat ons kan saamvat. Wat is die verhouding tussen die skoonheidservaring en die kunswerk? Is die kunswerk 'n nabootsing van wat die kunstenaar ervaar het? Of is dit 'n nabootsing van die ewige, die universele, in daardie ervaring? Dit is die mooiste antwoord wat die Griekse wysbegeerte ons op die vraag gee, wanneer Plotinus sê dat die kunswerk 'n weergawe is van die universele element wat in die skoonheidservaring immanent is.

Ek aanvaar dit graag, maar met hierdie byvoeging. Wat die kunstenaar gee, is nie noodwendig 'n nabootsing van die universele in die skoonheidservaring nie. Eerder is dit die weergawe van die emosies wat in hom gewek is deur die universele in daardie skoonheidsbeleving. Die kunstenaar mag diep smart ervaar en die universele element daarin mag so inwerk op sy eie hart dat die kunsproduk 'n triomflied is. Daar mag, vir die oppervlakkige toeskouer, selfs geen verband hoegenaamd tussen die skoonheidsbeleving en die kunswerk bestaan nie, en dit is juis wat 'n kunswerk tegelykertyd die mees objektiewe en die mees subjektiewe van alle menslike skeppings maak. Dit is objektief omdat dit die ewige is, die universele, wat uitgebeeld word. Dit is subjektief omdat dit hy is wat dit uitbeeld. Wat hy uitstort, is 'n deeltjie van die ewigheid en meer as net 'n deeltjie van sy eie siel.

Dit verklaar dan ook 'n stelling wat ek aan die begin gemaak het, dat 'n kunswerk sekondêre skoonheid het en dat nie almal noodwendig die skoonheid van 'n kunsproduk sal sien nie. Want in die primêre skoonheidsverskynsel spreek die universele direk tot die universele in ons, maar in die geval van die kunsproduk is dit die emosies van die kunstenaar by die beleving van daardie universele wat bykom. Die essensieel-subjektiewe daarvan mag dan die universele daarin oorheers en dit so minder toeganklik maak as die primêre skoonheidsverskynsel wat ons direk ervaar en wat dus direk tot ons spreek.

Verklaar hierdie katharsis wat die kunstenaar in die skepping van sy kuns ervaar waarom kunstenaars so „anders” is en dikwels so „anders” wil wees? Het die menslike gees nie straks behoefte daaraan om steeds die wesentlike skoonheid van die lewe te ervaar nie? En moet die





EX  
LIBRIS

ANDRE  
HUGUENET

K



ewigheidsbelewing wat hy so ontvang nie straks sy stukrag bly sonder dat hy deur die skepping van 'n kunswerk die ontsettende noodwendigheid van hom kan afwerp nie? Om skoonheid te belewe en onmagtig te wees om dit te skep, mag na frustrasie lyk. Maar so lyk dit ook na frustrasie wanneer die graankorrel in die ryk swart aarde sterwe. En tog kom uit daardie frustrasie die volheid van die oes. Want nie net die kunstenaar nie, maar ook hy wat die skoonheid van die ewige ervaar en nie kan weergee nie, moet weet dat daar altyd iets moois gebore sal word as hy sy harte-bloed daarvoor gee.

# Hy Sal Terugkom

J. J. BRITS

Sy maak 'n minagtende beweging met haar skouers en stap dan styf maar vasberade deur die donker vertrek na die venster wat sy wyd oop stoot. Die sieklike waarskuwende gefluit van die sirene klink nog aanhoudend deur die verdonkerde stad. Die soekligte het by die eerste geluid van die sirene die lug ingeskiet en vleg soos wit pyle oor en deurmekaar van punte ver en wyd uitmekaar.

Dan meteens hoor sy die veraf gedreun van die vyandelike vliegtuie — ja, sy ken dit goed. Het haar Daniel nie vir haar geleer om te onderskei tussen die gedreun van die motore van die verskillende vliegtuie nie? Sy wonder hoelank dit die verdedigers sal neem om aan te val vanaand — somtyds het hulle so lank gedraai dat die vyand se bomwerpers byna ongestoord hul bomme kon los op hierdie deel van die stad wat alreeds soveel verwoesting ondergaan het.

Sy gaan deesdae ook nie meer na die skuilkelders nie — nee, nie meer vandat hulle haar Daniel daar oor die vyandelike gebied neergeskiet het nie, want sy moet eerste wees om hom te verwelkom wanneer hy terugkom soos hy so dikwels vir haar gesê het:

„Ek sal terugkom as hulle my neerskiet, Moeder, al moet ek kruip of 'n vyandelike vliegtuig steel, maar ek laat my nie vang nie!”

Ja, daardie eerste tyd nadat sy die berig ontvang het, kon hulle haar nie wegsleep van die venster af nie want hiervandaan kon sy die straat dophou waarlangs hy moet kom; en elke vliegtuig wat sy hoor dreun het, kon Daniel wees. Elke oomblik het sy verwag om daardie twee kort dreunings van die motore wat sy groet aan haar was wanneer hy gekom en gegaan het, te hoor. Hy het altyd opgestyg van die vliegveld hier digby en dan spesiaal oor die huis gevlieg. Ja, sy weet hy sal so terugkom ook as hulle hom nie getref het nie.

Maar nou het die dae weke geword en die weke 'n maand en sy het niks van hom verneem nie. Hy is net as vermis aangegee. En al wat sy het, is 'n brandende hart soos vanaand. 'n Hart wat brand na haar kind. Tog, sy het geweet hy het nie gesneuwel nie. Sal 'n moeder nie weet nie? En eendag sal hy terugkom. Maar die dae is so leeg sonder hom

en die toekoms tot die dag van sy terugkeer so onmoontlik lank. Dit is so ver en onbepaald dat dit haar net verbitter het en in haar hart het 'n wrok ontstaan teen die vyand wat sy vereenselwig het met die vliegtuie wat hulle bomme op die stad los. Sy het haar in haarself teruggetrek en die wraak vertroetel. Selfs haar huismense het naderhand opgegee om haar te laat belangstel in ander dinge.

Hoe mooi was hulle lewe nie voordat hierdie verwoestende oorlog uitbreek het nie, hierdie oorlog waarby nòg sy nòg haar kind enige belang gehad het.

Was dit nie genoeg dat Daniel se vader sy lewe gelaat het met die vorige wêreldoorlog nie? Het sy nie genoeg betaal vir die vrede en oorwinning wat tog nooit blywend sal wees nie? Ja, maar dit het niks gehelp nie. Toe die oproep kom, was haar enigste seun een van die eerstes om hom aan te bied. Vir hom was dit net 'n awontuur wat die oorlog gebied het, 'n awontuur wat eintlik net vir hom en sy maats geskep is. Hy kon nie begryp dat hy haar enigste seun en daarby die jongste kind was nie. Haar vrees kon hy nie begryp nie.

Die jeug! Hoe min het hy besef van die angs in haar hart toe hy die eerste keer in sy nuwe uniform by haar kom spog het. Vir 'n oomblik het sy sy vader gesien. Net so het hy 'n kwart eeu gelede by haar gekom. Dieselfde trotse glimlag, dieselfde selfversekerde houding —

Twee, drie maal is daar vliegtuie in hulle onmiddellike omgewing afgeskiet en met 'n kloppende hart het sy haar soontoe gehaas ongeag die bomme wat orals oor die stad val en ontplof. Dit kon haar Daniel wees en hy kon haar hulp nodig hê. Maar elke keer het sy net te laat daar gekom: een keer was die vliegtuig uitgebrand en die ander keer het die tuiswagte reeds die beseerdes verwyder toe sy daar aankom, maar altyd het hy ongedeerd daarvan afgekome totdat hulle hom daar oor die vyandelike gebied neergeskiet het.

Nou is die woonstel en haar hart leeg sonder hom. Niks kon sy leë plek inneem nie en sy het onverskillig geword. Sy het eenvoudig geweier om na die skuiling te gaan en sy het elke geveg tussen die vliegtuie daarbo met 'n hardvogtigheid aanskou wat haar huismense veelseggend na mekaar laat kyk het.

„Die verlies het haar verstand aangetas.”

Sy het dit gehoor maar haar nie daaraan gesteur nie. Ja, haar hart was verhard en dit was immers haar saak as sy 'n morbiede behae daarin skep om te sien hoe die vyand se vliegtuie neergeskiet word — net soos haar Daniel daar oor die vreemde gebied afgeskiet is.

Daar bokant het die soekligte 'n vreemde bomwerper gevind, die afweergeskut het losgebrand en die vliegtuig probeer nou om die geskiet ondoeltreffend te maak deur te duik, te swenk en te styg. Meteens sien sy die vegters wat betreklik hoog bokant die bomwerpers waghou. Nou gewaar sy die res van die bomwerpervloot.

Sy byt op haar tande. Ja, vanaand lyk dit of hulle meer as ander aande is. Hulle bomme sal nou-nou neerreën en verderf en verwoesting saai. Net asof daar nie al genoeg ellende veroorsaak is nie. Ellendeling! Satanskinders! Haar hande klem krampagtig aan die vensterbanke sodat die kneukels wit deurskyn. Sy weet hulle gee nie om waar die bomme val nie. Maar dis ook geen geheim dat hulle probeer om strategiese plekke en veral vliegvelde soos dié een hier digby wil vernietig nie. Eintlik het hulle glo maar min sukses gehad want die afweergeskut en die verdedigers hou hulle daar weg. Maar nou het sy nie meer die persoonlike belang daarby as toe sy geweet het Daniel is daar tussen die verdedigers met sy vliegtuig nie. Hoe dikwels het sy nie gesidder nie toe hy haar vertel het van daardie genot as jy die vyand hier onder jou kry en jy kan die knoppies druk wat die ses masjiengewere in die vlerke van jou vliegtuig verderf laat spu op die een hier onder jou.

Satanies ja, maar 'n mens se fynere gevoelens het al doodgeraak vandat jy soveel dood en ellende aanskou het. Al wat jy wil hê, is dat hulle weggeskiet moet word voordat hulle hulle lading bomme kan los op onskuldige vroue en kinders.

Destyds kon sy nie begryp nie maar nou dat haar Daniel self 'n slagoffer geword het nou begryp sy.

„Waar is jy Daniel?” prewel sy, „Baasvegter het hulle jou genoem — As jy hier was vanaand — waarom het hulle jou op daardie sending gestuur . . . ?”

Die rumoer het meteens losgebars. Die vliegtuie was oor die stad, die afweergeskut het nou van alle punte losgebrand en daar ver bo in die lug het die vegters slaags geraak. Soos 'n verskietende ster breek 'n brandende vliegtuig weg van die ander en in die donkerte lyk dit of hy oor die horison verdwyn.

As 'n mens jou ore toedruk sodat jy die lawaai nie kan hoor nie sou die soekligte, die barstende kartetse en die afweergeskut gelyk het soos 'n magnifieke vuurwerkvertoning.

Daar by die venster sidder die ou vrou. Dit was die een ding waarvoor Daniel altyd bang was — 'n brandende vlieg-



tuig waarin hy vassekeer sit. Om 'n koeël te kry, is niks maar die vlamme —

Bomme begin orals bars. In haar beperkte uitsig sien sy drie, vier wit wolke opstyg. Daar is die skreeuende gefluit van bomme wat aarde toe trek. Soos 'n golf gaan die bars-tende bomme oor die stad, al verder totdat dit daar agter, verder weg al barstende wegraak.

Onder in die straat sien sy iemand soos 'n skaduwee oor die straat hardloop; 'n ambulans jaag met 'n groot lawaai verby.

Ja, gelukkig was die aanval nie baie gekonsentreerd nie en dis byna asof die bomme sommer doelloos op die stad gelos is. Miskien is die storie waar dat die vyand na die vliegveld hier digby soek. Daniel het dit nie geglo nie.

„Moenie glo nie. Hulle soek nie. Waarom die vliegveld nog onbeskadig is, is net omdat ons hulle wegsiet.”

In die hitte van die geveg het een van die vliegtuie skielik afgeduik, maar daar is soveel chaos dat dit vir enkele oomblikke nie opgemerk word nie. Dan sien die eensame toeskouer die vyandelike vliegtuig teen die strale van die soekligte laag oor die stad naderkom.

Dis 'n ou set hierdie om enkele vliegtuie kort na die hoofaanval laag oor die stad te stuur en die strate met masjiengewere te bestook. Die ongevallen onder reddingswerkers word so geweldig groot.

„Pas op! Die vyandelike vliegtuig,” roep sy opgewonde, „Pas op! Pas op!”

En net asof hulle haar kon hoor, val die strale van 'n soeklig op die vliegtuig wat reg op die vliegveld afpyl. Sy hou haar asem op. Sal hy slaag — ?

Meteens skiet die vliegtuig skuins die lug in toe die lugdoelgeskut hom tref en met 'n wye boog stort dit aarde toe. Vir etlike oomblikke dink sy die vliegtuig gaan die huis tref maar sy kan eenvoudig nie padgee nie en bly gehipnotiseerd staan — dan stort die vliegtuig oorverdowend neer, skaars vyftig tree van die huis. Toe eers kan sy haar wegruk van die venster en instinkmatig sukkel-hardloop sy na die voordeur. Al die mense is in die skuilkelders en die arme man in die verongelukte vliegtuig mag hulp nodig hê — vyand of nie — vyand of nie — herhaal sy vir haarself — wie weet as Daniel so neergeskiet was en niemand het hom oor hom ontferm nie —

Halfpad oor die straat steek sy vas — dis hulle, die vyand wat hier soveel verwoesting en ellende veroorsaak het; dis hulle wat Daniel neergeskiet het daar in die vreemde. As

dit nie vir hulle was nie sou daar nie oorlog gewees het nie; sou Daniel nog by haar gewees het. Byna het haar hart week geword. Nee, sy mag nie toegee nie. Dit sou ontrou aan haar Daniel wees. Dis een van hulle, waarom sal sy iets doen? Laat hom die gevolge dra van sy dade!

Hoor sy iemand kerm — iemand wat na sy moeder roep? Nee, sy verbeel haar seker.

Stadig draai sy om. Wat kan sy, 'n swak, ou vrou, tog doen? Die sirenes sal nou nou „alles veilig” aankondig dan kan ander gaan kyk — ja, daar gaan dit al.

„Wat maak jy op straat, ou vrou?” vra een die tuiswagte bars toe hy by haar verbykom.

Hy is halfpad oor die straat voor sy kan antwoord, en met geboë hoof stap sy stadig huis toe, maar dan sien sy die mense uit die kelders stroom na die verongelukte vliegtuig en deur 'n morbiede nuuskierigheid aangedryf, draai sy om agterna.

Van veraf hoor sy die verbaasde uitroepe, dan haas twee mans by haar verby.

„Hy het ongetwyfeld ontsnap met 'n vyandelike vliegtuig, en as iemand hom net vyf minute eerder kon gehelp het —”

Sy kon nie vir meer wag nie. Het haar hart nie heel aand gebrand nie? Was dit nie asof iets haar aangedryf het nie? Blindelings strompel sy oor die straat.

Iemand het haar oor die stukke van dié wrak gehelp. Daar was geen lig nodig nie. Al was sy blind, sou sy hom nog uitgeken het.

Iets het gekraak soos die gebroke stem van 'n ou vrou. „My kind — jy het teruggekom.”

# Carl van Heerden

## ALLE PAAIE

Alle paaie na my brein  
ken sy swart gif en die pyn —

in elke dun wit string  
het hy dodelik ingedring,

hy's verbind met elke senuwee,  
in elke hartslag klop hy mee

en stort sy druppels van verdiet  
oor my geluk se klein verskiet,

voer met die tere paaie langs  
met groot spore van die ang

dat als wat rus was span en beef.

Hy is die ang-blink hooggety  
wat ver oor my skuiling gly,

die nag se donker vrese om die kring  
van my kersie se traë flikkering.

. . . . .

Waag ek dit — want om eenuur is die pad  
tog oop, wit en blou die lug —

dan kruip om twee-uur weer die pyn  
soos skaduwees terug.

Is nêrens dan die rus en skuiling  
van rimpellose kuile in die riet,

wye grasbruin vlaktes, sonlig,  
die sagte neurie van 'n wiegelied?

Ek moet my oë maar toekny  
en in gelid saam loop —

miskien het ons genoeg gehad  
as ons net hoop en hoop.

### VERLORE SEUN

Hoe het ek oor my erfenis gewaak  
dat ek na enkele jare naak

hier in die vreemde land  
moet sit; in my swakke hand

dryf slegs die drome nog van vroue en wyn,  
vroeëre nagte, wat nou die pyn

deur my lende en rugstring skiet.

U het my jeug se drang en vuur  
verpletter teen my eie muur;

die wil wat na u sterre reik  
deur hierdie liggaam uitgewerp tot slyk.

My vodde moet ek huiswaarts sleep  
dat die terugtog ook sy smart inkeep . . .

'n Vader wag glo op die ver verskiet,  
ons dra mos nie die pyn verniet . . .

# Skyn Bedrieg

HERTE VAN DYK

Voordat Leda die huis ingaan, kyk sy deur die venster. Mev. Gous sit by die tafel in die floue lig van die elektriese lampie wat net bo die tafel hang. Sy sit half gebuk met 'n kombers op haar skoot wat sy besig is om reg te maak. Die lig val op haar dik swart hare wat al taamlik met gryshare deurvleg is. Dis geskei met 'n paadjie in die middel van haar hoof en in 'n bolla laag in haar nek saamgevat.

„Arme liewe siel,” dink Leda terwyl sy met medelye na haar waardin kyk. „Sy rus ook nooit, hoe sy dit hou is vir my 'n raaisel.”

Leda sluit die voordeur met haar sleutel oop en stap die huis binne. Die gang is pikdonker. Sy weet waar die knop van die eetkamer se deur is en maak dit oop. Tergelykertyd begin sy haar wolhandskoene uit te trek en in die deur staan sy en sê, „Hier is ek alweer, Tannie. Glo my, ek is bly om tuis te wees.”

Mev. Gous kyk na haar en dit lyk asof sy swaar kry om Leda raak te sien nadat sy so lank op die donker kombers gekonsentreer het. Sy knip haar oë 'n paar keer vinnig en kyk oor haar bril na Leda.

„Is dit al so laat?” vra sy in haar mooi stem, 'n aantreklike stem wat 'n mens laat voel dat jy die eenaar daarvan beter wil ken. „Die winterdae is so kort. In hierdie donker kamer weet ek ook skaars of dit lig of donker buite is.”

Leda kyk haar aan en dink. „Waarom moet hierdie mooi mens haar lewe hier afsloof? Sy is nie alleen nog 'n mooi vrou as sy 'n bietjie opgeknep is nie, maar haar lieflike natuur straal uit haar gesig. Sy is waarlik die goedheid self en heeltemal onselfsugtig.”

Sal sy ooit vergeet vyf jaar gelede toe sy na die stad gekom het, 'n onskuldige onbedrewe dogter van die platteland? Met die paar pond wat oorgebly het na haar moeder se dood het sy na die stad gekom om werk te soek. Die losies was so duur en sy kon nie werk kry nie want sy kon nie Engels praat nie. Haar hele lewe lank het sy nooit Engels gehoor nie behalwe die bietjie op die plaasskool, en dit het sy alles vergeet.

Sy was bang en radeloos toe sy een middag op 'n bank

in die tuine gaan sit het en in wanhoop begin huil het. Sy was so ontsteld dat sy nie eens meer omgegee het wie haar in daardie toestand sien nie. Net op daardie oomblik het 'n vrou verby haar gestap en toe sy so sonder enige selfbeheersing begin te snik, het die vrou nog so 'n paar tree verby haar gestap, vir enige minute stil gestaan en toe teruggedraai en op die bank naas haar kom sit. Die vrou het haar hand in albei hare geneem en in daardie lieflike soet stem gevra wat daar verkeerd is, of sy nie kan help nie. As iemand anders haar dit sou gevra het sou sy miskien uit skaamte stil gebly het, maar niemand kan daardie stem weerstaan nie en daar het sy haar nood aan die vreemdeling gekla.

Die vrou het haar gesê dat sy by haar moet kom inwoon en dat sy haar dan sal help om werk te kry.

Vir Leda was dit soos 'n drenkeling wat gered word nadat hy al vir die derde keer opgekom het.

Wat was haar verbasing om te vind dat die vrou wat haar 'n tuiste aangebied het self brand-arm is. Sy is 'n weduwee met drie kinders van die ouderdomme, twaalf, tien en agt jaar. Hulle het in 'n huis gewoon wat hulle van 'n oujongkêrel, 'n pensioenaris gehuur het. Die twee beste en grootste kamers met die balkon het hy vir homself gehou, die res van die huis kon hulle gebruik op voorwaarde dat mev. Gous vir hom sal sorg en dan nog het hy 'n paar pond huishuur geëis.

Om haar kinders te onderhou, het mev. Gous naaldewerk ingeneem en dit saam met haar huishouding het haar dus besig gehou van vroeg soggens tot meesal middernag. Maar niks was vir haar ooit te veel nie.

Sy het Leda in 'n kamer met een van haar dogtertjies geplaas. Die ander slaapkamer het sy met haar twee jonger dogtertjies gedeel.

'n Week nadat Leda by haar intrek geneem het, het sy daarin geslaag om 'n pos in een van die groot winkels te kry. Sy het daarop aangedring dat sy mev. Gous volle losies betaal. Die goeie siel wou nie daarvan hoor nie, maar Leda het geweet watter uitkomst dit ook vir die weduwee sou wees. Mev. Gous het gesê dat sy haar nie 'n kamer vir haarself kan aanbied nie en dat hulle kos maar van die eenvoudigste is want sy kook die spesiale geregte vir die huisbaas apart wat sy nie vir haar eie gesin kan bekostig nie.

Leda het haar verseker dat dit nie saak maak nie.

Mev. Gous het toe ingewillig dat sy as loseerder by haar

bly tot dat sy 'n beter herberg vind. Dit was vyf jaar gelede.

Leda is nog daar en sy sal nooit weggaan van die vrou wat haar in haar nood 'n helpende hand gegee het nie.

Sy trek haar jas uit, haal haar hoed af en skud haar ligte krulhare los.

„Vanaand,” sê sy, „gaan ons feesvier.”

Mev. Gous kyk haar met verbasing aan, hierdie keer deur die bril inplaas van bo-oor.

Leda merk die moeë uitdrukking om haar mond wat altyd gereed is vir 'n glimlag.

„Feesvier?” vra daardie mond.

„Ek het weer verhoging gekry en is nou die hoof van my afdeling,” antwoord Leda.

„Maar Leda, dis wonderlik!” roep mev. Gous uit en so vinnig as sy kon staan sy op en gee Leda 'n soen op haar wang.

„En hoe lyk dit nou met die onbedrewe plaasnooientjie, hm?”

„Dit is alles aan u te danke, Tannie. Sonder u aanmoediging en hulp sou ek al lankal tou opgegooi het. Maar roep die kinders, ons gaan almal na 'n restaurant, dis my party.”

'n Warme gloed van liefde straal uit mev. Gous se gesig. „Dis lief van jou, Leda. Maar dis onmoontlik. Ek moet SY aandete voorberei,” en sy gooi haar oë boontoe.

„O nee! Tannie. Hy gaan nie vanaand my pret bederf nie. Al die jare wat ek nog hier was het hy u nooit in ag geneem nie. Inteendeel, hy is die oorsaak dat u nog nooit eens vir 'n naweek na vriende kon gaan nie, net omdat hy sy kos gereeld drie keer per dag moes hê. Het hy nie selfs geweier dat ek sy kos voorberei terwyl u weg is nie? Maar nie vanaand nie! Ek sal u help. Ons berei gou 'n ete voor en dan kan u dit op sy tafel sit en ons gaan dan uit.”

Mev. Gous kon sien dat die meisie wat dierbaar soos 'n suster vir haar geword het, g'n ekskuus vanaand as 'n verskoning sal aanneem nie.

Dit was 'n heerlike uitstappie en vir die dogtertjies was dit soos 'n towerland.

Na 'n uur en 'n half was hulle weer terug in die huis, want mev. Gous wou nie die jongste kind te laat laat opbly nie.

Hulle moes deur die kombuis loop om in die slaapkamer van mev. Gous en haar twee dogtertjies te kom.

Nadat sy vir hulle nag gesê het, stap sy deur die kombuis na die eetkamer waar Leda besig is om solank haar waardin se naaldewerk te doen.

Meteens hoor Leda 'n slag in die kombuis, en terwyl sy



nog verskrik luister, kom daar 'n gil van een van die kinders. Sy spring op en hardloop na die kombuis.

Op die vloer lê mev. Gous terwyl haar twee dogtertjies probeer om haar op te help. Leda merk dadelik dat sy bewusteloos is. Sy wil haar optel, maar vind dat mev. Gous se voet deur die vrot plankvloer gegaan het en dit was die oorsaak van haar val. Vir al wat sy weet, mag haar been gebreek wees. Terwyl sy nog besig is om mev. Gous se voet versigtig uit die gat in die vloer te kry, hoor sy swaar voetstappe die trap afkom.

Toe sy gewaar, staan die ou Skot in sy kamerjas daar in die deur.

In 'n gebiedende barse stem vra hy: „What is this infernal row? How dare you kick up this noise after I've instructed you to be quiet. I won't have this in my house.”

Hy staan daar met sy hande in die sakke van sy kamerjas en hy maak nie die geringste poging om mev. Gous op te tel nie. Sy wit snortjie lyk witter as gewoonlik in sy rooi gesig. Sy kaal kop blink in die elektriese lig.

Leda wat die ou Skot nie kan verdra nie, voel dat sy haar selfbeheer uit woede sal verloor. Sy probeer weer om mev. Gous op te tel.

Hy sê toe, „And what's the matter with her?”

Meteens is dit of iets in Leda se kop bars. Sy spring op en skree in sy gesig, „Help me — you worm!”

Hy word spierwit, draai om en gaan terug na sy kamer. Een van die kinders het 'n kussing onder mev. Gous se kop geplaas, toe Leda weer naas haar kom flikker haar oë. Op haar voorkop, bo haar linkeroog het 'n groot bloueriige knop sy verskyning gemaak. Leda laaf die vrou totdat sy by haar positiewe is.

Gelukkig het mev. Gous haar been nie erg seergemaak nie, daar is wel 'n paar kneusplekke. Maar toe haar voet deur die plankvloer gaan, het sy vooroor geval en haar voorkop teen 'n stoel se punt gekap. Gelukkig dat die stoel met die slag agteruit geskuif het anders sou sy 'n gevaarlike skedelbreuk opgedoen het.

Mev. Gous was meer ontsteld oor wat gebeur het met haar huisbaas as oor haar val.

„Leda, weet jy dan nie dat ek op sy genade berus nie? As ek hom vererg, sal hy my kennis gee om die huis te verlaat en waar sal ek 'n woning met my drie kindertjies kry? Jy weet hoe vreeslik hoog huur vandag is, en ek het niks. Jy weet tog dat ek van hand tot mond leef.”

„So 'n gek sal hy nie wees nie, Tannie. G'n mens sal hom

versorg soos u nie. Dis nou al vir agt jaar, is dit nie? Behalwe u troue sorg elke dag, wat van die ses weke verlede jaar toe hy longontsteking gehad het? Was dit nie vir u nie, dan was hy dood. Mense van oor die sewentig kom nie maklik oor sulke siekbeddens nie. Selfs toe was hy te vrekkerig om 'n verpleegster te kry."

„Nee, Leda, hy kon dit nie bekostig nie. Onthou, hy het maar net sy pensioen. En enigeen sou gedoen het wat ek gedoen het."

„Nie ek nie. Nie vir daardie ou lord nie. En u sê hy het net sy pensioen. Maar Tannie, hy het g'n kind, g'n familie nie, hy gee nie vyf sjielings 'n maand op homself uit nie. Hy koop nie eens 'n koerant nie, hy gaan dit elke dag in die openbare biblioteek lees. Is dit nie vrekkerig nie?"

„Ag Leda, al die mense is nie eenders nie."

„Dit gee ek u gelyk, Tannie. Ek sou al lankal vir daardie ou vrek gesê het om te —"

Mev. Gous val haar in die rede.

„Nou, Leda, asseblief! Ek is nie vry nie, daar is my drie hulpelose kinders. As daar iets te verduur is dan kan ek dit verduur vir hulle ontwil."

Leda hou 'n koue asynlap op mev. Gous se voorkop en sê, „Nou, meer as ooit tevore besef ek dat u 'n engel is."

„Leda, liewe kind!" lag sy en sê in 'n sagte stem, „Ek is alles behalwe, ek is vol foute en baie swak. Jy is jonk en in jou are vloei die vuur van ongeduldige jeug."

„Maar as u hom nie more daardie vloer dadelik wys nie, dan sal ek. Die huis val uitmekaar. Kyk daardie buitemuur is al sonder pleistering die laaste twee jaar, die vloere is vrot en hy spandeer nie 'n pennie op die huis nie. Hy moet tog geld daarvoor hê."

„Laat dit in my hande, Leda lief, ek sal met hom praat, maar ek sal self 'n plank oor die gat moet vas slaan, hy sal niks laat doen nie, dit weet ek."

„So 'n ou vrek. As jy hom in die straat sien dan stap hy daar met sy wandelstok asof hy 'n koning is. Te verwaand om enigeen te groet. U weet dat ek twee jaar in hierdie huis was voordat hy my in die straat herken het en darem vir homself sover verneder het om my te groet. Ek was eers bang vir hom en ek het gemeen dat hy 'n groot, vername man is, maar na daardie voorval met die paar plantjies in die tuintjie voor die stoep twee jaar gelede het ek hom gesien soos hy is."

Sy spring op en in woede stap sy op en af in die kamer terwyl sy al die tyd praat.

„Reken! Kan 'n mens so 'n bees wees? Daar het u die plantjies in die tuin, wat so groot is soos hierdie kamer, geplant, en toe hy sien dat u dit nat gooi, het hy almal kom uittrek omdat hy die water moet betaal. As ek dit nie self gesien het nie dan sal ek dit nooit geglo het nie. En dan ook, kan 'n mens met sulke liewe kinders al die jare in een huis woon en nooit van hulle notisie neem nie? Dis onmenslik! G'n wonder dat die kinders hom soos 'n pes vermy nie. En hoe behandel hy u, Tannie? Soos 'n bediende, nie waar nie?" vra Leda opgewonde.

„Ja-a!" antwoord mev. Gous, „noudat ek daaraan dink."

„Maar hoe kan u dit duld?"

Mev. Gous gaan voort.

„Die eerste twee jaar na my man se skielike dood was ek in so 'n toestand dat ek dit nie opgemerk het nie en daarna was ek gewoon daaraan. Maar dit is maar seker sy geaardheid. Daarom is dit dat hy nie vriende het nie, want al die jare het nog nooit iemand hom kom opsoek nie."

„Dit kan ek verstaan," antwoord Leda. „Hy is te bang om vriende te hê, want miskien sal hy 'n pennie op een of ander manier op hulle moet spandeer."

„Leda kind! Kom sit hier by my. As 'n mens min het en so oud soos hy is dan moet hy versigtig met sy geld wees."

Leda kyk haar in bewondering aan en sê, „Liewe Tannie Gous, u kan nooit kwaad in iemand sien nie. Mag daardie vertrouwe eendag beloon word."

Dit was ook net soos mev. Gous vermoed het.

Toe sy die volgende oggend sy ontbyt vir hom neem, het hy niks omtrent die bloumerk op haar voorkop opgemerk nie. Toe sy hom sê dat die vloer moet reggemaak word, het hy gesê dat sy dit kan laat doen, dat dit niks met hom te doen het nie.

Toe sy besig was om sy kamers aan die kant te maak daardie more, moes sy, alhoewel dit teen sy bevel is, die tafel afstof waarop sy notas lê omtrent sy studie van die miskruier.

In bottels op 'n rak bokant die tafel is daar etlike lewendige miskruiers en hierdie insekte bestudeer hy deur sy mikroskoop vir ure elke dag. Dit doen hy vir al die jare wat sy vir hom sorg. Terwyl sy die tafel afstof, val 'n stapel notas op die vloer. Sy tel dit op en sit dit sorgvuldig terug. Nadat sy dit gedoen het, sien sy nog 'n blad wat onder die tafel gewaai het, sy tel dit op en merk dat dit die begin van 'n brief is.

Dit is in sy handskrif, gerig aan 'n bekende prokureurs-firma in die stad. Toe sy daarna kyk, is dit asof haar naam uit die papier staan, sy kon nie anders as om dit te lees nie.

In Engels lui dit dat aangesien mev. Ina Yvonne Gous die enigste persoon is wat vriendelik gesind teenoor hom is, wil hy hê dat . . . en daar eindig die brief.

„Maar hoe weet hy my volle naam?” wonder sy.

Voordat sy die brief weer onder die stapel papiere inskuif merk sy dat die datum byna 'n jaar oud is en dat hy die brief moes geskryf het toe hy aan die beter word was van sy lang siekte.

„Dan het hy darem my verpleging waardeer,” dink sy, „alhoewel hy my nooit deur woord of gebaar bedank het vir wat ek gedoen het nie. Hy het gemaak asof dit so moet wees. En waarom nie, ek woon in sy huis en sorg vir hom.”

Maar nietemin het die laaste sin van die brief, „ . . . en ek wil hê . . .” haar laat wonder.

Die volgende more, omdat dit Sondag is, neem sy die oubaas se ontbyt 'n halfuur later na sy kamer volgens gewoonte. Na 'n oomblik storm sy die kombuis binne en stuur haar oudste kind om 'n dokter te haal.

„Wat is dit?” vra Leda ontsteld, want sy kan in mev. Gous se oë sien dat sy 'n skok gekry het.

„Hy's dood,” fluister sy, en die trane begin oor haar wange te rol. „Hy's dood in sy slaap!”

Al reaksie wat hierdie nuus op Leda het is dat sy hierdie vrou nog meer as ooit tevore bewonder, want hoe is dit moontlik dat iemand oor hom kan huil? En veral sy wat so baie van hom moes verduur het?

Die dokter sê dat die oubaas aan 'n klont bloed in die hart gesterf het. Hy ken mev. Gous en haar omstandighede goed en hy verseker haar dat hy al die nodige reëlings vir die begrafnis sal tref. Sy moet net sy verwante in kennis stel. Maar hoe kon sy? Sy weet van niemand nie.

Die volgende dag is hy begrawe.

Leda het met mev. Gous gegaan om haar ontwil, en hulle twee was dan ook die enigste mense wat by die teraardebestelling van die ou pensioenaris was.

Die enigste traan wat ook gestort is vir hom, was dié van mev. Gous.

Toe hulle van die graf wegstap, dink Leda, „Sy heengaan laat g'n leegte nie. Of hy geleef het of te nie, maak nie saak nie . . . so is dit as 'n mens net vir homself leef.”

Mev. Gous het die brief onthou en dit toe aan Leda gewys. Die twee het dit bespreek en Leda het tot die gevolgtrek-

king gekom dat hy miskien iets aan mev. Gous wou gegee het vir haar verpleging.

Die volgende dag stel Leda die prokureur, aan wie die brief geadresseer was, in kennis dat hulle kliënt oorlede is.

Hulle was alreeds bewus daarvan daar hulle die doodsberig in die koerant gesien het.

„Ja! Hulle het sy testament en Mevrouw sal verbaas wees om te hoor dat daardie ou man wat so eenvoudig geleef het, skatryk was. Hy laat 'n fortuin van £20,000 en die huis na en hulle moet Mevrouw meedeel . . .”

„Maar!” sê Leda, „ek is nie mev. Gous nie, ek loseer by haar.”

„O, in daardie geval wil ek graag self die nuus aan haar oordra,” sê die prokureur. „Ek sal so gou as ek kan haar vandag gaan opsoek, want ek wil ook die huis sien.”

Leda kon haar vreugde skaars betuel.

„So 'n ou kluisenaar! Om te dink dat behalwe die huis hy nog 'n kapitaal van £20,000 gehad het, en hy wou nie eens 'n koerant gekoop het nie. Asof hy die geld met hom kan saamneem. Maar! Aangesien hy geen verwante of vriende gehad het nie het hy seker sy besittings vir mev. Gous gelaat. Dit was seker waaroor hy daardie brief begin het. Eindelik sal Tannie se getrouheid en liefde beloon word en sal haar kwellinge op 'n end wees. Die vreeslike angs dat sy uit die huis moet gaan en 'n ander woning moet soek sal dan ook verdwyn soos wasem.”

Met sulke gedagtes snel sy huis toe om dit aan mev. Gous mee te deel. Haar baas het haar die reg gegee om in die omstandighede gedurende werksure afwesig te wees.

Mev. Gous kon dit eers nie glo nie. Wie sou dit ooit kon gedink het. Die arme eensame ou kêrel. Al was hy so hard en selfs onvriendelik, was dit maar sy natuur, hy kon homself nie help nie, sommige mense is nou maar so geskape, hulle is hulle eie vyande. Dit is waaroor hy daardie brief moes geskryf het, die een wat sy gesien het was seker 'n afskrif. So *was* sy reg. Hy het 'n goeie hart gehad, al was hy so eienaardig; oujongkêrels is maar seker so.

Kort voor middagete daag die prokureur op.

Dit is vanselfsprekend dat mev. Gous byna buite haarself van opgewondenheid is.

Eers besigtig hy die huis noukeurig van binne en buite.

„Ba!” sê hy toe hulle weer in die eetkamer terug kom, „maar dit is in 'n skokkende toestand.”

„Ek weet, meneer,” antwoord mev. Gous, „maar hy wou nie 'n pennie op die huis spandeer het nie.”

Hy skud sy kop en sê asof hy sy gedagtes hardop uitspreek: „Dit slaan my dronk, kan 'n mens so 'n gek wees?”

Hy trek 'n koevert uit sy leerhandsak, haal 'n offisiële brief daaruit en voor hy dit lees, kyk hy na mev. Gous.

„Ek kan nie juis onthou wat ek aan hierdie dame meege-deel het nie,” en hy kyk na Leda.

Mev. Gous glimlag en neem Leda se hand in hare en sê, „Sy het my alles vertel, ek kan dit skaars begryp.”

„Wel!” gaan die prokureur voort, „hier is sy testament. Hy laat sy hele boedel na aan 'n broer in Skotland wat hy dertig jaar laas van gehoor het. As sy broer dood is dan moet dit na sy broer se oudste kind of na hom na sy oudste kleinkind gaan. Die huis moet natuurlik verkoop word.”

Hy bly 'n oomblik stil asof hy nuwe moed wil skep om aan te gaan want die uitdrukking in haar oë is soos 'n hand wat sy keel toedruk.

„Mevrou, dis my onaangename taak om u in kennis te stel om hierdie huis oor twee, miskien drie maande te verlaat . . . Dis al.”



# Boekbespreking

ANDERKANT DIE EINDERS, *deur F. P. van der Merwe,*  
Impala-Opvoedkundige Diens, Johannesburg.

Hierdie roman van F. P. van der Merwe getuig van 'n besieling by die skrywer om die gees van die mens in al sy skakerings uit te beeld. En juis miskien omdat dit 'n moderne sielkundige roman is, is die stemming daarvan neerslagtig. Daar is geen sprake van misantropie nie, maar wel van 'n eerlike benadering van die tweespalt in die gees van die mens: enersyds dra hy 'n potensieële goddelikheid in hom, maar andersyds tuimel hy uit die hoogte neer weens sy aardse gebondenheid, sy begeertes, klein-menslike illusies en tekortkominge.

Hendrik Visser, die hoofkarakter, is 'n verfynde gees wat die skoonheid en kennis nastreef. Hy pas hom moeilik aan by ander mense weens sy minderwaardigheidsbesef en gevolglik ongebalanseerde drang tot selfgelding. As gevolg van sy soek na die waarheid en skoonheid, en andersyds sy moeilike aanpassing by sy medemens en die openbare lewe, neem hy sy toevlug tot boeke oor die letterkunde en filosofie en leef in selfafsondering. Hy is 'n romantiese persoonlikheid met doodsgedagtes en 'n sterk ontvlugtingsdrang. Hy is die „universele" man, en seker 'n raak skepping van die skrywer.

Maryna, sy vrou, is minder duidelik uitgebeeld. Sy is in 'n groot mate die spreekbuis van Hendrik, die konvensionele vrou en knap lewensgesellin.

Johan Pienaar, 'n eertydse verloopde van Maryna, is met enkele trekke geteken as 'n gemoedelike, eerbare en aangename man, wat die lewe aanvaar soos dit is, sonder filosofiese beredenerings oor die lewe en die dood waarmee hy as geneesheer te doen kry.

Die verhaal verloop aanvanklik uiters stadig, ofskoon Hendrik en Maryna se lewenshouding duidelik aan die lig tree.

Op 'n eensame plaas in die aandskemering gesels hulle oor hulle liefde. Soet woordjies word geuiter totdat Hendrik geleidelik die stemming bederf deur Maryna daarvan te verwyt dat haar ou liefde vir Johan Pienaar nie verroes het nie. Johan Pienaar en 'n vriend, Krige, maak hulle verskyning. Die geselskap wil maar nie vlot nie weens Hendrik se stramheid en onredelike jaloesie teenoor Pienaar. 'n Onsmaklike tafereel word afgespeel, waarin 'n lomp poging tot moord 'n plek kry, en Pienaar word in die pad gesteek. Hendrik speel toneel en op teatrale wyse neem hy 'n rewolwer; 'n skoot klap, Maryna sak bewusteloos neer, maar Hendrik maak sy verskyning, pak op, en hy en Maryna vertrek. Die verhouding is gestrem, maar verbeter geleidelik. Ofskoon Maryna verwagting is, bedank Hendrik uit sy pos as onderwyser, en vertrek na die buiteland waar hy in tale gaan studeer. Hy knoop 'n vriendskap aan met 'n opgeruim-



de, sorgelose kêrel, Toledano, wat in die buiteland rondreis, en verval byna in die sinnelike bekoring van 'n Italiaanse vrou. Hy ontwikkel 'n liefde vir 'n Duitse dame, Ulrike — 'n aanbidding wat verhewe is bo die alledaags menslike. Hy en Toledano raak in 'n motorongeluk betrokke, en laasgenoemde skiet die lewe in. Weens verwarring, poseer Hendrik as Toledano. Maryna-hulle verneem van sy dood, en sy as word eervol begrawe. Hendrik het hom in 'n doolhof beland, maar keer uiteindelik, na baie ontberings, terug om Maryna gehuud te vind met Pienaar wat haar bygestaan het gedurende haar moeilike bevalling. As hy verskyn, stort Maryna ineen, Pienaar verloor haar vertroue en gekondisioneerde liefde — en Hendrik staan voor die finale afgrond.

Die verhaal is in baie opsigte aangrypend, en die stygings en dalings van die mens Hendrik vind diep weerklank. Daar skort egter heelwat. In die eerste plek hinder die skrywer se bewuste kennisuitstalling. Die karakters word in situasies geplaas waaruit die skrywer se belesenheid kan blyk. Ofskoon interessant, bederf dit die roman. Voorts tref ons filosofiese bespieëlinge al te oormatig aan. Aan die begin van die roman sê of antwoord Maryna iets, Hendrik se gedagtes swiep van die een onderwerp na die ander, in so 'n mate dat die skrywer byna die draad van die gesprek tussen die hoofkarakters kwyttraak. Die skrywer probeer dan bewus die leser teruglei na die gesprek. Vergelyk bv. bl. 12: „Hy hoor nog Maryna se woorde . . .”

Die handeling aan die end van hoofstuk I is uiters swak. Dit is

waar dat Hendrik 'n ongebalanseerde, teatrale persoon is, en dat die skrywer sy lompeheid wil uitbeeld, maar in weerwil daarvan herinner die tafereel aan 'n swak amateuropvoering. Dit blyk dat die skrywer in sy element is as hy deur sy karakters betogings lewer oor allerlei sake, maar dat hy nie kan uitbeeld nie. Hendrik maak na die onsmaklike rusie 'n kas oop, haal 'n rewolwer uit en sê aan Maryna: „Vaarwel! Vaarwel! Behandel jou volgende man beter!” Maryna roep hom „dringend en smekend”. Hy steur hom nie aan haar nie. Sy vermoed dat hy selfmoord gaan pleeg — en peins nou oor hulle lewe en liefde! Nadat sy vir geruime tyd hulle verhouding deurpeins het, skiet dit haar te binne dat hy homself moontlik om die lewe kan bring, sy loop na die deur en roep „Hendrik! Hendrik!” Kommentaar hier is oorbodig.

Die onoortuigende handeling duur voort: 'n skoot knal. Hendrik skrik as hy dink aan die moontlike uitwerking daarvan op Maryna. Hy haas terug en tref haar aan op 'n kis waar sy ineen-gestort het — en hy staan en filosofer!

'n Aantal drukfoute ontsier die werk, vgl. bl. 84 *das* i.p.v. *pas*; bl. 90 *das* i.p.v. *dus* of *dan*; bl. 56 *bespreeek*.

Die taal is nie deurgaans versorg nie, en steurende clichés kom by herhaling voor, byv.: „. . . vir sover dit . . . aanbetref.” Vgl. bls. 28, 38, 56, 84.

Die aanmeakaarskryf van woorde is dikwels lukraak en onkonsekvent: *tenspyte* (bl. 13) maar *ten spyte* (bls. 36); *tenminste* (bls. 28), *huistoe* (bl. 77).

Taalslordigheid blyk ook uit die volgende sinne:

bl. 6: . . . rus en vrede neem ook sy intrek „daar“;

bl. 6: „ . . . maar dan kom allerhande literere beelde hulle hom weer aan hom opdring . . . ”;

bl. 12: „ . . . teenoor die drange om met ander, veral vroumense om te gaan . . . ”

Na al die laagtepunte in ons prosakuns, na al die „grootse romans” en „mylpale” waarmee ons letterkunde deur advertensie toebedeel is, is „Anderkant die Einders” ongetwyfeld ’n poging tot dieptegang, tot ’n eerlike uit-

beelding van die mens met al sy konflikte. Dit is daarom te betreur dat die uitgewers hierdie roman ook moet aankondig met stereotiepe ophemeling, want ons het hier ’n werk wat aansienlik beter is as die „mylpale” wat reeds so dig op mekaar staan op die letterkundige akker dat ’n mens nouliks daardeur kan sien.

Ons het hier ’n leeswaardige roman wat ongelukkig ontsier word deur die skrywer se gebrek aan selfkritiek en sy buitensporige kennisaanbieding.

D. J. COETSEE.

## DIE BEVRYDING, *deur Ernst van Heerden, A. A. Balke-* *ma, Kaapstad (1952).*

Met hierdie nuwe werk, ’n taamlike lang gedig, skyn dit asof Van Heerden ’n nuwe rigting begin inslaan, ’n rigting wat sy werk m.i. ten goede sal strek. Dit lyk wel asof hy die pretensieuse en swierige taalgebruik wat sy werk tot onlangs toe nog gekenmerk het, oorboord gooi ten gunste van ’n meer beheersde taalaanwending. Nogtans is sinsnedes wat aan sy vroeër werk herinner („wellustige ballet” op bl. 10) nie afwesig nie, hoewel dit nie talryk is nie.

Om hierdie rede spyt dit my dat ek nie gunstig oor „Die Bevryding” kan oordeel nie. Trouens, dit wil voorkom asof hierdie gedig juis die swakhede van Van Heerden se digterskap in ’n skerper lig as sy vorige bundels stel. Hierdie swakhede moet veral gesoek word by die taalbeheer.

Die groot probleem van enige digter is om ’n sekere emosie met ’n reeks woorde uit te druk sodat daardie reeks woorde die oorspronklike emosie sal herskep, of by die leser ’n emosionele reaksie

sal teweeg bring wat grotendeels gelyk sal wees aan die oorspronklike emosie wat die digter ervaar het. As ons hierdie mening van T. S. Eliot aanvaar, spreek dit vanself dat die waarde van ’n gedig getoets kan word aan sy vermoë om sodanige emosionele reaksie by die leser teweeg te bring. Die leser kan ook verwag dat assosiasies wat deur sekere woorde opgewek word betrekking moet hê op die gedig en veral moet die digter se taal „eie en uniek” wees, soos Van Heerden op bl. 13 van die skip-beeld sê. Hiermee bedoel ek dat die woorde (veral die sleutelwoorde) in hulle bepaalde verband ’n betekenis en gevoelswaarde sal kry wat nie tot woordeboekverklarings herlei sal kan word nie.

As ons nou so ’n passasie ondersoek, sal die swaakheid van Van Heerden se taalaanwending wel duidelik blyk. Die volgende (op bl. 28) is, as my oordeel korrek is, wel so ’n sleutelpassasie:

Van alle waansin word sy hart gestroop,

hy voel weer klein en nietig,  
sonder lis  
of veinsery voor hierdie furie-  
krag wat sis  
en huil met duisend tonge  
van geweld  
om hom, die wankelmoedige,  
te vergeld  
vir elke vroeër dwaling; . . .

Na my mening is hier geen enkele woord wat wel „uniek en eie” is nie; intendeel, woorde soos „waansin” en „gestroop” dra assosiasies met Van Wyk Louw van die „Halwe Kring,” en hierdie assosiasies is ook nie ter sake nie. Bowendien voel ’n mens dat woorde soos „lis en veinsery” of „furiëkrag wat sis en huil” beswaarlik tuis hoort in hierdie verband.

Ook in sy beheer van die vers se beweging toon Van Heerden hom nie ’n meester nie. Die gedig beweeg voort met ’n sekere een-tonigheid wat dit soms moeilik maak om die betekenis te volg.  
’n Voorbeeld:

. . . ; die bome na die noorde  
is ’n see van purpergroen;  
die koning slaak die woorde  
van sy vreeslikste verwag-  
ting . . .

Hier beweeg die vers so eenselwig voort dat ’n mens by die eerste lesing amper nie agterkom watter betekeniswending daar plaasvind nie.

By die vorige aanhaling het ek verwys na onbelangrike assosiasies. Ander ontbreek nie, veral dié wat aan Opperman herinner en waarvan voorbeelde op haas elke bladsy aan te toon is. ’n Oormaat aan ’n soort religieuse parallelisme skyn ook te suggereer dat Van Heerden te veel in klaargemaakte woordpatrone dink: „voor God en mens,” „seker en gewis,” „my sondeval en kruis,” ens.

Dit wil my voorkom asof Van Heerden hierdie gedig geskryf het sonder dat hy enige sekerheid gehad het omtrent wat hy eintlik wou uitdruk. Dit verklaar moontlik die vaagheid wat ’n groot gedeelte van die werk kenmerk. ’n Digter wat egter belangrike werk wil lewer, moet hom probeer losskeur van sekere modegevestigde denkpatrone. Daarin, meen ek, sal ook Van Heerden se redding geleë wees.

J. J. HUMAN.

# Beskouings van ons Lesers

## WESTERLINCK SE ARTIKEL

Geagte Redaksie,—Graag wil ek my waardering uitspreek vir die besonder interessante artikel „Crisis der Persoonlikheid in Moderne Europa” deur Albert Westerlinck, wat in Nummers 1 en 2 van die huidige jaargang van die *Tydskrif vir Letterkunde* verskyn het. 'n Artikel soos hierdie gee mens 'n nuwe en verrykende insig in die letterkunde en in die self en lei tot groter begrip van die lewe as geheel.

Toevallig het hierdie artikel saamgeval met die verskyning van 'n Afrikaanse roman, waarin die stelling van Westerlinck so treffend geïllustreer word, dat ek graag op enkele ooreenkomste wil wys, temeer daar die skrywers genoem deur Westerlinck so 'n groot invloed uitoefen op die vernaaamste beslissings van die hoofkarakter in hierdie roman. Die besondere roman wat ek hier in gedagte het, is „Anderkant die Eindlers” van F. P. van der Merwe.

Dit is geensins my doel om hier 'n kritiese bespreking van bogenoemde roman te gee nie, maar om slegs sekere gevolgtrekkings waartoe Westerlinck geraak, met voorbeelde uit die roman toe te lig. In hoofsaak bepaal ek my by die slotgedeelte van Westerlinck se artikel en laat, by gebrek aan ruimte, voorbeelde volg sonder om veel kommentaar daarby te lewer.

*Westerlinck: Bl. 68:* „Zoals door universele ervaring wordt

geleerd . . . dat de mens uitermate vindingrijk is en van nature geneigd om al zijn zwakheid, lafheid, zondigheid of onmacht, voor anderen én voor zich zelf goed te praten.”

*Anderkant die Eindlers:* Hendrik (die hoofkarakter) se houding teenoor sy vrou, Pienaar, Ulrike en homself.

*Westerlinck (bl. 68):* „Het is echter een kenmerk van de moderne letterkunde, dat zij zich, met een voorheen onbekende passie, op de psychologische en morele analyse van het zelfbedrog heeft geworpen . . .”

*Anderkant die Eindlers:* Die ganse tema van hierdie werk kan met bostaande woorde opgesom word.

*Westerlinck (bl. 69):* „Door de gehele ontwikkeling van de moderne psychologie, is de aandacht . . . sterker dan ooit te voren gericht op het onderscheid van schijn en wezen, echtheid en pose, in heel de gedraging van de mens.”

*Anderkant die Eindlers (bl. 112):* „Die mens wil altyd die waarheid na sy bepaalde situasie plooi. Die verstand is maar al te gewillig om hom te laat gebruik vir die regverdiging van jou houding.”

*Westerlinck (bl. 69):* „Zij peilen naar de existentiële waarachtigheid der concrete ervaring.”

*Anderkant die Eindlers (bl. 102):* „Wie kan sy (Pirandello) se lewenservaring en sy angsges-

voelens, waaruit sowel sy optimisme as sy pessimisme voortgespruit het, deur al die prosesse van die sjel verwerk tot jy opnuut tot sy poësie uitkom?"

*Westerlinck (bl. 70):* „Een brutale ontmaskeringsdrang kwam vooral aan het licht op seksueel gebied onder impuls van het naturalisme en de Freudse literatuur.”

*Anderkant die Einders:* Hendrik se haat, jaloersheid en wreedheid teenoor sy vrou en Pienaar en die sadistiese briewe aan Maryna.

*Westerlinck (bl. 71):* „ . . . en ten slotte radeloos-wanhopig gaan rondwalen in hun eigen wezen als in een labyrinth zonder uitkomst:”

*Anderkant die Einders (bl. 175):*

„God, daar is net een ding oor:

Werp jou in die troebel stroom

Tot jy in die draaikolk draai en dan, dronk, jou droom kan droom.”

*Westerlinck (bl. 72):* „ . . . en onder de humanisten, die zich draperen in de ficties van morele systemen.”

*Anderkant die Einders (bl. 195):* „ . . . ons moet ons hou aan die voorskrifte van . . . ” Dit kom deurgaans in die boek voor.

*Westerlinck (bl. 73):* „De moderne visie op het mengsel van zuiverheidsdrang en leugen . . . ”

*Anderkant die Einders (bl. 197):* „Ek is besete van die suiwerheid.” (bl. 199): „Wees eerlik teenoor jou eie suiwerheid.”

*Westerlinck (bl. 74):* „Het is dan ook geen wonder dat in zulke literatuur de mens zijn geestelijke waardigheid heeft verloren, en hij vernedert wordt tot een

absurd wezen, zonder doel of zin.”

*Anderkant die Einders:* Aan die einde van die roman is Hendrik se lewe absurd, sonder doel of sin . . . die noodwendige selfbedrog van die mens.

*Westerlinck (bl. 74):* „ . . . de eensaamheid . . . als essentiële conditie van de mens . . . ”

*Anderkant die Einders (bl. 131):* „Orals word 'n mens vasgekeer deur die perke van jou eie persoonlikheid. En ek wil dit oorskry . . . maar nou vind ek, dat hoe meer ek daarna strewes . . . hoe meer my persoonlikheid verskil van alle ander persoonlikhede, hoe groter die afstand tussen my en my medemens, hoe eensamer ek word.”

*Westerlinck (bl. 75):* „De drang naar transcendentie in het absolute . . . droeg er het zijne toe bij om de ervaring van eenzamerheid bewuster te maken . . . ”

*Anderkant die Einders (bl. 192):* „Die liefde is iets wat selfgenoegsaam in en uit homself lewe, wat deur niks van buite gevoer kan word nie en niks wat nie in homself is, kan voed nie.”

*Westerlinck (bl. 81):* „ . . . plots de zin van het eigenlijke zijn openbreekt in het angst.”

*Anderkant die Einders (bl. 32):* „Die mens swyg altyd as jy die meeste te sê het. Vanaand het hy sy verlede, sy hede en sy toekoms geleef. Op sulke oomblikke handel en dink jy nie meer nie, jy wag net af wat die tyd met jou gaan doen. Die mens se wil beweeg binne 'n groter wil. Die toekoms is angs. In die wankele ewewig van die oomblik val 'n weerligstraal in die donker nag van jou binneste. Dis 'n straal in die niet van jou bestaan, wat toon dat alle bakens wat jy vir



jou gees opstel, illusies is.

*Westerlinck* (bl. 82): „Satre ziet onze inspanningen om de ‚andere‘ te begripen als zoveel listige pogingen om hem te domineren.”

*Anderkant die Eindlers* (bl. 245): „Hierdie raaiselagtigheid, hierdie onbereikbaarheid van die goddelike wese maak dit vir hom gebiedend noodsaaklik om haar weer te sien, om haar hart te verower.” (En bl. 312): „Ten spyte daarvan het hy nog tot aan die

einde van hulle samesyn probeer om die liefdesverklaring van haar te verkry, waardeur self die heilige liefde onder sy voete vertrap sou gewees het.”

Daar is nog talryke voorbeelde wat mens sou kon aanhaal; ten slotte wil ek egter net opmerk dat „Crisis der Persoonlikheid in Moderne Europa” in baie opsigte as onbewuste kommentaar op „Anderkant die Eindlers” beskou kan word.

G. A. WATERMEYER.

## Uit die Tydskrifte

*De Gids, Mei 1952*: J. Lidmeier bespreek „Ideaal en werklikheid in die Sovjet-letterkunde” en spreek die mening uit dat die mens in die Sowjet nie so ver van ons af staan as wat ons dikwels meen nie. Die Griekse drama (veral die werk van Aiskulos, Sofokles en Euripides) word deur M. Brinkgreve bespreek onder die titel „Psychologiese Verkenningen” en in sy „Kroniek der Franse letteren” wy Pierre H. Dubois aandag aan onlangse publikasies van Paul Léautaud en André Gide. Verder word gedigte van Jan G. Elburg, Clara Eggink, Bert Voeten, C. Buddingh en M. Mok afgedruk.

*Junie 1952*: Gedigte van W. J. van der Molen, Gerrit Achterberg en Simon Vinkenoog en kortverhale deur Henr. Schuurbeque Boeye en Jaap Romijn verskyn in hierdie uitgawe. Verder behandel K. Sneijders de Vogel „De taalstryd in Zuid Frankrijk” (met besondere verwysing na Provencaals) en E. H. ter Kuile behandel „Het bestaansrecht van de historische monumenten.” In

die Poësiechroniek behandel Baarend de Goede die eerste deel van Willem de Mérode se versameelde werke.

*Standpunte, Julie 1952*: Uys Krige se vertaling van Lorca se drama „Yerma” word in hierdie aflewering voortgesit. J. L. Torres skryf in Engels oor die romanskrywer E. M. Forster en in ’n besonder interessante artikel deel M. Bax-Botha een en ander mee oor Nederlandse belangstelling in Afrikaans voor 1940. ’n Engelse vertaling van Theophile Gautier se gedig „Art” en „Skolly Song” deur P. Blum is die enigste gedigte in die nommer wat ook ’n skets, „’n Egpaar” deur M.E.R. bevat. M. Schmidt-Ihms behandel in ’n lang artikel „Rilke en die beeldende kuns” en C.J.G. beskryf op interessante wyse ’n besoek aan die Franse skrywer Albert Camus.

*De Nieuwe Taalgids, 45e jaargang, derde aflewering*: J. Kamerbeek behandel Leopold se „Oinou hena stalagmon” as ’n „ontwerp voor een interpretatie” en noem die gedig ’n wonder-



werk. Twee gedigte van Potgieter wat in 1951 in „De Gids” verskyn het, word breedvoerig behandel deur W. H. Staverman en prof. C. G. N. de Vooy's bespreek 'n vroeg-negentiende-eeuse stylleer deur ene J. C. Beyer. In die afdeling Boekbeoordelings bespreek C.d.V. 'n nuwe uitgawe van Hadewich se „Mengedichten,” versorg deur dr. J. van Mierlo S.J. en noem hierdie geleerde se uitgawes van Hadewich 'n standaardwerk.

*De Vlaamse Gids, April 1952:* 'n Uittreksel uit „De Haven,” deel III van „Mijn Woningen,” deur Raymond Brulez open hierdie nommer en word gevolg deur tien sonnette uit Ed. Hoornik se bekroonde bundel „Het Menselijk Bestaan.” Em. Langui skryf oor die onlangs gestorwe skilder Constant Permeke en J. Hoste betreur in „De lage landen in de wereldgemeenschap” die feit dat die grootmoondhede so min aandag wy aan die menings van die Benelux. Albert Westerlinck behandel die tema van die massa in die moderne literatuur deur hoofsaaklik te verwys na die Franse, Amerikaanse en Russiese letterkundes. Willem Pelemans betreur die feit dat die Vlaminge daarvoor sorg dat die komponis Peter Benoit se musiek „vruchteloos zou beperkt blijven tot een geschiedkundig tijdperk.”

*Mei 1952:* Pieter G. Bukinx beskryf op 'n besonder onderhouende wyse sy besoek aan Italië en koppel sy beskrywing aan 'n hele aantal geestig gestelde wenke aan die voorgename besoeker. A. Declercq bespreek die Korea-probleem en wys daarop dat eensgesindheid tussen die V.S.A. en Engeland noodsaaklik is vir die Westerse politiek. Skeppende

werk in hierdie nommer sluit o.a. twee gedigte van G. Achterberg in. Enkele Vlaamse publikasies oor volkskunde word bespreek deur Robert Foncke en in die „Kroniek van de Poëzie” behandel M. Rutten die werk van Jan Greshoff.

*Junie 1952:* Arthur H. Cornette skryf met gloed oor Antwerpen en in „Naar een Brits nationaal toneel” spreek A. H. Tandy, die mening uit dat die Engelse owerhede en volk nooit juis veel belangstelling in die drama getoon het nie. Die negervraagstuk in die V.S.A. word behandel deur Willy de Clerq wat die negers baie simpatiekgesind is. In 'n opstel oor „Louis Couperus en de Grieks-Romeinse oudheid” betreur Theo Bogaerts jr. die feit dat die invloed van die klassieke op Couperus nog nie genoegsaam ondersoek is nie. Jos van der Steen behandel die Amerikaanse prosa-skrywer Erskine Caldwell wat hy beskryf as „een eerlijk man, een groot stylist, een geniaal schrijver.” Weereens lewer Gerrit Achterberg twee gedigte tot die inhoud.

*Koers, Junie 1952:* Wyle prof. J. P. van der Merwe word gedenk deur dr. W. N. Coetzee en prof. D. J. Viljoen se Potchefstroomse irtreede, „Die objek van die bedryfseksonomie” word in sy geheel oorgedruk. Verder sluit die uitgawe ook die toespraak van die sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap, mnr. H. S. van der Walt, by geleentheid van die Potchefstroomse universiteit se eerste gradedag, en 'n beskouing van prof. J. Chr. Coetzee oor „Die Transvaalse Onderwysordonnansie en Private skole” in. Prof. S. du Toit bespreek wêreldgebeure en prof. J. C. Coetzee vestig die

aandag op 'n pasverskene kwar-  
taalblad van die Rooms-Katolieke  
Afrikanersentrum.

*Dietsche Warande en Belfort, April-Mei 1952:* Dirk Benedic behandel die werk van die Russiese skrywer Ilja Ehrenburg en beskryf hom as 'n „talentriek op-  
roerling die . . . steeds dichter zal  
staan bij ,nitsjevo,' het deugt niet,  
dan wel bij ,chorosjo,' 't is goed  
zo." Dr. N. M. Wildiers bespreek  
Putrim Sorokin se boek „De  
Crisis onzer Eeuw." Wat die he-  
dendaagse wêreld, volgens Soro-  
kin, nodig het, is mense soos  
Albert Schweitzer en Gandhi wat  
op onselfsugtige wyse sy mede-  
mens dien. Die werk van die skil-  
der Rik Slabbinck word uitvoerig  
bespreek deur Jozef Muls. Op  
geestige wyse skryf „drie dood-  
gravers" grafskrifte vir bekende  
Vlaamse letterkundiges. Tipies is  
die volgende oor Herman Teir-  
linck:

„Ay mij, ay Elckerlyc!

Ook ik! De President! Ook  
ik!"

*Junie 1952:* Die Franse skrywer  
Albert Camus word behandel  
deur Charles Moeller. Die opstel  
sal voortgesit word. Dr. Theo  
Luykx bespreek die instelling van  
die perswetenskap as universi-  
teitsvak. Die geweldige rol wat  
die pers in die hedendaagse same-

lewing speel, regverdig vir hom  
so 'n stap en hy skenk ook aan-  
dag aan 'n moontlike leerplan. 'n  
Minderbelangrike skrywer uit die  
negentiende eeu, Eugeen Zetter-  
nam, word op die voorgrond ge-  
bring deur J. van den Broeck.  
Rob. Antonissen behandel Suid-  
Afrikaanse tydskrifte en toneel  
en beskryf *Tydskrif vir Letter-  
kunde* as 'n „meer lokaal getinte  
tydskrift" terwyl „Standpunte"  
onverswak 'n „Europees peil"  
sou handhaaf. Hy skryf ook oor  
die dramatiese werk van Uys  
Krige, W. A. de Klerk en G. J.  
Beukes. Herodes, uit „Salome  
Dans!" van Beukes heet 'n „me-  
lodramatiese mislukking." Ook  
„Vlamme oor la Roche" van De  
Klerk het misluk. Edmund Wil-  
son se pasverskene „Classics and  
Commercials" word deur Maurits  
Engelborghs besonder ongunstig  
vergelyk met T. S. Eliot se her-  
drukte „Selected Essays" waar-  
van hy sê dat „ze voor een groot  
deel het poëtisch klimaat van  
Engeland én Amerika tussen de  
twee wereldoorlogen hebben be-  
paald." Jos van der Steen skryf  
oor die Amerikaanse roman in  
1951 en oordeel minder gunstig  
oor William Faulkner se jongste  
werk, „Requiem for a Nun."

J. J. HUMAN.

# Nuwe Afrikaanse Boeke

JUNIE — AUGUSTUS 1952

Saamgestel deur P. J. Nienaber.

## BIBLIOGRAFIE

COETZEE, Nico S., en COETZEE, L. C. W. Suid-Afrikaanse katalogus, half-eeu-uitgawe/S.A. Catalogue, half century edition; twee dele. Johannesburg, S.A. Katalogus, bus 1161, 1950/1952. 622 bl. 9½ x 7½. karton. 100/-.

## DRAMA

KLERK, W. A. de. Die jaar van die vuur-os. Kaapstad, Nasionale boekhandel, s.j. [1952]. 99 bl. 8½ x 5½. pap.

## POËSIE

HEERDEN, Ernst van. Die bevryding. Kaapstad, A. A. Balkema, 1952. 34 bl. 7½ x 4½. 10/-.

## ROMANS EN VERHALE

BENNETT, Benjamin. Die galgtou wag. Johannesburg, Dagbreek-boekhandel, 1952. 216 bl. 7½ x 4½. 10/6 (11/-).

BEUKES, Dricky. Altyd jou eie. Johannesburg, Dagbreek-boekhandel, 1952. 179 bl. 7½ x 5. 11/-.

—. Langs 'n ompad. Pretoria, Keurbiblioteek, 1952. 212 bl. 7½ x 5. 8/6 (vir lede 6/6).

BRITS, Sarie. Oes van die skepping. Johannesburg, Van Riebeeck-biblioteekskema, 1951. 225 bl. 7½ x 5½. 9/6.

CONRADIE, Ben. En nou, waarheen verder . . . ? Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 169 bl. 7½ x 4½. 9/6.

DREYER, Frans. Gewone mense. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 81 bl. 7½ x 4½. pap. („Leesgenotreeks," nr. 48). 1/6 (1/7).

DUMINY, Francois. Die groter erfenis. Kaapstad, Nasionale boekhandel, s.j. [1952]. 203 bl. 7½ x 5½. (O.E.B. VII, nr. 1). 11/- (11/6).

ELBRECHT, Alta. Waters waar rus is. Johannesburg, Voortrekpers, 1952. 244 bl. 7 x 4½. karton. 12/6 (13/-).

ELOFF, Dirk. Wind in my seile. Johannesburg, Dagbreek-boekhandel, 1952. 207 bl. 7½ x 5. 10/- (10/6).

GOEDHART, Dr. So teer die lente; geïllustreer deur Ely Holm. Bloemfontein, Nasionale pers, drukkers, s.j. [1951]. 193 bl. illus. 8½ x 5½. 9/6.

HARTMAN, Wim. Die vyfde kleinkind. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 1952. 207 bl. 7½ x 4½. 10/6.

HENDRIKS, Hermie. Bergwind. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, Waalstraat 25, 1952. 216 bl. 7½ x 5. 10/6.

—. Elda sny spoor. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 80 bl. 7½ x 4½. pap. („Leesgenotreeks," nr. 47).

LAMPEN, G. Gelouterde liefde. Pretoria, Keurbiblioteek, 1952. 239 bl. 7½ x 4½. 8/- (vir lede 5/9).

—. 'n Kinkel in die kabel. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 200 bl. 7½ x 4½. 9/6.

LOMBARD, Thilda. Geleende liefde. Kaapstad, Nasionale boekhandel, s.j. [1952]. 197 bl. 7½ x 5½. (O.E.B. VII, 3). 11/-.

MARAIS, Casper H. Mank Mannetjie: 'n spokery oor bene. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 161 bl. 6½ x 4½. pap. („Mank Mannetjietreeks," nr. 6).

MERWE, F. P. van der. Anderkant die einders. Johannesburg, Impala opvoedkundige diens, 1952. 314 bl. 7½ x 4½.

MERWE, H. A. van der. Aan 'n God van gister. Boksburg, Boksburg-boekhandel, s.j. [1952]. 190 bl. 7½ x 4½. 10/9.

—. Die hoogste hosanna. Boksburg, Boksburg-boekhandel, 1951. 241 bl. 7½ x 5. 11/-.

NEL, Herman F. B. „Ek sal vergeld." Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 191 bl. 7½ x 5. 9/6.

PAULA. Skaduwees oor Uitsig. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 245 bl. 7½ x 5. (Moresterbiblioteek nr. 69). 11/- (11/6).

PIENAAR, Ernest. Graf in die skag. Johannesburg, Dagbreek-boekhandel, 1952. 220 bl. 7½ x 4½. 10/6 (11/-).

PIENAAR, T. C. Twee paaië. Johannesburg, Voortrekpers, 1952. 324 bl. 7 x 5. karton. 12/6 (13/-).

PISTORIUS, P. V. Die Odyssee van Homeros. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 117 bl. 7½ x 5. 9/-.

RENSBURG, Elizabeth van. Die tweede eggenoot. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 1952. 224 bl. 7½ x 4½. karton. 10/6.

ROMPEL, H. Kuiergas op Sluimerlaagte. Johannesburg, Voortrekpers, 1952. 225 bl. 7 x 5. 10/- (10/6).

ROUX, Braam le. Hoonlag van die duivel. Johannesburg, Goëie hoop-uitgewers, 1952. 217 bl. 7½ x 5. 10/6.

- , Oë in die muur. Johannesburg. Goeie hoop-uitgewers, s.j. [1952]. 230 bl. 7½ x 5. pap. 6/6.
- STEYN, Gerhard. Skaduwee van gister. Kaapstad, Nasionale boekhandel, s.j. [1952]. 201 bl. 7½ x 5½. (O.E.B. VII, 2).
- STRAUSS, Coenrad. Die geheim van die ringborste. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 78 bl. 7 x 4½. pap. („Leesgenot-reeks,” nr. 45). 1/6.
- SWANEPOEL, Elise. Lied in die wind . . . Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 144 bl. 7½ x 5. 9/-.
- TOIT, Nada du. Zenobia. Johannesburg. Goeie hoop-uitgewers, 1952. 224 bl. 7½ x 5. 10/6.
- TOIT, Tryna du. Ou liefde. Johannesburg. Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 74 bl. 7 x 4½. pap. („Leesgenot-reeks,” nr. 42). 1/6 (1/7).
- VILLIERS, Anna de. Purper daeraad. Johannesburg, Dagbreek-boekhandel, 1952. 251 bl. 7½ x 5. 11/- (11/6).
- WEBER, Elizabeth. Die hart van 'n vrou. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 68 bl. 7½ x 4½. pap. („Leesgenot-reeks,” nr. 41). 1/6.
- ZEEU, P. de. Teen rooifdiër en barbaar; vertaal deur Phil Olivier. Kaapstad, N.G. Kerkuitgewers van S.A., s.j. [1952]. 171 bl. 7½ x 5. 9/9.
- ### KINDERBOEKE
- AKKERHUYLS, Marie. Karien met die goue vlegsels. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 24 bl. 7½ x 4½. pap. („Sonstraal-storieboekies,” nr. 97). 1/6.
- , Suinige Seef. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 14 bl. 7½ x 4½. pap. („Sonstraal-storieboekies,” nr. 107). 1/3.
- BAUMBACH, Ruth. Die ysterdoodkis. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 29 bl. 7½ x 4½. pap. („Sonstraal-storieboekies,” nr. 103). 1/6.
- BOSMAN, J. M. Gediggies vir die jongspan. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 24 bl. 7½ x 4½. pap. („Sonstraal-storieboekies,” nr. 108). 1/6.
- COETZEE, M. B., *en ander*. Kom ons bou dit self. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 95 bl. illus. 8½ x 5½. slap linne. („Ons stokperdjie-reeks,” nr. 11).
- CRONJE, Thea. Lekkerlag verhaaltjie. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 56 bl. illus. 7½ x 4½. pap. („Sonstraal-storieboekies,” nr. 106). 2/6.
- GREY, Zane. Donderberg; vertaal deur Willem van der Berg. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 227 bl. 7½ x 4½. 11/-.
- , Rower-skulling; vertaal deur Willem van der Berg. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 274 bl. 7½ x 4½. („Zane Grey-reeks,” nr. 5).
- , Die vallei van wilde perde; vertaal deur Willem van der Berg. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 245 bl. 7½ x 5. („Zane Grey-reeks,” nr. 6). 10/6.
- HASIE Repel en sy avontuur met die rooijakkalse; vertaal deur dr. J. A. Verhage. Kaapstad, Maskew Miller, 1952. 28 bl. gekl. illus. 10½ x 8½. karton.
- HUGO, Joan. Kleuterklankies; versies vir die grade en std. I. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 31 bl. illus. 7½ x 4½. pap. („Sonstraal-storieboekies,” nr. 101). 1/6.
- MALAN, Rina. Die stroopdief en ander gediggies. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 23 bl. 7½ x 4½. pap. („Sonstraal-storieboekies,” nr. 84).
- MALTYB, P. Bennie en Bettie en die appelboom. Johannesburg, *verkrygbaar* C.N.A., s.j. [1951]. 16 bl. gekl. illus. 14½ x 9½. pap. 2/6.
- MARILENA, Die kwikkies. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 6 bl. illus. 8½ x 6½. pap. („Excelsiorboekies,” I, 3). 2/-.
- NIENABER, C. J. M. Gaan was jou. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 16 bl. 7½ x 4½. pap. („Sonstraal-storieboekies,” nr. 99). 1/3.
- ODENDAAL, A. Vyf kort storiëtjies. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 32 bl. illus. 7½ x 4½. pap. 7½ x 4½. pap. („Sonstraal-storieboekies,” nr. 102).
- OOSTHUYSEN, Helene. Sprokies uit Pondoland. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 67 bl. 7½ x 4½. pap. („Sonstraal-storieboekies,” nr. 105). 2/- (2/3).
- PALMER, Margaret, *en* HALBERSTADT, Antoinet. Die vreemdeling. Pretoria, J. L. van Schaik, 1952. 37 bl. gekl. illus. 8½ x 9. karton. 7/-.
- PAUW, Willie de. Hans en Grietjie. Pretoria, Boekhandel Doussy, Kerkstraat-wes 444, s.j. [1952]. 27 bl. gekl. illus. 9½ x 6½. karton. 6/9.
- PREEZ, Marie du. Die stout vuurvlegie, illustrasies deur Grethe Schonken. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 28 bl. illus. 9½ x 7½. pap.
- RIETDIJK, Dieneke. In die land van die bye; vertaal deur dr. J. A. Verhage. Kaapstad, Maskew Miller, s.j. [1952]. 30 bl. gekl. illus. 7½ x 5. karton.
- , Skoenlapper Ponkolletjie; vertaal deur dr. J. A. Verhage. Kaapstad, Maskew Miller, s.j. [1952]. 31 bl. gekl. illus. 7½ x 5. karton.
- RUITER, E. H. W. de, *red.* Avonture van oom Dael. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 60 bl. illus. 8½ x 5½. slap linne. („Excelsiorboekies,” IV, nr. 9).
- , Avontuur by Zimbabwe. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 37 bl. illus. 8½ x 5½. slap linne. („Excelsiorboekies,” VI, nr. 12).

- Hoe word ons regeer? Johannesburg. Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 64 bl. illus. 8½ x 5½. pap. („Excelsiorboekies” VI, nr. 4).
- Oggie die Agie. Johannesburg. Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 11 bl. illus. 8½ x 6½. pap. („Excelsiorboekies” II, 8).
- Die oulike muisies. Johannesburg. Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 13 bl. illus. 8½ x 6½. pap. („Excelsiorboekies” II, 1).
- Die skoenlapper en die mot. Johannesburg. Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 6 bl. illus. 8½ x 6½. pap. („Excelsiorboekies” I, 5). 2/1.
- SMITH, Topsy. Trompie, die sterk seun. Johannesburg. Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 155 bl. 7½ x 5. („Trompie-reeks,” nr. 7).
- Trompie die groot minnaar. Johannesburg. Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 167 bl. 7½ x 4½. („Trompie-reeks,” nr. 8). 8/-.
- SOMERTON, Alice. Paultjie loop weg van sy huis; vertaal deur dr. D. R. Snyman. Bloemfontein, Sondagskoolboekhandel, s.j. [1951]. 158 bl. 7 x 4½. pap. 4/9.
- SPENCE, Ela. Vrolike verhaaltjies. Johannesburg. Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 40 bl. 7½ x 4½. pap. („Sonstraal-storieboekies,” nr. 95). 1/3.
- TANNIE TOM, Marietjie se wenshandskoentjies. Johannesburg. Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 39 bl. 7½ x 4½. pap. („Sonstraal-storieboekies,” nr. 94). 1/6.
- LETTERKUNDE**
- VILJOEN, Vera E. My liefing-skrywers. Johannesburg. Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 61 bl. illus. 8½ x 6½. slap linne. („Excelsiorboekies” VI, 3). 5/-.
- SKONE KUNSTE**
- BREMER, Jeanette. Blommerangskikkings, ruikers en kranse. Kaapstad, Maskew Miller, s.j. [1952]. 71, [94] bl. gekl. illus. 9½ x 7½. 30/-.
- WESSELS, Veronica. Tuin-ontwerp; fotografie deur John de Villiers. Kaapstad, Maskew Miller, s.j. [1952]. 131 bl. illus. 9½ x 7½. 27/6.
- MUSIEK**
- CARSTENS, Nico, en WAAL, Anton de. „Boetie! Boetie!” Johannesburg. Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.72).
- Die brommerige bytjie. Johannesburg. Trutone Afrika, 1951. 1 bl. 13½ x 8. pap. (P.K.70).
- Daar's 'n wind wat waai. Johannesburg. Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.82).
- Diena. Johannesburg. Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.84).
- Einal Johannesburg. Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.74).
- Manuel. Johannesburg. Trutone Afrika, 1951. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.57).
- Mieliepap. Johannesburg. Trutone Afrika, 1951. [2] bl. 11½ x 8½. pap. (M.P.54). 2/-.
- Mieliepap. Johannesburg. Trutone Afrika, 1951. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.68).
- Miskien. Johannesburg. Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.73).
- Na aan my hart. Johannesburg. Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.79).
- O liewe tyd. Johannesburg. Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.71).
- Paddatjie. Johannesburg. Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.77).
- Riksja booi. Johannesburg. Trutone Afrika, 1952. [2] bl. 11½ x 8½. pap. (M.P.55). 2/-.
- Rose en drome. Johannesburg. Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.80).
- Die skollie boys van Gymplestraat. Johannesburg. Trutone Afrika, bus 9299, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.75).
- Susanna van Saldanha. Johannesburg. Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.78).
- CARSTENS, Nico, WAAL, Anton de, en HOFMEYER, Human. Hou die blinkkant bo! Johannesburg. Trutone Afrika, 1952 [2] bl. 11½ x 8½. pap. (M.P.56). 2/-.
- CARSTENS, Nico, WAAL, Anton de, en SCHOLTZ, Idee J. 'n Ding is 'n lekker ding. Johannesburg. Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.86).
- COBB, Harold. Daar onder by die koelstal; woorde deur Pietie van der Byl. Johannesburg. Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.76).
- DELIBES, Leo. Die tortelduif wals; nuwe verwerking en woorde deur Nico Carstens en Anton de Waal. Johannesburg. Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.91).
- JOOSTE, Adèle. Van musiek en musiekante. Johannesburg. Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 216 bl. illus. bibl. 8½ x 5½. 12/6.
- LOUBSER, Elize. Byt vissie byt. Johannesburg. Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.85).
- PIENAAR, P. de V. Opera en sanger. Johannesburg. Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 115 bl. illus. 8½ x 5½. 12/-.
- ROERING, Tommy. Wawiel wals. Johannesburg. Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.67).
- ROSAS, Juventino. Die rooi rose wals; verwerking en woorde deur Nico Carstens en Anton de Waal. Johannesburg. Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.87).



SEGAL, Charles en WAAL, Anton de. Eensaam. Johannesburg. Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.81).

SHAPER, Harold, en WAAL, Anton de. Altyd myne. Johannesburg, Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.83).

### GODSDIENS

BERG, A. van den. Gods stem op die berge. Kenilworth, Sentinel uitgewersmaatskappy, s.j. [1952?]. 80 bl. 7½ x 5½. pap.

ENGELBRECHT, dr. S. P. Die Kaapse predikante van die sewentigste en agtiende eeu. Kaapstad en Pretoria, H.A.U.M., en J. H. de Bussy, 1952. 100 bl. illus. 9½ x 6½. pap.

HANEKOM, dr. T. N., red. Ons Nederduitse gereformeerde kerk: gedenkboek by ons derde eeufees 1952. Kaapstad, N.G. kerk-uitgewers, 1952. vi, 383 bl. illus. 10½ x 7½.

HOWELL, Emma E. Die groot adventbeweging; vertaal deur H. en F. von Hörsten. Kenilworth, Sentinel uitgewersmaatskappy, s.j. [1952?]. 288 bl. 7½ x 5½. pap.

KEMPIS, Thomas A. Die navolging van Christus; vertaal deur dr. A. S. Geysler. Kaapstad en Pretoria, H.A.U.M., en J. H. de Bussy, 1952. xx, 256 bl. illus. 7½ x 5½.

KLERK, dr. P. J. S. de. Woorde en dade van Jesus. Pretoria, J. S. van Schaik, 1951. 197 bl. bibl. 9 x 6½. karton. 15/-.

LOUBSER, ds. W. B. Een ding is nodig. Bloemfontein, Sondagskoolboekhandel, s.j. [1952]. 7 bl. 7½ x 4½. pap.

MARAIS, dr. Ben. 'n Groet op die pad: oordenkings vir een-en-dertig dae. Kaapstad, N.G. kerk-uitgewers, s.j. [1952]. 71 bl. 8½ x 5½. 9/6.

MENTZ, ds. J. F. Die profeet Jona. Bloemfontein, Sondagskoolboekhandel, s.j. [1952]. 67 bl. 7½ x 4½. pap.

PELLISSIER, dr. G. M. Huisbesoek: 'n handleiding vir ouderlinge. Kaapstad, N.G. kerk-uitgewers, s.j. [1952]. 92 bl. 7¼ x 4½. 7/6.

SCHUSTER, dr. J. Bybel-geskiedenis vir skool en huis; vertaal deur eerw. J. Rosner. Riversdal, Pallotti pers, s.j. [1951]. 272 bl. illus. 7½ x 5½.

SMIT, ds. A. P. Die Abraham Kriekinderhuis vier sy jubeltees 1902-1952. Langlaagte, Hoofbestuur Abraham Kriekinderhuis, 1952. vi, 197 bl. illus. bibl. 8½ x 5½.

STRATEN, M. J. van. Ja God hoor die gebed. Bloemfontein, N.G. sendingpers, bus 1004. s.j. [1952]. 324 bl. 6½ x 4½. pap. 6/- pv.

THERON, ds. H. S. Die kerklike byekor: die ontstaan, werksaamhede en organisasie van 'n gemeente. Kaapstad, N.G. kerkuitgewers, s.j. [1952]. 132 bl. 7½ x 4½. („Kerk en volk-reeks," nr. 8). 9/6.

TONDER, ds. R. J. N. van. Die ouderling, sy amp en roeping. Kaapstad, N.G. kerk-uitgewers, s.j. [1952]. 19 bl. 7½ x 4½. pap. 1/9.

VILLIERS, H. T. de. Soos sy meester. Kaapstad, A.E.B.-boekhandel, s.j. [1951?]. 64 bl. 6½ x 4½. pap. 2/-.

WET, dr. C. J. H. de. Wagter, hoe laat is dit? Ventersdorp, die Skrywer, Die Oog, s.j. [1951]. 32 bl. 7½ x 5½. pap. 2/6.

WHITE, Ellen G. Die koning van die eue; vertaal deur J. L. Milford. Kenilworth, Sentinel-uitgewersmaatskappy, s.j. [1952?]. 886 bl. illus. 8½ x 6.

### ONDERWYS

VENTER, dr. E. A. Die metodiek van Afrikaans. Potchefstroom, Die westelike stem, drukkers, 1951. 147 bl. 8½ x 5½. 10/-.

### GESKIEDENIS

BÖESEKEN, dr. A. J., KRÜGER, dr. D. W., en KIESER, dr. A. Drie eeue: die verhaal van ons vaderland, deel III. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1952. 250 bl. illus. 9½ x 6½.

BOTHA, dr. C. Graham. 300 years—jaar—ons—jaren. Johannesburg, Cilliers de Wet publishing Co., 1952. 60, LXXX bl. gekl. illus. 11½ x 9½. pap. 12/6.

### SIELKUNDE

CARNEGIE, Dale. Hoe om vriende te maak en mense te beïnvloed; vertaal deur E. van der Walt. Roodepoort, Baanbreker-uitgewers, s.j. [1952]. 266 bl. 7½ x 5. 15/6.

— Hou op kwel en begin lewe; vertaal deur Timo Kriel. Roodepoort, Baanbreker-uitgewers, bus 132, s.j. [1952]. 299 bl. 7½ x 5. 15/6.

HELPEINDE hand, Die. Terug na geluk. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 259 bl. 7½ x 5. 12/-.

### REGSWETENSKAP

JOUBERT, dr. C. P. Die stigting in die Romeins-Hollandse reg en die Suid-Afrikaanse reg. 's-Gravenhage, uitgeverij Excelsior, 1951. 245 bl. bibl. 9½ x 6½. pap. 21/-.

### KOOKKUNS

BARNARD, E., red. Outydse reseppies-Old-time recipes. Kaapstad, Maskew Miller, s.j. [1952]. 64, 64 bl. illus. 8½ x 5½. 12/6.

Gedruk deur

Die Afrikaanse Pers, Beperk, Aucklandpark, Johannesburg









